Die dag toe

JESUS JA GESÊ HET

978-1-4316-1574-2_TOETS.indd 1 3/30/2016 12:19:42 PM

978-1-4316-1574-2_TOETS.indd 2 3/29/2016 10:23:30 AM

Die dag toe JESUS JA GESÊ HET

STEPHAN JOUBERT

CHRISTELIKE
UITGEWERSMAATSKAPPY
Uitgewer van hoogstaande publikasies

978-1-4316-1574-2_TOETS.indd 3 3/30/2016 12:19:44 PM

Uitgegee deur Christelike Uitgewersmaatskappy
Posbus 1599, Vereeniging, 1930

© 2016
Eerste uitgawe 2016

Buiteblad ontwerp deur Christelike Uitgewersmaatskappy

Foto's/Grafika gelisensieer deur Shutterstock.com

Skrifaanhalings uit *Die Boodskap* © 2006 Christelike Uitgewersmaatskappy, tensy anders vermeld

Geset in 12 op 15 pt Palatino LT Std deur Christelike Uitgewersmaatskappy

Gedruk in China

ISBN 978-1-4316-1574-2

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer word op enige manier, meganies of elektronies, insluitende laserskyf- of bandopnames en fotokopiëring, sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie, behalwe redelike aanhalings vir navorsings- en resensiedoeleindes.

16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 – 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1: Saam met Markus by Jesus se Rubicon 7

Hoofstuk 2: Wie is Jesus regtig? 24

Hoofstuk 3: Bly eers stil oor Jesus … 40

Hoofstuk 4: Was ek in Jesus se gedagtes toe Hy daardie dag ja gesê het? 61

Hoofstuk 5: Die son begin sak oor Jerusalem 81

Hoofstuk 6: "Death by meeting:" Golgota 103

Hoofstuk 7: Die kruis is kaal, die graf is leeg en die hemel vol 121

Bronnelys 135

Hoofstuk 1

Saam met Markus by Jesus se Rubicon

Daardie PNR, daardie Rubicon

> To see the Rubicon without crossing it is the difference between a tourist and an adventurer.[1]

PNR staan vir "point of no return". In die lugvaartbedryf verwys vlieëniers hierna as "the radius of action formula". Dit is 'n tegniese term wat verwys na daardie punt tydens 'n vlug wanneer 'n vliegtuig nie meer genoeg brandstof het om terug te keer na die lughawe waar dit opgestyg het nie. Ek het iewers gelees dat dapper vlieëniers tydens die Tweede Wêreldoorlog dikwels ge-PNR het. Hulle het verby die halfpadmerk op hulle vliegtuie se brandstofmeters gevlieg om hulle aanvalle te loods, of om voorrade af te gooi.

1 Die aanhalings by die opskrifte deur die loop van die boek kom vanaf @stephanjoubert op Twitter.

Van grense oorsteek gepraat, een van die bekendstes moet dié van Julius Caesar wees wat op 10 Januarie in die jaar 49 voor Christus die Rubicon saam met sy Romeinse troepe oorgesteek het. Die Rubicon was 'n rivier wat 'n Romeinse provinsie met die vreemde naam Sisalpynse Gallië van Italië geskei het. Plaaslike goewerneurs of magistrate, soos wat Caesar op daardie stadium was, het destyds slegs mag gehad binne die provinsies waaroor hulle aangestel was. Hierdie bevoegdheid, bekend as *imperium*, kon nie in Italië of in Rome, die hoofstad van die Romeinse Ryk, uitgeoefen word nie. Daarom is die meeste Romeinse magistrate nooit toegelaat om met hulle troepe Italië binne te marsjeer nie. So iets was gelykstaande aan hoogverraad. Dit het die magistraat en sy soldate se lewens op die spel geplaas.

Julius Caesar en sy legioen, genaamd *Legio XIII Gemina*, het dit gewaag om die Rubicon oor te steek. Hulle was op pad na Rome toe. Volgens die Romeinse geskiedskrywer Suetonius, wat hierdie gebeure beskryf, sou Caesar toe sy bekende woorde *alea iacta est* (die gietvorm is gegiet) gesê het. Hierdie daad was sy PNR, sy "point of no return". Dit was óf dood óf lewe wat nou in Rome op Caesar gewag het.

Invloedryke lede van die Romeinse senaat wat van Julius Caesar se opmars gehoor het, het dadelik uit Rome gevlug. Kort voor lank het Caesar alleen oor die Romeinse Ryk regeer en groot hervormings deurgevoer totdat hy in 44 vC deur Brutus vermoor is. Onder sy bewind is Rome hervorm tot 'n keiserryk wat tegnies begin het met Julius se opvolger en aangenome kind, Octavianus (beter bekend as keiser Augustus).

Of dit nou 'n PNR-oomblik is, soos wat vlieëniers beleef, en of dit 'n Rubicon-oorsteek-ervaring is, soos dié van Julius Caesar – elke persoon wat die wêreld onherroeplik verander het, het iewers 'n punt van geen omkeer beleef:

- Die apostel Paulus het sy Rubicon oorgesteek daardie dag

naby Damaskus toe Jesus aan hom verskyn het. Van toe af was alles anders, soveel so dat Paulus jare later vir die Filippense kon skryf: "Vir my is om te leef Christus en die dood 'n wins!" (1:21).

- Martin Luther se Rubicon het op 31 Oktober 1517 by die kerkdeur van Wittenberg aangebreek toe hy sy 95 stellings daar vasgeslaan het. As gevolg van sy hervormings wat hierna die hele wêreld omgekeer het, is Luther aan die begin van die jaar 2000 as die derde mees invloedryke persoon van die tweede millennium aangewys.
- Die Poolse priester Maximilian Kolbe se Rubicon-oorsteekdag was iewers aan die begin van Augustus 1941 in die doodskamp Auschwitz. Toe dit gelyk het asof gevangenes uit die kamp ontsnap het, is tien ander Joodse gevangenes willekeurig uitgekies om uitgehonger te word en te sterf. Franciszek Gajowniczek was een van hulle. Hy het dadelik om genade begin smeek omdat hy 'n vrou en kinders gehad het. Toe Maximilian Kolbe (een van die min Christene wat in Auschwitz was omdat hy baie Jode in sy klooster versteek het) hierdie arme man se pleitroepe hoor, het hy aangebied om sy plek in te neem. Kolbe het op 14 Augustus 1941 gesterf nadat suur in sy are gespuit is.
- Nelson Mandela se punt van geen omkeer was toe hy gekies het vir 'n lewe van tronkstraf ter wille van die vryheid van miljoene mense. Hy is in 1990 ná 27 jaar in die tronk vrygelaat, en was 'n wêreldwye simbool van vergifnis, versoening en integriteit.
- Rosa Parks se Rubicon was op 1 Desember 1955 in Montgomery in die staat Alabama toe sy geweier het om die busbestuurder James F. Blake te gehoorsaam wat haar beveel het om haar sitplek aan 'n wit passasier af te staan. Haar daad was een van die beslissende gebeurtenisse om 'n einde te maak aan gedwonge rasseskeiding in die VSA.
- Vir Desmond Tutu het die punt van geen omkeer op 'n dag

in sy kinderjare aangebreek in die woonbuurt Sophiatown. Toe hy die Nobelprys vir vrede in 1984 ontvang het, het hy tydens sy oorhandigingstoespraak vertel hoe een spesifieke gebeurtenis 'n onuitwisbare indruk op sy lewe gemaak het. Trevor Huddleston, 'n Anglikaanse priester, het op 'n dag by Desmond en sy ma verbygestap en uit respek sy hoed gelig en Desmond se ma hoflik gegroet. *"I couldn't believe my eyes – a white man who greeted a black working class woman in school,"* het hy gesê. Hierdie een gebaar van deernis het vir Tutu geleer dat nederige geloof in Christus alle grense tussen mense uit die weg ruim. Daar is die saad geplant vir sy eie lewenslange roete van versoening tussen mense.

Die belangrikste Rubicon is toe nie Caesar s'n nie

> Christ believes in us more than we believe in Him.

Julius Caesar se Rubicon was egter nie die belangrikste een in die geskiedenis van die mensdom nie. Die grootste Rubicon ooit wat oorgesteek moes word, sou 'n paar jaar later plaasvind in 'n tuin genaamd Getsemane. Volgens Johannes 18:1 was hierdie tuin naby die Kedronvallei geleë aan die oostekant van Jerusalem. In daardie tyd het dit die Olyfberg van die tempelgedeelte geskei. Op 'n Donderdagnag in die jaar 30 was Getsemane Jesus se plek van beslissing. Dit was sy moment van ja sê of nee sê.

Daar tussen die olyfbome moes Jesus die keuse van alle keuses maak. Al wat in daardie oomblikke vir Hom oorgebly het, was een van twee roetes: vorentoe of agtertoe, aanhou of omdraai. Dit was óf die doodsvallei óf sy eie veiligheid. Getsemane se keuse was eers 'n kruis, dan 'n kroon. Of slegs 'n kroon

sonder 'n kruis … maar dan sonder die redding van miljarde mense. Dit was die enigste twee opsies wat Jesus in daardie donker oomblikke gehad het.

In die Tuin van Getsemane is die grootste veldslag ooit in die geskiedenis beslis nog voordat dit finaal aan die kruis beslis is. Daar, te midde van 'n paar slapende dissipels en stil olyfbome, moes Jesus God se moeilike pad aanvaar. Daar moes die Seun van God kies of Hy enduit sou staan by sy vroeëre aankondigings dat Hy deur die godsdienstige leiers oorgelewer sou word aan die Romeine om in Jerusalem vermoor te word.

Sedert Petrus vroeër in Sesarea-Filippi in Noord-Galilea bely het Jesus is die Christus, het Hy 'n paar keer gesê sy roete sou een van lyding en dood wees. Markus, ons amptelike reisgids deur die loop van hierdie boek, deel hierdie uitsprake met ons in hoofstuk 8:31-32; 9:31-32 en 10:33-34 van sy Evangelie. Sou Jesus hierdie uitsprake in Getsemane gestand doen, noudat woorde en harde realiteite mekaar in die oog staar? Die uur het aangebreek.

Toe kies Jesus … Toe sê Hy presies die regte woord: Ja!

Getsemane is Jesus se groot ja-sê. In Getsemane het Jesus gekies dat die beker van swaarkry nie by Hom verbygaan nie. Daar het Hy besluit om dit enduit te ledig. Daar het Hy reeds die eerste sluk geneem. Daar het Hy gekies om nie net 'n toeris hier op aarde te wees nie, maar die Een wat die grootste Rubicon ooit in die geskiedenis oorgesteek het.

Om vir God se pad ja te sê, is nie 'n grap nie – selfs vandag nog. Sommige mense sê om binne God se wil te wees, is die veiligste plek op aarde. Miskien nie. Dalk is dit juis die gevaarlikste plek om te wees; buite alle geriefsones en enige voorspelbare uitkomste. Nogtans is dit die beste plek ooit, want in hierdie heilige spasie ontvou God se goedheid. Hier openbaar Hy sy heerlikheid. Hier is sy nabyheid voelbaar te midde van die storms en die onweerswolke. Hier stap Hy saam deur die rivier. Hier is Hy saam in die chaos en onsekerheid,

soos wat Jesus beleef wanneer Hy in Getsemane ja sê.

Sluit asseblief saam met my aan by die groot verhaal van Jesus se ja-sê. Markus is ons reisgids. Hy gaan ons wys hoe om op die hakke van Jesus te volg. Hy gaan ons wys wat dit van Jesus gevra het om daardie nag ja te sê. Loop asseblief naby genoeg aan Jesus sodat die stof van sy voete ook op jou spat. Loop so naby dat jy die kruis van Golgota se gewig op jou eie skouers begin voel.

Maar dan moet ons eers vir Markus van naderby leer ken …

Die eerste kaalnaeler in die kerkgeskiedenis

> The truth is like a lion; you don't have to defend it. Let it loose; it will defend itself.
>
> ~ Augustinus

Hierdie is nie 'n rekord wat mense graag agter hulle naam geskryf wil hê nie – dit is nou om bekend te staan as die eerste kaalnaeler in die kerkgeskiedenis. Nee, dit is nie 'n grap nie. Daar is regtig so iemand. Jy lees van hom in Markus 14:51-52. Toe Judas Iskariot vir Jesus in Getsemane met 'n soen verraai het, was daar 'n jongman op die toneel wat homself letterlik uit sy klere gehardloop het toe hulle hom ook wou arresteer. Dit was volgens oorlewering moontlik Markus, die skrywer van die Markusevangelie.

Dalk was dit ook Markus wat vroeër daardie middag in hoofstuk 14:13 'n kruik water gedra het na die vertrek waar Jesus saam met sy dissipels die Paasmaaltyd geëet het. Dan was hy aanwesig by hierdie ete waar Jesus die nagmaal ingestel het. Later daardie aand het Markus ook saam met Jesus en die dissipels na die Olyfberg gestap (14:26). Dit verduidelik sy teenwoordigheid saam met die dissipels toe Jesus in Getsemane gevange geneem is.

Markus het daardie aand nie die moed gehad om enduit aan Jesus se sy te bly nie. Petrus se leë belofte dat hy Jesus nie in die steek sou laat nie, was skielik ook Markus s'n. Noudat lewensgevaar gedreig het, was dit elkeen vir homself. Toe vat Markus die pad, klereloos en al. Wat 'n goor rekord om agter jou naam te hê: om kaal van Jesus af weg te vlug. Hoe sleg om die eerste Christelike kaalnaeler in die geskiedenis te wees omdat jou vrees meer as jou geloof was.

Gelukkig eindig Markus se lewenstorie nie op hierdie lae noot nie. Ons weet darem nog 'n paar ander dinge oor hom, soos dat sy volle naam Johannes Markus is. Ons weet ook sy ma se naam was Maria. Sy het 'n groot huis in Jerusalem gehad. Gelowiges het gereeld hier vergader. Ons lees juis in Handelinge 12 hoedat 'n klompie van hulle in Maria se huis saamgekom het om vir Petrus te bid toe hy in die tronk was en daar 'n doodsvonnis oor sy kop gehang het.

Verder weet ons dat Barnabas Markus se oom was. Barnabas was een van die steunpilare in die Jerusalem-gemeente. Hierdie "man van bemoediging" soos wat hy bekendgestaan het (volgens Handelinge 4:36 was sy regte naam Josef), het 'n reuse invloed op Markus se lewe uitgeoefen. Dis hoekom Barnabas en Paulus, wat die leiers geword het van die tweede gemeente in die vroeë kerk in Antiogië, later ook vir Markus saamgevat het (Handelinge 12:25).

Vlugfiks

> When you hit a wall, hang a portrait on it.

Markus se kaalnaelery is nie sy enigste "rekord" nie. Hy hou nog een of twee ander minder goeie kerklike rekords. Terwyl

hy daar in die stad Antiogië was, het die Heilige Gees vir Paulus en Barnabas uitgekies om die Goeie Nuus oor die hele Romeinse Ryk te gaan verkondig. Barnabas het toe besluit om vir Markus saam te neem op die eerste sendingreis waarvan ons in Handelinge 13-14 lees. Dit was rondom die jaar 48, ongeveer 18 jaar ná Markus se eerste weghardloop-sessie in Getsemane.

Hierdie eerste sendingreis was geen grap nie. Markus het baie vinnig aan sy eie lyf gevoel hoe lewensgevaarlik dit is om saam met Paulus op Jesus se roete te wees. Toe hulle in die stad Perge aan wal gaan, het hy vir Paulus en Barnabas net daar in die steek gelaat en teruggekeer na Antiogië, soos wat Handelinge 13:13 vertel. Nog ’n skande, nog ’n wegvlugaksie agter Markus se naam.

Markus was teen hierdie tyd behoorlik vlugfiks. Nou was dit nie in Jerusalem nie, maar in Perge waar hy nogmaals die hasepad gekies het. Die rede was egter dieselfde. Sy eie gerief en veiligheid was belangriker as die kruis van Jesus. Markus wou Jesus se kroon dra, maar nie sy kruis nie. Hy wou die eer hê om te kon sê hy ken die “wie’s wie” van die vroeë kerk – mense soos Petrus, Barnabas en Paulus – maar hy was nie bereid om dieselfde offers as hulle te bring nie.

Moeilikheidmaker van formaat

> The forgotten beatitude of Jesus (John 13:17): “You know these things, blessed are you when you do them.”

Jy sal dit nie glo nie, maar ná sy weghardloop-sessie in Perge was Markus se droogmakery nog steeds nie op ’n einde nie. Ons lees in Handelinge 15 van nog ’n omstrede episode in sy lewe. Dit was toe die twee groot sending-kanonne in die vroeë kerk, Paulus en Barnabas, besluit het om weer ’n sendingreis

aan te pak (15:36). Barnabas het gedink sy nefie Markus verdien nog ’n kans; daarom wou hy hom weer saamvat op hierdie tweede sendingreis. Markus het blykbaar sy les geleer en was volgens Barnabas gereed om die uitdagings van die sendingveld aan te durf.

Paulus het geweier. Sy rede was duidelik: Markus het hulle in die provinsie van Pamfilië in die steek gelaat en het geen verdere deel aan hulle bediening gehad nie (vers 38). Daar was nie plek vir drosters en weghardlopers in Paulus se span nie. Hy was op ’n oorlogskip, nie ’n gerieflike passasierskip waar hy heeltyd kon omsien na die behoeftes van medepassasiers nie. Daar was nie tyd om spanlede se “hang-ups” en vrese uit te sorteer nie.

Soos Paulus reeds tydens die eerste sendingreis ervaar het, was klippe, stokke, geselings en vernedering hulle voorland. Sy eie lyf was ’n padkaart vir die gevaarlike roete om Jesus as die Here in die Romeinse Ryk bekend te maak. Jare later skryf Paulus in 2 Korintiërs 11 dat hy vyf maal van die Jode die gebruiklike 39 houe gekry het en drie keer deur die Romeine met stokke geslaan is, maar ook dat hy een keer gestenig is. Hierdie dinge het reeds op die eerste sendingreis gebeur en hy het geweet dieselfde behandeling lê vir hom voor op die tweede reis. Daarom was daar nie plek vir vlugfikses soos Markus in hierdie span nie.

Barnabas het egter vasgeskop. Hy was seker dat Markus nie weer sy gebruiklike vlugposisie sou inneem nie. Maar Paulus het ook vasgeskop. Markus se vlugrekord was eenvoudig nie goed genoeg om hom op ’n gevaarlike sendingreis saam te vat nie. Toe raak dinge troebel tussen hulle – in só ’n mate dat Paulus en Barnabas se paaie daardie dag geskei het, soos wat Handelinge 15:39 vertel. En dit alles oor ’n vlugfikse Markus.

Markus hou dus ook die twyfelagtige rekord dat hy die eerste skeuring in die kerkgeskiedenis tussen twee groot leiers veroorsaak het. Eers was dit sy berugte kaalnael-episode in

Getsemane, toe die vlugfiasko daar in Perge en nou boonop hierdie skeuring! Skielik was die vroeë kerk se sendingwerk in gedrang. Maar gelukkig was Paulus en Barnabas se harte vir 'n stukkende wêreld groter as hulle persoonlike geskille. Paulus het 'n jong leier genaamd Silas gekies om saam te gaan op sy volgende reis waarvan Handelinge 16-17 vertel, en later ook vir Timoteus. Op sy beurt het Barnabas vir Markus op 'n reis na Siprus toe geneem waarvan ons niks verder weet nie (15:39).

Genade vir 'n super-droogmaker

> Life will always be somewhat of a challenge if you don't get over things easily.

Om 'n paar rekords soos dié van Markus agter jou naam te hê, is geen grap nie. Markus is in sekere sin die Dawid van die Nuwe Testament. Net soos Dawid, wat alte goed van val en droogmaak geweet het, het Markus dit teen hierdie tyd goed geken. Verloëning, wegvlug en skeurmakery was langer as 20 jaar lank sy ding!

Min mense kom ná groot mislukkings ooit weer op hulle voete. Om te val en op te staan, is een ding, maar om te herstel van drie ernstige terugslae waar jy vir Jesus en ook vir Paulus persoonlik in die steek gelaat het, vra leeuemoed. Nee, dit vra 'n hand propvol hemelse genade. Daarvan is daar altyd oorgenoeg te kry in Jesus se omgewing.

Elke keer dat Markus gesig eerste in die modder geval het, was die Here daar vir hom. Jesus se genade het egter ook menslike hande en voete gekry soos dié van Barnabas, en later ook dié van Paulus. Barnabas het vir Markus sonder twyfel gou weer teruggekry op die Here se pad. En dan is daar ook die goeie nuus dat hy en Paulus 'n paar jaar later weer hande gevat het.

Paulus was nie hard of liefdeloos nie. Hoe kon hy harteloos wees as sy eie lyf stukkend geslaan is in amper elke stad waar hy Christus se Naam verkondig het? Hoe kon hy sonder vergifnis wees as hy in 1 Korintiërs 13 so aangrypend oor die liefde skryf? Daarom lees ons in Kolossense 4:10 en in Filemon vers 24 dat sy en Markus se paaie weer gekruis het. Eintlik het daar baie meer gebeur. Paulus het vir Markus as een van sy medewerkers begin gebruik. Ja, jy het reg gelees. Markus se vlug-, verloën- en verskeurdae was nou agter die rug. Nou was hy op sy pos doer in die voorste loopgrawe. Daarom het Paulus hom na Kolosse gestuur om daar in die stad te gaan werk. Kort voor Paulus se dood in Rome hoor ons ook dat Markus uit Troas op pad was na Paulus omdat hy wou hê Markus moes hom daar kom bystaan (2 Timoteus 4:11).

Nog goeie nuus oor Markus is dat hy en ’n ander groot yster in die vroeë kerk ook ’n pad saam geloop het. Ek praat van niemand minder nie as Petrus. In Rome, waar Markus vir Paulus bygestaan het, het hy ook saam met Petrus gewerk. In 1 Petrus 5:13 lees ons juis hoedat Petrus namens homself en Markus groete stuur aan al die gelowiges aan wie hy die eerste Petrusbrief skryf. Petrus noem ook dat hulle op daardie tydstip in Babilon was.

Dit was algemene kennis in die vroeë kerk dat Babilon die skuilnaam vir Rome was, soos wat Openbaring 17 ook uitwys. Christene wou nie aldag die stad Rome by die naam noem nie omdat medegelowiges daar vermoor is en hulle nie hulle adres wou weggee indien hulle daar gewoon het nie.

In Rome het Markus die tragedie beleef van die moorde van Petrus en Paulus tydens die skrikbewind van keiser Nero. Hierdie keiser het die stad Rome op ’n dag aan die brand gesteek. Toe het hy die skuld hiervoor op die skouers van die Christene in die stad geplaas. Dit het gelei tot ’n kort maar wrede vervolging van plaaslike gelowiges rondom Julie-Augustus in die jaar 64. Die twee groot pilare van die vroeë kerk, Paulus en

Petrus, het rondom hierdie tyd gesterf, maar nie voordat hulle die aflosstokkie van die geloof aan Markus en Timoteus oorgegee het as die volgende generasie leiers in die kerk nie.

Toe land Markus op sy voete

> You can't live in yesterday's past. Then tomorrow will look exactly like today … and yesterday!

In Rome het Markus opnuut kennis gemaak met die verhaal van Jesus. Daar kon hy by Petrus eerstehands alles te hore kom oor Jesus se aardse optrede. Ek kan my net indink hoeveel van Petrus en Markus se gesprekke in Petrus se woonhuis in Kapernaum gehandel het oor Jesus se wonders en sy leringe. By hom, en ook by Paulus, is daar in Markus se hart 'n groot dringendheid ingeskerp om die Blye Boodskap oor Jesus wêreldwyd uit te dra.

Markus was teen die vroeë sestigerjare van die eerste eeu reeds 'n gesoute dissipel van Christus. Meer as 30 jaar het verloop sedert sy kaalnael-episode in Getsemane. Baie water het ook in die see geloop sedert sy drostery op die eerste sendingreis in die jaar 48, of die onmin wat hy 'n rukkie later tussen Paulus en Barnabas veroorsaak het. Markus het daarna op sy voete geland. Hy het 'n nuwe dapperheid gehad wat hom die wêreld vol vir Jesus laat leef het.

Vanaf Siprus tot in Kolosse, en nou in Rome, was 'n ouer en wyser Markus deeglik bewus van al die gevare en uitdagings van die evangelie. Sy eie mislukkings as 'n jongman was die groei-grond vir 'n nuwe liefde vir die Here. Nou was daar nie meer tyd vir vlug of omdraai nie. Nou het Markus op sy pos gebly. Hy het sy eie Rubicon oorgesteek. Die uitdagings was net te groot, veral nadat Paulus en Petrus, wat die evangelie

oor die wêreld heen uitgedra het, nie meer daar was nie. Nou moes hy en ander leiers soos Timoteus in 'n donker tyd van bloedvergieting en vervolging die lig van die evangelie helderder laat skyn as ooit.

Leergierig en kreatief, dis wat!

> The best stories are lived before they are shared.

Hoe het Markus dit reggekry om die aflosstokkie by Petrushulle oor te vat? Hoe het hy seker gemaak die verhaal van Jesus skitter helder te midde van al die donkerte wat op daardie stadium oor die wêreld gehang het? Wel, hy het 'n Evangelie gaan skryf. Hy het by sy een mentor, Paulus, geleer om die geskrewe woord van daardie dag kreatief en effektief te gebruik.

Paulus het reeds in die jaar 50 sy eerste brief aan die gemeente in Tessalonika uit Atene geskryf. Dit was toe hy inderhaas uit hul midde moes vlug vir sy eie lewe. Hierna het Paulus deur briewe kontak begin hou met geloofsgemeenskappe oor die hele Romeinse Ryk. Deur sy briewe en 'n span toegewyde helpers wat saam met hom gereis het en ook sy briewe afgelewer het, het Paulus 'n groeiende geloofsbeweging op Christus se koers gehou. Markus het juis by Paulus geleer hoe belangrik dit is om mense skriftelik met die waarheid van Christus te bedien.

By Petrus het Markus weer geleer dat verhale lewensveranderend is. Regte stories verander mense dus, nie feite en inligting nie. Hoe meer hy by Petrus gehoor het van alles wat Jesus gedoen het toe Hy op aarde was, hoe meer het Markus besef hierdie lewensveranderende storie moet ten alle koste vertel word. Tot op daardie stadium was daar geen skriftelike evangelie in sirkulasie in die vroeë kerk nie. Mondelinge verhale

oor Jesus is oral oorvertel, maar daar was nog geen amptelike verhaal oor sy optrede op skrif gestel nie.

Paulus se briewe, asook dié van Jakobus en Petrus, was die enigste amptelike skriftelike bronne in die kerk teen die middel van die sestigerjare van die eerste eeu. Daarom was 'n nuwe tekssoort broodnodig. Paulus se briewe was baanbrekers, maar nou was dit storietyd. Jesus se storie moes vertel word – die ware storie, die amptelike storie! Dit moes egter meer as net 'n storie wees, want stories se doel is dikwels net om die hoorders of lesers te vermaak. Vermaaklikheidstories of slaaptydstories sou nie nou werk nie. Van Jesus se koms en die aanbreek van God se koninkryk moes met gesag vertel word. Mense moes weet wie Jesus regtig is en wat Hy kom doen het. Hulle moes weet waarvoor Hy daardie donker dag in Getsemane ja gesê het. Hulle moes weet wie Jesus regtig is!

'n Verhaal wat lewens verander …

> I cannot fill other's cups, but I can empty mine in God's service.

Daar is groot krag in stories. Dit gee vorm aan ons lewe. Daarom is dit geen wonder nie dat meer as 80% van die Bybel in verhaalvorm gegiet is. Die Bybel bestaan nie uit abstrakte reëls, regulasies, verklarings of verslae nie. Beginsels en geloofsriglyne kom deur die hele Bybel voor, maar dis ingebou en vervleg in die verhale wat 'n Markus, 'n Lukas of 'n Johannes vertel. Terwyl "bullet-point" reëls en voorskrifte met ons koppe praat, praat stories met ons harte. Hulle skilder prentjies. Hulle roer ons emosies, ons verbeelding en ons verwondering. Maar die belangrikste van alles, verhale roer ook ons geloof.

Die Britse skrywer Neil Gaiman vertel van sy niggie Helen

wat tydens die Tweede Wêreldoorlog die ghetto van die Nazi's in die Poolse stad Warschau oorleef het. Hulle is in daardie tyd verbied om boeke lees. Helen het egter haar lewe in gevaar gestel deur verhale te vertel tydens klasse wat sy elke dag vir 20 Joodse meisies gehou het. In die aand het sy skelm vir 'n uur lank *Gone with the Wind* gelees wat sy as 'n geskenk ontvang het. Dan het sy die volgende dag vir die dogters vertel wat sy die vorige aand gelees het. Gaiman het later vir Helen gevra hoekom sy haar lewe gewaag het vir 'n storie. Toe antwoord sy: *"Because for an hour every day, those girls weren't in the ghetto; they were having adventures; they got away."* Dink net watter krag is daar opgesluit in al die lewensveranderende verhale in God se Woord. Dit is meer as ontsnappingsroetes; dit is padwysers na die lewende God toe.

Stories verander ons. Daarom is dit geen wonder nie dat Markus kies om 'n storie oor Jesus se ware identiteit te vertel. Nee, Markus het nie 'n kerklike vergadering byeengeroep waar mense vir dae lank getob en gekla het oor al die uitdagings wat die kerk in onsekere tye in die gesig staar nie. Of vir verklarings wat puntsgewys onder die kerk se aandag gebring is nie. Hy het gekies vir 'n narratief om die wêreld vir altyd andersom te draai. Sy verkondiging, sy *kerugma*, soos wat dit in Grieks bekendstaan, is verweef in 16 hoofstukke oor Jesus se aardse pad. Op verbeeldingryke maniere het Markus 'n nuwe skriftelike genre gebruik om die kerk met Goeie Nuus te bedien.

Goeie Nuus het 'n regte Naam!

> Following Jesus is faith going for a walk.

"God is stil deesdae," sê iemand in 'n geselskap. "Bedoel jy

Hy praat nie hard genoeg nie?" vra iemand anders. "Ja, ek bid, maar ek kry geen antwoord nie." Toe sê die ander persoon vir hom dat hy fyner moet luister en beter moet lees, want God se eerste taal is verhale: Bybelse verhale!

Dit het my diep geraak. Ek het nog nooit iemand in 'n gewone geselskap so helder en duidelik hoor praat oor die belangrikheid van Bybelse verhale nie. God se eerste taal is nie stilte nie, maar stories; goeie-nuus-stories oor Jesus!

God het nie 'n megafoon of 'n klankversterker nodig om Hom hoorbaar te maak nie. Hy kompeteer nie met die media om ons aandag te trek nie. Hy kommunikeer op sy eie voorwaardes. Hy vertel sy eie stories in die Bybel. Maar dan het jy ore nodig om te hoor en oë om te sien. Jy moet na sy wêreld verskuif as jy Hom reg en duidelik wil hoor. Jy moet laag aan sy voete plek inneem as jy God se Goeie Nuus wil ervaar. Saam met Markus moet jy God se Goeie Nuus hoor!

Van Goeie Nuus gepraat, Markus is die enigste Evangelieskrywer wat die Griekse term *euangellion* (wat ons met die woord "evangelie" of "Goeie Nuus" vertaal, vgl 1:1, 14-15; 8:35; 10:29; 13:10; 14:9) gebruik. In die Septuaginta, die Griekse vertaling van die Ou Testament, kom die term *euangellion* 'n keer of wat voor (2 Sam 4:10; 18:19-20), terwyl die werkwoord 'n paar keer ook in Jesaja voorkom (40:9; 52:7). Dit is veral Paulus wat ruim gebruik maak van die term "evangelie". Trouens, *euangellion* kom meer as 60 keer in sy briewe voor om die lyding, sterwe, opstanding en hemelvaart van Christus in 'n kernwoord mee te verwoord. Aangesien Paulus se briewe klaar geskryf was teen die tyd dat die Evangelies op skrif gestel is, is dit moontlik dat Markus by Paulus geleer het die term "evangelie" is dié sleutelbegrip om na die ganse verlossingsgebeure van Christus in 'n spreekwoordelike neutedop te verwys.

"Markus is 'n Evangelie wat ten doel het om die historiese verhaal van Jesus te vertel, maar dan nie as 'n morele voorbeeld vir sy lesers om na te boots nie. Nee, Markus vertel die Goeie

Nuus aangaande Jesus wat geanker is in die geskiedenis wat God met Israel gestap het, maar ook as die kulminasiepunt hiervan. In die verhaal van Jesus het ons naamlik te make met God se eskatologiese ingrype in die geskiedenis op 'n unieke wyse in en deur die lewe en sterwe van Jesus. Volgens Markus is Jesus in een en dieselfde asem die Goeie Nuus self, maar ook die Brenger van Goeie Nuus! In Hom bereik God se handelinge in die geskiedenis 'n absolute hoogtepunt" (Joubert, in Joubert & Maré, 2015:600).

Maak asseblief gereed vir die reis van 'n leeftyd. Ontdek opnuut wat dit beteken toe Jesus daardie nag in Getsemane ja gesê het en die belangrikste Rubicon ooit oorgesteek het.

Hoofstuk 2

Wie is Jesus regtig?

Neutraliteit is geen opsie nie

"Jesus is my homeboy!"
"I love Jesus, but I don't like his followers."
"A great moral teacher."
"The Son of God."

As jy op soek is na opinies oor Jesus sal jy ontelbare menings om elke hoek en draai raakloop. Die meeste mense stem saam dat Hy die invloedrykste persoon is wat nog ooit op aarde geleef het – in so 'n mate dat die amptelike jaartelling uiteindelik by sy aardse koms aangepas is. Sedert Jesus se koms is dit *Anno Domini*-tyd. Ons leef in die jaar van ons Heer! Meer as twee miljard mense beskou hulleself vandag as Christene en kies per implikasie vir die navolging van sy leerstellings.

Tog wil baie mense vir Jesus uiteindelik net as 'n morele voorbeeld sien, en nie as die ewige Seun van God nie. In 'n boek getiteld *The Good Heart: A Buddhist Perspective on the Teachings of Jesus* (1996) is die Dalai Lama van mening dat Jesus primêr goeie harte in mense wou vestig en dat meditasie die reg-

te roete soontoe is. Op sy beurt het die Mahatma Gandhi jare gelede die volgende oor Jesus gesê:

> What, then, does Jesus mean to me? To me, he was one of the greatest teachers humanity has ever had. To his believers, he was God's only begotten Son. Could the fact that I do or do not accept this belief make Jesus have any more or less influence in my life? Is all the grandeur of his teaching and of his doctrine to be forbidden to me? I cannot believe so. To me, it implies a spiritual birth. My interpretation, in other words, is that in Jesus' own life is the key of his nearness to God; that he expressed, as no other could, the spirit and will of God. It is in this sense that I see him and recognize him as the Son of God (1959:7).

'n Goeie mens, 'n rigtingwyser, 'n leermeester van formaat … Is dit ál wat ons oor Jesus kan sê? Is dit ál wat ons oor Hom kan glo? "Nee, nooit!" roep CS Lewis (1952:55) uit:

> I am trying here to prevent anyone saying the really foolish thing that people often say about Him: "I'm ready to accept Jesus as a great moral teacher, but I don't accept His claim to be God." That is the one thing we must not say. A man who was merely a man and said the sort of things Jesus said would not be a great moral teacher. He would either be a lunatic – on a level with the man who says he is a poached egg – or else he would be the Devil of Hell. You must make your choice. Either this man was, and is, the son of God: or else a madman or something worse. You can shut Him up for a fool, you can spit at Him and kill Him as a demon; or you can fall at His feet and call Him Lord and God. But let us not come up with any patronizing nonsense about His being a great human teacher. He has not left that open to us. He did not intend to.

’n Afgekoelde Jesus?

> The route of Jesus is the route of simplicity and humility.

Jesus is eindeloos meer as net ’n goeie morele voorbeeld vir die wêreld. Nogtans is selfs nie eens die mooiste geloofsbelydenisse genoeg om Hom behoorlik te verstaan nie. ’n Gesonde ortodoksie, wat al die regte leringe oor Jesus getrou bely, is broodnodig. Tog is dit op die ou end net goeie dogmatiese vertrekpunte, suiwer leerstukke, korrekte teologiese posisies en soliede kerklike leerstellings. Voordat jy my verkeerd verstaan – al hierdie dinge is lewensbelangrik! Maar meer as dit is nodig om Jesus na behore te verstaan.

In sy boek *How (not) to speak of God* (2006) vat Peter Rollins hierdie verdere verstaansroete goed saam: *“Orthodoxy as right belief will cost us little; indeed, it will allow us to sit back with our Pharisaic doctrines, guarding the ‘truth’ with the purity of our interpretations. But orthodoxy, as believing the right way, as bringing love to the world around us … That will cost us everything.”* Die regte verstaan van Jesus vra altyd om ’n kruis en ’n roete van navolging.

Jesus het net te voorspelbaar geraak in godsdienstige kringe. Al ons mooi kerklike woorde oor Hom het ons doof en blind gemaak vir wie Jesus regtig is. Ons het te gewoond geraak aan Jesus. Ons het Hom voorspelbaar gemaak. Jesus het in baie kerklike omgewings verander in enigiets vanaf ’n romantiese held uit die hemel, tot ’n Kinderbybelfiguur, tot die amptelike Verskaffer van al die regte religieuse dienste. Ons het Jesus selfs klein genoeg gemaak om net in ons harte in te pas.

Ons het Jesus afgekoel tot ’n gerieflike kamertemperatuur. Daarom is daar vandag soveel “veilige heiliges” in omloop wie

se geloof amper so opwindend is soos koue kitskoffie. Een van die vorige eeu se groot teoloë, Ernst Käsemann, skryf as volg oor hierdie afkoel-kaskenades wat reeds van vroeg af in die kerk aan die gang is:

> People and institutions do not like to be kept continually on the alert, and they have constantly devised screens to protect themselves from too much heat. In fact, they have even managed to reduce Jesus' red-hot message, which promised to kindle a fire throughout the world, to room temperature.

Mike Erre praat in sy boek *The Jesus of Suburbia* (2006) van die tragedie dat sommige kerklikes 'n veilige Jesus aanhang wat eintlik net hulle middelklaswaardes in stand moet hou. Hierdie voorstellings van Jesus is egter so oninspirerend dat 80% van alle Westerse kerke tans krimp, volgens die Gallup-organisasie. Ons móét Jesus herontdek agter al hierdie makgemaakte godsdienstige beelde. Ons moet Jesus op sy eie terme ontmoet as ons regtig wil verstaan wat dit beteken toe Hy daardie nag in Getsemane ja gesê het. Dan eers sal ons ons eie Rubicon oorsteek en ophou om net godsdienstige toeriste te wees.

Dit het vroeg-vroeg al begin, hierdie nuuskierigheid oor Jesus se identiteit!

> You don't need a passport to cross those boundaries that divide people. You just need a compassionate heart.

Wie is Jesus regtig? Nee, dis nie 'n strikvraag nie. Of selfs 'n moderne vraag nie. Jesus self het hieraan deelgeneem. Volgens Markus 8:27 het Hy op 'n dag vir sy dissipels daar in die omgewing van Sesarea-Filippi gevra: "Wie sê die mense is

Ek?" Toe het die dissipels die openbare opinie oor Hom as volg saamgevat: "Party sê U is Johannes die Doper en ander Elia. Dan is daar 'n klompie wat dink U is een van die spesiale boodskappers van God" (vers 28).

Hierdie vraag na die ware identiteit van Jesus is een waarmee Markus hom van begin tot einde in sy Evangelie besig hou. Dit is die vraag van alle vrae. Dis die vraag waarop jy die antwoord moet ken. As jy dus wil verstaan waarvoor Jesus in Getsemane ja gesê het, moet jy eers weet wie Hy is. Jy moet reg weet. Jy moet regtig weet.

Gewone mense se opinie oor Jesus: Hy is Iemand met 'n nuwe leer en buitengewone krag (Markus 1:27)

Markus 1:21 vertel vir ons van die afskop van Jesus se openbare optrede in Kapernaum, 'n klein Galilese dorpie aan die noordwestelike oewer van die See van Galilea. Op 'n sabbatdag het Jesus 'n onrein gees uit iemand daar in die plaaslike sinagoge verdryf. Dadelik was almal die ene ore. Hoor net hoe skryf Markus oor hulle verbasing in vers 27-28:

> Hulle kon byna nie glo wat hulle sien nie en het onder mekaar begin praat. "Wat gaan hier aan? Ons sien en leer hier van dinge waarvan ons niks weet nie. En dit is nie sommer kinderspeletjies nie. Daar is gesag daaragter, want kyk hoe luister die bose geeste na Hom wanneer Hy iets sê." Hierdie nuus het soos 'n veldbrand versprei. Die mense in die hele provinsie van Galilea was aan die praat daaroor.

Die mense het dadelik gewonder of dit die Messias was wat hier in Kapernaum opgedaag het. Jesus se gesag en sy mag was so anders as dié van hulle godsdienstige leiers. Nog nooit het hulle sulke krag in hulle midde beleef nie. 'n Nuwe stem in die buurt, 'n nuwe krag van God, 'n nuwe boodskap – dit alles het

die gewone inwoners van Galilea daardie dag beleef.

Die godsdienstige leiers se opinie: godslasteraar en veel meer

Godslasteraar

Kort ná Jesus se optrede in die sinagoge volg nog 'n merkwaardige gebeurtenis in Petrus se woonhuis in Kapernaum. Terwyl Jesus 'n groot klomp mense onderrig wat daar in sy huis saamgekom het, het 'n paar mans hulle verlamde vriend soontoe gebring sodat Jesus hom kon aanraak. Toe hulle sien die huis is oorvol, het hulle op die dak geklim en dit oopgebreek. Te midde van vallende stukke klei, riete en hout wat die skare binne-in die huis laat koes en skarrel het, het hulle hul vriend op 'n draagbaar tot reg voor Jesus laat afsak.

Toe sê Jesus net daar vir die man sy sondes is vergewe. Die godsdienstige leiers het dadelik 'n geestelike spier gerek. "Hoe op aarde kan hy so praat? Dit is darem te erg, want wie kan sê dat God al die verkeerde dinge vergewe, behalwe God self? Met dié praatjies wys hy dat hy g'n respek vir God het nie," het hulle onder mekaar geredeneer (2:7). Hulle verklaar Jesus toe daar op die plek tot 'n godslasteraar. Terloops, so 'n beskuldiging was destyds 'n doodsvonnis werd. Ernstige dinge dus!

Sabbatoortreder

Kort hierna, soos wat Markus vir ons vertel, het Jesus die grootste dag van die Jode, naamlik die sabbat, oortree. Hy het toegelaat dat sy dissipels koringare pluk en Hy het 'n man op die sabbat genees. Boonop het Jesus verklaar dat die sabbat tot seën en voordeel van mense gemaak is, nie andersom nie … en dat Hy nou die Here van die sabbat is. Met ander woorde, Jesus self besluit nou wat op die sabbat mag gebeur. As jy dus wil weet oor die sabbat, moet jy van nou af by Jesus begin. Jy begin nie meer by die wet van Moses, of by mense se verstaan hiervan nie.

Jesus is die nuwe Norm wanneer die regte verstaan van die sabbat ter sprake is. Die godsdienstige leiers was baie ontsteld hieroor, in so 'n mate dat hulle hul eerste doodsvonnis daar in Kapernaum teen Jesus afgekondig het (3:6). Ja, hulle het Hom net daar tot die dood veroordeel! Die sabbat was immers vir hulle die heel heiligste dag op die Joodse kalender. Mense wat dit nie eerbiedig het nie, het uitbanning uit die gemeenskap en doodstraf in die gesig gestaar.

Duiwelbesetene

In die godsdienstiges se oë was Jesus nou 'n melaatse. Hulle het Hom vroeg-vroeg as 'n godslasteraar en sabbatoortreder geklassifiseer. Asof dit nie al erg genoeg was nie, het Jesus nog 'n paar ander neerhalende etikette van die kant van die godsdienstiges bygekry. In Markus 3 lees ons dat 'n klompie skrifgeleerdes van Jerusalem af gekom het om te besluit wie Jesus regtig is. Toe hulle hoor en sien dat Hy onrein geeste uitdryf, was hulle gevolgtrekking dus: "Dit is Beëlsebul, die hoof van die duiwelse geeste, wat in hom bly. Die einste Beëlsebul help hom ook om die duiwelse geeste te verjaag" (3:22). Volgens hulle was Jesus dan nou 'n duiwelbesetene; daarom moes Hy uit die samelewing verwyder word. Jesus was net te gevaarlik en te ver buite enige godsdienstige bokse om te kon voortgaan met sy bediening.

Geen aanhanger van godsdienstige vasdae nie

Jesus het nie van sy dissipels verwag om vaste Joodse gebruike soos vasdae na te kom nie (toegewyde Fariseërs en skrifgeleerdes het twee dae per week van sonop tot sononder gevas). Dit het gou-gou aandag getrek. Trouens, dit het die mense so ontstel dat Jesus so "liberaal" was dat selfs Johannes die Doper se dissipels Hom in die openbaar kom uitvra het oor sy eie dissipels se "vaslose" leefstyl. Toe antwoord Jesus hulle in Markus 2:19-22:

> "Laat Ek dit vergelyk met 'n bruilof. Sal die gaste net vir die eetgoed staan en kyk terwyl die fees aan die gang is en die bruidegom by hulle is? Dit sal tog nie gebeur nie. As die fees verby is en die bruidegom is weg, sal hulle miskien ophou eet. So is dit met My en my volgelinge."
>
> Jesus verduidelik toe met 'n voorbeeld vir hulle dat dit wat Hy bring nuut en anders is. "As 'n mens 'n gat moet regmaak in 'n ou rok wat klaar gekrimp het, sal jy nie 'n nuwe stuk lap gebruik nie. Met die eerste was sal daardie nuwe stuk lap krimp en die ou rok nog erger skeur. Of laat Ek dit so stel: julle weet goed dat die leersakke waarin wyn vir 'n lang tyd gehou is, sag word en maklik skeur. Julle sal mos nie wyn wat nog moet gis in daardie sakke gooi nie. As die wyn gis, sal die gas daarvan die sagte sakke laat skeur. Al julle wyn sal dan uitloop en dan sit julle nog met stukkende sakke ook. Nee, nuwe wyn sit 'n mens in sterk, nuwe sakke."

Vir Jesus was die dae van wettiese vas-gebruike en die onderhouding van die Joodse sabbat oor en verby. Hy het self 'n einde hieraan gebring. Nee, Jesus is nie 'n godsdienstige hervormer wat net maar die bestaande godsdienstige feeste en tradisies 'n bietjie kom opkikker nie. Hy sorg nie maar net dat mense dit voortaan reg gebruik nie. Jesus is die Alternatief. Hy is die Bringer én Inhoud van 'n splinternuwe tyd.

Jesus is die evangelie, die Goeie Nuus, in lewende lywe, soos wat Markus sy boek in hoofstuk 1:1 begin. Hierdie nuwe tyd word deur Jesus met 'n spesifieke term omskryf: "die koninkryk van God!" Jesus praat oral hieroor sedert sy eerste preek in Markus 1:15 waar Hy die volgende aankondig:

> Die tyd is nou ryp. Die nuwe wêreld van God is aan die kom. Almal sal God as die groot Heerser moet erken. Ruk julle reg en draai terug na God toe. Luister na die Goeie Nuus en maak dit julle eie.

Die uitgediende tyd van die godsdienstige leiers is gekenmerk deur dooie wette, koue regulasies, flou rituele en duisende voorskrifte. Jesus bring nou nuwe wyn en splinternuwe klere. Die koninkryk van God is feestyd. Eers wanneer die Bruidegom, Jesus self, weggeruk word (wat verwys na sy kruisiging en dood, volgens die Griekse terme wat Markus gebruik vir "wegskeur" van die gaste af), sal sy volgelinge treur en vas. Daarna gaan die fees voort (soos wat die daaglikse etes van die vroeë kerk in Jerusalem in Handelinge 2:42-47; 4:32-36 illustreer).

Nuwe koninkryk-wyn en feesklere is die roete van Jesus. Nee, nie nuwe wyn gemeng met ou wyn nie. Of ou klere wat maar net gelap word met nuwe materiaal nie. Alles het nuut geword vandat Jesus opgedaag het. Nou is dit die tyd dat afgeskryfdes, randfigure, uitgeworpenes en sondaars die goeie nuus hoor dat God hulle na sy feestafel uitnooi. Dit is ook nou die tyd dat die godsdienstiges met hulle harde harte (Markus 3:5; 10:5) uitgesluit word van God se nuwe tafelgemeenskap.

Die dissipels se opinie oor Jesus: Is God in ons midde (Markus 4:41)?

> The God of mercy is never at our mercy.

Saam met die mooi opinie van die gewone mense oor Jesus en die skokkende opinie van die godsdienstige leiers, hoor ons in Markus 4 wat die dissipels se opinie oor Hom is. Dit is net nadat Hy die storm op die See van Galilea laat bedaar het. Dan vra hulle in vers 41 onder mekaar wie kan Hy tog wees dat die wind en die see Hom gehoorsaam? Hierdie is ʼn gelowige vraag, nie ʼn vraag gevra uit twyfel nie. Hulle het geweet net God het mag oor die wind en die see. Kon dit wees dat die le-

wende God in hulle midde was? Vir seker!

Nasaret weet wie Jesus is … of nie (Markus 6:2-3)!

> If you postpone your comments or responses until you're angry, they'll be the ones you regret.

Nog 'n opinie oor Jesus wat Markus met ons deel in hoofstuk 6 is dié van die mense in wie se midde Jesus grootgeword het. Dit is sy tuisdorp Nasaret. Toe Hy nou daar tussen hulle optree, het hulle dadelik begin wonder:

> "Waar het hy aan al hierdie dinge gekom? By wie het hy al hierdie kennis gekry? Om nie eens te praat van al die wonderlike dinge wat hy doen nie. Ons weet mos wie hy eintlik is. Is hy nie die houtwerker, die seun van Maria nie? Sy broers is mos Jakobus, Josef, Judas en Simon en ons ken sy susters ook goed." Hulle wou maar net nie aanvaar dat Hy spesiaal is nie en het hulle neus vir Hom opgetrek.
>
> ~ Markus 6:2-3

Nasaret was nie lus vir Jesus noudat Hy ander met groot gesag begin leer en wonders doen het nie. Hulle kon nie glo dat Hy skielik so vreemd geraak het nie. Tog was dit nie net die mense van Nasaret wat omgekrap oor Jesus was nie. Markus vertel vir ons in hoofstuk 3:20-21 dat selfs sy broers Hom vroeër daar in Nasaret wou kom wegvat:

> Die mense het so om Jesus saamgedrom dat Hy en sy dissipels nie eens 'n kans gekry het om te eet nie. Jesus het die wonderlikste dinge gedoen wat geen gewone mens kon doen nie. Toe sy familie daarvan hoor, het hulle inderhaas na Jesus toe

> gekom om Hom te kom haal, want hulle het gesê: "Hy het van sy kop af geraak."

Kan jy dit glo? Jesus se eie familie het gedink Hy het sy verstand verloor. Hulle wou Hom uit die openbare oog verwyder. Hy het 'n verleentheid vir hulle geraak. Jesus se eie broers was ontnugterd, net soos die res van Nasaret. Toe hulle 'n ruk later weer probeer om Hom daar in Kapernaum tot kalmte te bring, het Jesus vir sy broers en vir Maria verduidelik hoe dinge nou werk binne die koninkryk van God.

> Die mense het om Jesus gesit toe hulle Hom kom roep. "Jou ma en broers wag hier buite vir jou," sê hulle. Jesus sê toe: "Wie is regtig my ma en broers?" Hy kyk toe na die mense wat om Hom sit en sê: "Hier is my regte familie. Elkeen wat doen wat God van hom verwag, is deel van my familie. Hulle is regtig my broer, my suster, my ma."
>
> ~ Markus 3:32-35

Petrus se opinie oor Jesus: U is die Christus … (Markus 8:29)

> The disciples didn't ask Jesus to teach them how to preach, or how to be good leaders. They asked Him: "Teach us how to pray."

Nog is dit nie die einde van al die opinies oor Jesus se identiteit nie. Ons het gehoor wat sê die gewone mense van Kapernaum, asook die mense van Nasaret. Ons het ook geluister na die opinies van die godsdienstige leiers en die dissipels. Wat sou gebeur wanneer Jesus padlangs vir dié die heel naaste aan Hom vra wat hulle dink? Wel, in Sesarea-Filippi se omgewing gebeur dit toe. Nadat hulle vertel het dat die mense dink Jesus is Elia wat teruggekeer het, of selfs Johannes die Doper, hoor

ons sy direkte vraag aan die dissipels in vers 29: "'Maar julle, wat sê julle van My? Wie is Ek?' vra Jesus hulle. Petrus sê toe: 'U is Christus, die beloofde Redder.'"

Petrus weet wat die antwoord is. Jesus is die Christus, die gesalfde van God. Maar soos ons uit die volgende verse kan aflei, het hy nie mooi geweet wat dit beteken nie. Petrus was nie gereed vir 'n Messias wat moes doodgaan nie. Hy wou 'n gemaklike roete hê vir Jesus. Een sonder teenstand. Maar minstens het Petrus die regte uitspraak gemaak, een so groot dat Jesus (volgens Matteus 16 se weergawe) gesê het dat die kerk deur al die eeue op hierdie belydenis gebou sou word. Nie eens die poorte van die doderyk sal hierdie belydenis stilmaak nie, het Jesus bygevoeg.

Hier het ons uiteindelik die sleutel: Jesus is God se Gesalfde, sy Messias, sy Christus. Maar hierdie Messias moes ook nog deur die doodsvallei stap.

Die godsdienstige opinie van die hoëpriester (Markus 14:60-61)

"You can kill us, but you can't harm us."
~ Justinus die Martelaar aan die Romeinse keiser Antoninus Pius

Toe Jesus kort voor die viering van die Paasfees in Jerusalem aankom, was die vet in die vuur. Alle woede het teen Hom losgebars. Sy skokkende gelykenis oor die moord op die oudste seun van die eienaar van 'n wingerd (Markus 12:1-12) was vir die godsdienstige leiers een te veel. Hulle het gehoor dat Jesus Homself as die Seun van God beskou en dat Hy hulle as moordenaars sien. Wel, toe doen hulle presies dit. In die paar dae sedert daardie Sondag dat Jesus in Jerusalem was, het hulle sy dood beplan en seker gemaak dat dit uitgevoer word, soos wat ons later sal sien.

Wanneer Jesus uiteindelik laat daardie Donderdagnag voor die hoëpriester gebring word, vra hy Hom (14:61-65):

> "Is jy die beloofde Redder, die Seun van die groot God?"
>
> "Ek is," sê Jesus. "En meer nog, julle sal sien hoe Ek, die beloofde Redder, op die ereplek langs die sterke God sit en ook hoe Ek op die wolke gaan kom om julle te oordeel."
>
> Dit was waarvoor die hoëpriester gewag het. Hy skeur toe sy klere dat almal kan sien hoe ontsteld hy is. "Vir wat soek ons nog na iemand wat vir ons kan vertel wat hierdie man verkeerd gedoen het?" roep hy uit. "Julle almal het dit gehoor. Hierdie man het geen ontsag vir God nie en sê dinge wat God diep seermaak. Wat dink julle van dit alles?" Soos een man het almal saamgestem en gesê dat daar nou geen kwessie meer was nie: Jesus moet doodgemaak word. Hulle spoeg toe op Hom en nadat hulle sy oë toegebind het, dam hulle Hom met die vuis by: "Toe, sê 'n bietjie wie het jou geslaan as jy kan. Jy sê mos jy is iemand wat namens God kan praat." Die wagte het Jesus gevat en Hom baie seergemaak deur Hom te slaan.

Hierdie opinie van die hoëpriester oor Jesus was die laaste strooi wat sy doodsvonnis en kruisiging ingelui het. 'n Mens kan opinies nie ligtelik opneem nie. Deur die loop van Markus het ons ten minste ses beslissende opinies oor Jesus raakgeloop. Vanaf gewone mense tot by sy eie volgelinge en die belangrikste godsdienstige leiers, het ons gehoor wat mense van Hom dink. Dié wat God se stem in Jesus se optrede raakgehoor het, kon nie genoeg van Hom kry nie. Hulle wou nog meer leer, nog meer hoor! Respek en lewensverandering het in hulle omgewing plaasgevind. Hulle het God se koninkryk beleef. Aan die ander kant het baie mense se harte harder geword in Jesus se teenwoordigheid. Uiteindelik het hulle woede teenoor Hom oorgekook in 'n kruis wat hulle vir Hom voorberei het daar in die stad van God.

Meer as net 'n opinie; hier volg die gesaghebbende waarheid oor Jesus!

> Jesus isn't a divine actor who played the role of a humble servant on earth. This is who He really is. He came to serve and to sacrifice his life for us.

Markus se Evangelie konfronteer ons van begin tot einde met die vraag: Wie is Jesus? Vanaf hoofstuk 1-14 is ons aan verskillende opinies oor Hom blootgestel. Wie is reg en wie nie? Na wie se stem moet ons luister? Wie het die gesaghebbende stem wat al die ander stemme oorroep? Wel, Markus bied vroeg in sy Evangelie vir ons die antwoord hierop. Net nadat Jesus in die woestyn deur Johannes die Doper gedoop is, kom die Gees oor Hom. Dan praat daar 'n stem uit die hemel. Dit is God self. Hy sê vir Jesus: "Jy is my Seun. Ek het Jou lief en Jy maak My bly" (1:11).

God weet wie Jesus is. Hy weet presies! By Hom, die Here van hemel en aarde, is daar geen twyfel of spekulasie nie. Jesus is God se ewige Seun. Hy is van altyd af in 'n unieke verhouding met die Vader. Daar in die woestyn, ten aanhore van Johannes, bevestig God dit. Daar onderskryf Hy dit sigbaar. Die Vader, Seun en Gees is juis in daardie heilige oomblikke bymekaar.

'n Ruk later praat God weer uit die hemel. Dit gebeur wanneer Jesus saam met Jakobus, Johannes en Petrus op die berg is (Markus 9:2-7). Moses en Elia daag ook daar op terwyl Jesus vir 'n paar oomblikke weer sy hemelse heerlikheid opneem. Sy klere het geskitter terwyl Moses en Elia, as verteenwoordigers van die wet en die profete, met Hom gepraat het. Petrus het gewonder wat om nou te maak. Toe praat God uit die hemel: "Dit is die Seun wat Ek liefhet. Luister na Hom" (vers 7).

Twee keer hoor ons dus dat God Jesus se ware identiteit

bevestig. Die eerste keer gebeur dit aan die begin van Jesus se aardse optrede. Die volgende keer gebeur dit wanneer die twee groot leiers van Israel by Hom op die berg is om te bevestig dat Hy die Vervuller van die heilige geskrifte van Israel is.

Alle ander opinies oor Jesus is ondergeskik aan dié van God. Hy deel sy eer met geen mens nie. Ook nie met nabootsers nie. Daarom kan jy maar weet dat as God sê Jesus is sy geliefde Seun, is dit die absolute waarheid. Geen ander mening of opinie tel naastenby soveel nie. Geen ander stem maak genoeg saak nie. God se verklaring tel meer as alle mense s'n.

Daardie groot belydenis (Markus 15:39)

> The best preparation for God's new tomorrow is to walk with Him today.

Die vraag der vrae oor Jesus se identiteit is uitgepluis. Hy is die Seun van God. Dis offisieel. God het dit twee keer bevestig. Ook is Jesus die Christus, soos wat Petrus bely het, en soos wat Jesus dit self voor die hoëpriester bevestig. Net so is Hy die Seun van die mens, soos wat ons nog sal sien. Al hierdie bekendstellings vra egter om 'n gepaste respons, soos die een waarvan ons lees in Markus 15. Wanneer Jesus sy laaste asem aan die kruis uitblaas en die gordyn van die dood oor Hom afsak, juig al wat 'n godsdienstige opponent is. Al die opponente wat daar by die kruis rondstaan, is uit hulle vel van blydskap. Behalwe een. Die offisier aan diens roep skielik uit: "Hierdie man was sowaar die Seun van God" (vers 39).

Hierdie Romeinse offisier se werk was om van kruisigings 'n wrede skouspel te maak. Dit was sy taak om elke gekruisigde groot pyn te laat ervaar en om die omstanders te laat bewe van vrees. Die soldate moes seker maak dat die omstanders dit nie

sou waag om teen Rome in opstand te kom nie. En toe, in die doodsnikke van Jesus se eie stryd, gaan sy aardse teregsteller se eie oë oop. Nee, dit was nie daardie man wat vroeër die spykers deur Jesus se polse gekap het wat die voltrekker van sy teregstelling was nie; dit was hierdie offisier. Hy was die een wat gesorg het dat die spykers deur Jesus se polse en voete gedryf is en dat daar met Hom gespot is. Hy het die kruis in ʼn sirkus van bloed en geweld omskep. Maar toe breek sy eie harde hart. Jesus se aardse teregsteller is die eerste en enigste een wat daardie dag gelowig en met groot berou bely dat dit die Seun van God is wat pas aan die kruis gesterf het.

Leer by hierdie offisier. Praat sy nuwe taal agterna. Jesus se identiteit is nie maar net nog ʼn teoretiese gesprek werd nie. Of nog ʼn tema vir ʼn kerklike vergadering of ʼn vernuwingskonferensie nie. Die regte belydenis oor Jesus vra dringend om lewensverandering – myne en joune!

Hoofstuk 3

Bly eers stil oor Jesus ...

Al pratende oor Jesus

> Forget about graduation ceremonies on this side of the grave when you're on the route of Jesus.

Ek het grootgeword in die kerk met die idee dat ons getuies vir die Here moet wees. Ons moet oor Hom praat. Ook moet ons met ander mense praat oor die toestand van hulle siel. Ons moet seker maak hulle weet waarheen hulle eendag gaan voordat hulle vanaand gaan slaap. Ek moet sê, sulke konfrontasies met "menslike objekte" het altyd vir my kunsmatig gevoel. Ek leef immers tussen regte mense met name en adresse en unieke lewenstories, en ek leef ook saam met hulle!

"Tref en trap"-evangelisasie het nog nooit vir my gewerk nie; daardie soort waar ek mense vinnig tref met die evangelie en dan haastig trap om nog meer mense te probeer bereik. Die uitleef van geloof gaan oor verhoudings en vriendskappe, nie oor onpersoonlike konfrontasies met onbekendes nie. Genadiglik gebruik God sulke dinge ook, maar Hy het ons gemaak

vir verhoudings. Verhoudings is die mooiste en effektiefste vervoerband vir God se hemelse genade hier na ons wêreld toe.

Ek het agtergekom mense wat anders as ek dink en glo, is bereid om oor Jesus te gesels as ek hulle menswees respekteer en as ek genoeg tyd maak om ook na hulle stories te luister. Jim Henderson (*Evangelism Without Additives,* 2007) slaan die spyker netjies op die kop as hy skryf: *"It's not the number of conversions that count; it's the number of conversations!"* Ek sou nog iets wou byvoeg – al die kuiers, etes, gebede, konkrete hulp en omgee maak ook saak.

Bly stil

> God's first language is not silence. His first language is Jesus in our midst.

Een van my vriende merk op 'n dag op dat ons eers daardie goeie musikale noot "sjaraap" moet vat totdat ons al die ander note ken. Toe ek halfverbaas vir hom vra wat vir 'n noot is "sjaraap", toe sê hy vir my dis daardie Engelse stilbly-een!

In Matteus 28:19-20 beveel Jesus ons om na al die nasies toe te gaan om hulle sy dissipels te maak. Die Groot Opdrag, "The Great Commission", noem hulle hierdie belangrike woorde. Daarom is dit dan so 'n skok om telkens in die Markusevangelie te lees dat Jesus mense beveel om stil te bly oor Hom. Die Markusevangelie gaan vir 'n groot deel oor geheimhouding; die Messias se identiteit moet 'n geheim bly. Keer op keer verbied Jesus mense wat op verskillende maniere deur Hom aangeraak word om met ander oor Hom te praat. Mense moet met ander woorde daardie "sjaraap"-noot vat totdat hulle vir Jesus reg verstaan. Dit gebeur in drie verskillende kontekste. Kom ons gaan kyk:

Die stilbly-opdrag van Jesus begin by die demone

> Our biggest teacher is not our mistakes, but the Holy Spirit.

Wanneer Jesus onrein geeste uit mense gedryf het, het hulle dikwels aan die praat geraak. Ons lees byvoorbeeld in Markus 1:24-26 van so 'n gebeurtenis:

> "Wat kom soek Jy hier, Jesus van Nasaret? Het Jy gekom om vir ons moeilikheid te maak en ons te vernietig? Ek ken Jou; ek weet wie Jy is – Jy is die Heilige van God."
>
> "Bly stil!" sê Jesus skerp. "Gee pad uit hierdie man uit." Die man het vreeslik begin ruk soos die duiwelse gees hom rondgepluk het. Toe is die gees skreeuend uit die man uit.

Net hierna, in Markus 1:34, lees ons hoedat Jesus siekes genees het en bose magte verdryf het: "Jesus het hulle gesond gemaak; dit het nie saak gemaak wat hulle makeer het nie. Hy het veral ook ontslae geraak van bose geeste. Hy het die geeste egter nie toegelaat om 'n woord te sê nie, want hulle het geweet wie Hy is." Dieselfde gebeur ook in Markus 3:11-12: "Elke keer as iemand met 'n bose gees Hom gesien het, het hy op die grond voor Hom neergeval en uitgegil: 'Jy is die Seun van God.' Maar Hy het hulle ernstig verbied om te sê wie Hy is."

Al was dit nie Jesus se hooffokus om van vroeg tot laat direk teen die bose magte te veg nie, het Hy hulle gereeld weggejaag uit mense. Dit was belangrike tekens dat God se koninkryk aangebreek het. Van demone gepraat, Markus verkies om na hierdie trawante van Satan te verwys as onrein geeste. Dis nogal ironies, want die godsdienstiges van daardie dag was juis behep met reinheid en onreinheid. Vir hulle was reinheid egter

hoofsaaklik uiterlik. Jy kon dit aan hulle lywe en aan hulle uiterlike leefstyl sien.

Rein mense het rein kos geëet. Daarom was hulle kosbakke en eetgerei rein en het hulle hulle hande gewas voor etes. Rein mense het rein liggame gehad sonder siektetoestande soos melaatsheid of enige afskeidings. Tog het die godsdienstiges nooit agtergekom dat onrein geeste in baie "rein" mense se lewens ingetrek het nie. Daarom het Jesus gereeld sulke bose magte uit hulle menslike slagoffers uitgegooi. Hulle het presies geweet wie Jesus is. Maar Hy wou nie hê onrein geeste moet sy identiteit bekendmaak nie. Dit was nie vir Hom nodig dat die opposisie Hom bekendstel nie. Hy sou dit op sy eie voorwaardes doen.

Mense wat Jesus se wonderwerke ervaar, moet asseblief ook stilbly

> Will you allow your identity to be determined by Christ and not by your accomplishments or your stuff?

In Markus 1:40-45 lees ons van Jesus se genesing van 'n melaatse. In vers 43-44 beveel Jesus hom om vir niemand hiervan te vertel nie. Hy moet slegs na 'n priester toe te gaan, een van die amptelike reinheidsinspekteurs in daardie tyd. Die priester moes instem dat hy nou weer rein is en deel kon hê aan Israel se godsdiens. Markus vertel in vers 45 dat die man nie kon stilbly nie en dat hy vir almal wat hy teëgekom het, vertel het wat gebeur het.

In Markus 5:43 verbied Jesus ook die mense in Jaïrus se huis om te praat oor die feit dat Hy sy dogter uit die dood opgewek het. Dieselfde gebeur weer in Markus 7. Jesus tree hier in nie-Joodse gebied op en laat onder andere 'n doofstom man hoor, soos wat ons in vers 35-37 lees:

> Dadelik kon die man hoor en normaal praat. Jesus vra hulle toe mooi om nie vir enigiemand daarvan te vertel nie. Maar dit het nie veel gehelp nie. Die mense kon eenvoudig nie oor al hierdie wonderlike dinge stilbly nie. "Alles wat Hy doen, is eenvoudig goed. Hy laat mense hoor wat doof was en mense wat nie kon praat nie, praat nou normaal."

In Markus 8:26 lees ons dat Jesus die blinde man van Betsaida laat sien, maar hoe Hy hóm ook beveel om die plaaslike mense te vermy. Jesus wil nie hê mense wat wonderwerke beleef, moet oor Hom getuig nie. Jesus wil nie hê mense moet slegs praat oor die bonatuurlike dinge wat Hy vir hulle gedoen het nie. Hy wil nie as 'n blote wonderwerker bekendstaan wat op versoek alle mense genees nie. Hy doen wonders, maar op sy voorwaardes. Jesus se wonderwerke is vensters op God se nuwe ryk wat oral besig is om aan te breek.

Jesus wil Hom nie voorhou as 'n hemelse spesialis met verskillende aardse mediese praktyke wat wissel vanaf oogkunde, dermatologie, oor-neus-en-keelprobleme tot by ginekologie nie. Hy is nie bereid om gedurig in almal se onmiddellike behoeftes te voorsien nie.

"Jesus verset Hom teen dié wat wondertekens op aanvraag wil sien (Matteus 12:38-42; 16:1-4). Jesus se wonderdade dien by uitstek as sigbare bewyse van die aanbreek van die koninkryk van God. In Matteus 12:28 verduidelik Jesus dit woordeliks as Hy 'n duiwel uitdryf en daarna aankondig dat die koninkryk van God hierdeur tot by die mense gekom het. Jesus se genesings beklemtoon ook sy volmag as Messias wat siekte uit die pad kan praat met 'n enkele magswoord. Dit dien in een en dieselfde asem as bewys van God se nuwe ryk waar siekte en sonde die wyk neem, en dit wys ook vooruit na die nuwe era van God waar sulke vernietigende dinge heeltemal afwesig sal wees. Nooit is Jesus se genesingswonders egter die belangrikste dade wat Hy as Messias op aarde verrig nie. Hierdie ereplek

word altyd vir sy vergifniswoorde gereserveer" (Joubert, in Joubert & Maré, 2015:580).

Ook die dissipels kry daardie stilbly-opdrag

> The three biggest friends of an inflated ego: me, myself and I!

Pas nadat Petrus bely het Jesus is die Christus, beveel Hy hulle in Markus 8:30 om dit vir niemand anders te vertel nie. Dieselfde gebeur ook in Markus 9:9, maar hier hoor ons ook selfs presies wanneer Jesus sy dissipels tot stilte oproep: "Terwyl hulle so van die berg afstap, vra Jesus hulle mooi om vir niemand te vertel wat gebeur het voordat die Seun van die mens uit die dood opgestaan het nie."

Hierdie opdrag om stil te bly oor Jesus moet reg verstaan word. Of eerder, Jésus self moet reg verstaan word op hierdie punt. Eers wanneer sy ware identiteit en sy sending reg verstaan word, mag mense oor Hom praat. Tot dan moet hulle stilbly. Jesus is nie desperaat of verleë oor mense se getuienisse nie. Hy wil nie deur die bose magte bekendgestel word nie, maar definitief ook nie deur mense wat Hom net as 'n hemelse wonderwerker sien nie. Jesus wil selfs nie eens hê sy eie dissipels moet oor Hom praat, of oor die bonatuurlike dinge wat hulle beleef het voordat hulle die volle omvang van sy aardse pad gesnap het nie.

Dissipels van Jesus moet eers vir 'n uur of twee wakker bly in Getsemane voordat hulle oor Jesus kan begin praat. Anders gaan hulle Hom gerieflikheidshalwe afkoel tot mense se gunsteling kamertemperatuur, of tot 'n veilige en voorspelbare figuur wat hulle aan verveelde kerklike gehore gaan opdis. Jesus weier egter om mense se selfsugtige behoeftes en begeertes ter wille te

wees. Of om hulle beperkte verstaan van Hom as verskoning vir hulle foutiewe getuienisse te aanvaar. Jesus word slegs op sy eie voorwaardes nagevolg. Dissipels dien Hom as sy diensknegte, soos wat Hy in Lukas 17:7-10 leer.

Dissipels praat altyd op Jesus se voorwaardes oor Hom. Of hulle bly stil. Geen wonder nie dat Jesus minstens nege keer binne verskillende kontekste in die Markusevangelie mense beveel om te swyg totdat hulle bereid is om Hom enduit na te volg. Hulle moet daardie gevleuelde "sjaraap"-noot vat totdat hulle reg verstaan. Dan eers mag en moet hulle praat!

'n Kantlyn-opmerking oor Markus se geheimhouding van Jesus se identiteit

> Jesus did not come to make people more religious. He came to call ordinary people to follow Him.

"Reeds in 1901 het 'n geleerde met die naam Wilhelm Wrede 'n boek oor die vraagstuk bekend as die 'Messiasgeheim' by Markus geskryf (*Das Messiasgeheimnis in den Evangelien*) en daarin probeer aantoon dat Jesus Hom voor sy kruisiging nie as die Messias voorgehou of verstaan het nie. Dit het eers ná die kruisiging en opstanding gebeur. Sommige teoloë meen in aansluiting hierby dat die 'Messiaanse geheim' deur Markus geskep is omdat Jesus voor sy dood nie onder die mense as die Messias bekendgestaan het nie. Sy volgelinge het eers behoorlik verstaan wie Jesus regtig is ná sy opstanding.

"Nuwe benaderings tot hierdie Messiaanse geheim by Markus, soos dié van Donahue & Harrington (2002), meen dat dit te veel klem onder teoloë geniet en dat hulle nie genoegsaam rekening hou met die eie aard van die verskillende vertellings in die Evangelie self nie. Toegang tot die misterie van die ko-

ninkryk van God word immers vroeg reeds aan Jesus se volgelinge gegee (4:11). Van die begin af weet die lesers ook al dat Jesus die Messias is. Al wat nodig is, is net die volle ontvouing van die prentjie dat Hy die lydende Messias is. Hierdie ontvouing vind algaande plaas in die bediening van Jesus en bereik 'n hoogtepunt by die kruis en die leë graf. Die uitdaging voor die deur van die lesers is dus veel eerder of hulle Jesus op sy eie voorwaardes as lydende Messias kan navolg deur hulle kruis op te neem en Hom op sy lydenspad te volg (8:31-38). Tussendeur maak navorsers soos Räisänen (2000) en Winn (2008) dit duidelik dat Markus selfs 'n aantal verskillende, losstaande geheimhouding-temas deur die loop van sy Evangelie aanbied, terwyl David Watson (2010) 'n vars kyk na hierdie vraagstuk bied vanuit die antieke Mediterreense waardes eer en skaamte, waarvolgens Jesus se kruisiging nie langer 'n simbool van vernedering en oneer tussen sy volgelinge is nie omdat God Jesus se Naam in ere herstel het deur Hom uit die dood op te wek" (Joubert, in Joubert & Maré, 2015:620-621).

Eers 'n kruis, dan 'n kroon – dit is die pad van Jesus!

> God isn't hiding from us. That's what we do.
> He is a seeker and finder.

Terug na Jesus se aardse roete: Daardie nag in Getsemane was sy waterskeidingsoomblik, sy Rubicon. Daar het Hy finaal afgeteken op God se harde pad vir Homself. Daar het Hy gekies vir die pad wat vasgeloop het in die kruis. Maar dit was nie asof Jesus daar in Getsemane vir die eerste keer bewus geraak het van dit wat vir Hom voorlê nie. Hy het presies geweet.

Jesus het nog altyd geweet wat sy pad is. Hy het juis aarde toe gekom vir hierdie sending. So seker en vas is hierdie wete by

Jesus dat die Johannesevangelie dit herhaaldelik Jesus se "uur" of sy "tyd" noem. Hy het van altyd af geweet Hy is bestem vir hierdie sending in die rigting van die kruis. Daar was geen ander roete, geen ander opsie vir Hom nie. Jesus se uur is die enigste wettige aardse pad vir die Kind van God. Hoor net hoe vind dit weerklank deur Johannes se Evangelie heen:

Jesus se uur is hier

> No darkness can withstand the light of Christ.

- **Johannes 2:4:** By 'n bruilof in Kana vertel Maria vir Jesus dat die wyn opgeraak het. Dan sê Hy vir haar sy uur het nog nie gekom nie.
- **Johannes 4:21, 23:** Jesus is met 'n Samaritaanse vrou in gesprek by 'n waterput. Sy wonder hardop waar die regte plek van aanbidding is – Jerusalem of Gerisim? Dan hoor sy by Jesus dat die uur op pad is, en dit is nou hier, dat God in Gees en waarheid aanbid sal word.
- **Johannes 5:25, 28:** In Jesus se gesprek met die Joodse godsdienstige leiers sê Hy dat daar 'n uur kom, en dit het nou aangebreek, dat dooies die stem van die Seun van God sal hoor en leef.
- **Johannes 7:6, 8:** Wanneer Jesus se aardse broers ongelowig met Hom spot, sê Hy vir hulle dat sy uur nog nie gekom het nie.
- **Johannes 7:30:** Jesus se leringe in die tempel ontstel sommige godsdienstiges só dat hulle Hom gevange wil neem, maar hulle kan dit nie doen nie, want sy uur het nog nie gekom nie.
- **Johannes 8:20:** Weer hoor ons dat terwyl Jesus besig is om

mense in die tempel te leer, daar 'n komplot teen Hom is. Niemand waag dit om Hom gevange te neem nie omdat sy uur nog nie aangebreek het nie.

- **Johannes 12:23:** Terwyl 'n klompie mense in Jerusalem tydens die Paasfees vir Jesus te siene wil kry, kondig Hy aan dat die tyd nou aangebreek het dat die Seun van die mens verheerlik word.
- **Johannes 12:27-28:** Terwyl Jesus opgewonde is oor die uur wat op hande is, kom daar ook 'n groot ontsteltenis oor Hom oor wat dit alles gaan vra. Daarom roep Jesus uit: "Op die oomblik is my gemoed beswaard. Ek weet nie mooi wat om te bid nie. Sal Ek bid: 'Vader, maak 'n ander plan sodat Ek nie hoef te sterf nie'? Dit kan Ek tog nie bid nie! Ek het dan juis gekom om te sterf en op te staan. Ek kan nou net een gebed bid: 'Vader, doen wat nodig is sodat mense kan sien hoe groot en belangrik U is!'"
- **Johannes 13:1:** Net voordat die viering van die Paasfees begin, het Jesus geweet die tyd het aangebreek vir Hom om terug te keer na sy Vader se woning.
- **Johannes 16:32:** Nadat Jesus 'n paar keer in Johannes 16 oor die dissipels se eie uur gepraat het (16:2, 4, 21, 25), sê Hy dat die uur nou aangebreek het dat almal uitmekaar gejaag gaan word en dat hulle Hom alleen sal laat.
- **Johannes 17:1:** Wanneer Jesus sy groot gebed bid net voordat sy Via Dolorosa begin, sê Hy vir God dat die uur nou aangebreek het en dat Hy sy Seun moet verheerlik.

Jesus se uur is sy afspraak met die kruis. Jesus se uur is daardie beslissende moment in die wêreldgeskiedenis waar Hy die weerligafleier, die vervloeking en die straf op sonde word. Aan die ander kant word Hy ook daar die volledige vryspraak en die volmaakte offerlam. Presies hiervoor kom Hy aarde toe.

"Jesus self weet in Johannes 12 dat sy tyd en sy uur nou gekom het (12:23, 27). Hierdie uur gaan gepaard met verheerli-

king vir die Seun van die mens. Maar dit is 'n vreemde manier van verheerliking, want Jesus moet soos 'n koringkorrel in die grond val en sterf. Sy groot uur is een wat deur dood gekenmerk word. Tog is dit spesifiek waarvoor Hy aarde toe gekom het. Daarom is Jesus se uur ook die uur van God se verheerliking.

"Anders gestel, Jesus se sterfpunt is tegelyk die hoogtepunt van sy aardse sending. Dit dien as sy kroning en sy oorwinning oor die Bose. Tydens Jesus se komende uur vind die groot eksorsisme of uitdrywing van Satan immers plaas (Johannes 12:31). Maar hierdie uur sluit ook Jesus se terugkeer na sy Vader in (Johannes 13:1). Tydens hierdie verhoging na die Vader se woning (ná die eerste fase van verhoging aan die kruis), gaan Jesus se werk onverpoosd voort. Hy sal vanuit sy hemelse woonplek alle mense na Hom toe trek deur geloof (Johannes 12:32). Hierdie woorde sinspeel op die universele aard van sy redding. Ewige lewe is vir alle mense bedoel … Kompleet soos wat Moses vroeër die slang aan die paal verhef het om lewe vir die Israeliete te gee, word die kruis Jesus se plek van verhoging (Johannes 3:14-15)" (Joubert, in Joubert & Maré, 2015:715).

Jesus se identiteit is ineengestrengel met sy lydenspad

Die Messias gaan vermoor word deur die godsdienstige elite (Markus 8:31-32)

Markus hou hom deur sy hele Evangelie besig met die vraag na Jesus se identiteit en hoe dit prakties uitspeel in sy bediening. In hoofstuk 8, tydens Petrus se belydenis dat Jesus die Christus is, vloei hierdie twee fasette ineen. Hier verduidelik Jesus reguit aan sy dissipels dat hulle belydenis oor Hom aangevul moet word met die regte kennis oor sy sending. Met name hoor ons in vers 31-32:

> Toe begin Hy met hulle oor Homself praat. Hy vertel hulle dat

> die Redder, die Seun van die mens, baie swaar gaan kry en dat al die belangrikste leiers van die Jode, of dit op politieke of godsdienstige gebied is, teen Hom gaan draai. Hulle gaan Hom doodmaak, maar na drie dae sal Hy weer lewendig word.

Jesus se sending van lyding en dood staan in 'n direkte verband met sy identiteit as die Christus en die Seun van die mens. Jy kan met ander woorde nie aan Jesus as die Christus en die Seun van die mens dink sonder om dadelik aan sy lydenspad te dink nie. As Seun van die mens is Jesus die Een wat gekom het om ooreenkomstig God se wil lyding te verduur (8:31) en om sodoende die Skrifte te vervul (9:12; 14:21). "Veral tydens Jesus se lydenspad onderweg na Jerusalem is die term 'Seun van die mens' prominent. In al drie lydensaankondigings van Jesus, te wete Markus 8:31; 9:31 en 10:33-34, word hierdie begrip gebruik. Jesus se bekende woorde aan sy dissipels dat Hy as Seun van die mens gekom het om sy eie lewe as losprys vir baie op te offer (10:45), word ook bewaarheid wanneer Hy as Seun van die mens in die tuin van Getsemane verraai en uitverkoop word aan sondaars (14:41).

"Jesus as Seun van die mens word verder deur Markus uitgebeeld as die Een wat oor groot outoriteit beskik. Die Seun van die mens kan sondes vergewe (2:10) en wonders verrig (2:2-8). Die Seun van die mens sal ook eendag weer met hemelse outoriteit terugkeer aarde toe in die heerlikheid van sy Vader en omring deur al sy engele (8:38). Later in Markus, ten tye van sy verhoor voor die godsdienstige leiers in Jerusalem, maak Jesus dit nogmaals duidelik dat Hy as hemelse Seun van die mens aan die einde van die tyd sy opwagting sal maak aan die regterhand van God (14:62). Kortom, die term 'Seun van die mens' verwoord tegelyk die seer en swaar van Jesus se roete kruiswaarts, maar ook sy almag as toekomstige Regter en Redder oor die hele wêreld" (Joubert, in Joubert & Maré, 2015:621-622).

Wanneer Jesus nou sy identiteit direk verbind aan sy ly-

denspad in Markus 8, is Petrus ontsteld. Markus vertel vir ons hiervan in vers 32-33:

> Petrus gaan staan toe eenkant met Jesus en sê vir Hom dat Hy nie so moet praat nie. Jesus het egter omgedraai en na sy volgelinge gekyk. Hy praat toe streng met Petrus: "Gee pad agter My, Satan!" sê Hy. "Al wat vir jou saak maak, is wat mense wil hê. Jy gee nie om wat God wil hê nie."

'n Lydenspad was nie Petrus se idee vir die res van Jesus se aardse roete nie. Hy wou 'n veilige Messias hê. Petrus het gedink hy moes ingryp om Jesus te laat afsien van hierdie vreemde idee. Hy het oor die voorafgaande maande gesien hoe populêr Jesus onder die gewone mense is en hoe hulle van oor die hele Galilea en ander streke na Hom toe stroom. Duisende mense het selfs by sulke geleenthede opgedaag. Jesus het twee keer vir hulle almal op 'n bonatuurlike manier kos gegee, soos wat Markus 6 en 8 vertel. Dit was lekker om deel te wees van so 'n suksesstorie.

Daar was allerlei onbeplande "spinoffs" vir die dissipels, soos eer, erkenning en belangrikheid. Hulle kon voordeel trek uit Jesus se bediening. Daarom was dit nie vir Petrus gepas dat Jesus nou sy pad in die rigting van 'n doodloopstraat stuur nie. Hy moes ingryp. Hy was immers die segsman van die dissipels, die hoofseun van die 12.

Jesus se antwoord het Petrus onkant gevang. Hy moes hoor hy bevind hom nou in die kamp van die opposisie. Satan en sy demone het ook geweet Jesus is die Seun van God, maar hulle kon dit nie bekostig dat Hy sy roete suksesvol voltooi nie. Jesus het egter presies geweet wat sy uur inhou, soos wat Hy dit in Markus 8:31-32 uitspel. Die dissipels moes daarom hoor Jesus is 'n lydende Messias. Ja, Hy is die Seun van die mens wat eendag op die wolke gaan terugkeer, maar Hy is ook die Seun van die mens wat binnekort deur die godsdienstige elite in Jerusalem

vermoor sou word en ná drie dae uit die dood opstaan.

Jesus se navolgers dra ook 'n kruis (Markus 8:34-38)

> If some of the people you hang out with don't seem offensive or strange to others, you're probably not following Jesus close enough.

Pas nadat Jesus vir Petrus vasgevat het, verduidelik Hy vir sy dissipels en vir die skare saam met hulle wat dit hulle kos om 'n navolger van Hom te wees. Markus 8:34-38 vertel dit op 'n aangrypende manier:

> Jesus roep die ander mense ook na Hom en sy volgelinge toe en begin met hulle praat: "As iemand my volgeling wil wees, moet hy sy hele lewe vir My gee. Ek sal met niks minder tevrede wees nie. Om My te volg is nie altyd maklik nie. Dit is soos om jou eie kruis na jou dood toe te moet dra as Ek dit van jou vra. Dit is soos om jou eie doodsvonnis te teken. As jy net vir jouself wil lewe, sal jy uiteindelik jou lewe vir ewig verloor. As jy egter bereid is om alles wat Ek vra vir My te gee, al is dit ook jou lewe, sal jy uiteindelik jou lewe vir ewig behou. Jy moet die keuse doen. Maar vra eers vir jouself die volgende vraag: Wat help dit as al die skatte in die wêreld joune is, maar daar is nie vir jou plek by God nie? 'n Mens kan nie vir jou 'n plek by God koop met al die geld in die wêreld nie. As iemand hom vir My of my boodskap skaam voor hierdie klomp goddelose, slegte mense in die wêreld, sal Ek My vir daardie persoon skaam wanneer Ek by my wonderlike groot Vader met al sy engele is."

Jesus se dissipels hoor dat navolging van Hom hand aan hand met prysgawe, dood en verlies loop. Jesus se identiteit en die konkrete uitspeel daarvan in sy dood aan die kruis, is nou dié

metafoor, dié voorbeeld en dié pad vir sy dissipels. Hulle nuwe identiteit en hulle manier van leef, is gelyk aan die dra van 'n kruis. Dissipelskap gaan oor prysgawe van alles wat hulle bestaan tot op hede gedefinieer het. Vir Jesus kan daar geen sprake van dissipelskap wees sonder 'n kruis, opoffering en dood nie.

'n Kruis is sinoniem met 'n doodsvonnis. Geen ander betekenis as dit is in daardie tyd aan kruise geheg nie. Kruisdra was altyd en oral doodsvonnis-taal. Meer korrek, wanneer iemand 'n kruis dra, was die doodsvonnis eintlik al agter die rug; dan was dit nog net die realiteit van die teregstelling wat voorgelê het.

Slegs terdoodveroordeeldes het kruise gedra. Hulle was "dead people walking". Niemand wou in daardie tyd 'n kruis dra nie – ek bedoel op hulle skouers, nie in die vorm van daardie gerieflike hangertjies en ornamente wat so 'n groot modegier in ons dag geword het nie.

Kruisigings was skandelike gebeurtenisse. Dit was net die uitvaagsels van die samelewing, soos misdadigers, onreines en kriminele wat aan kruise vasgekap is. Hoe skokkend nou vir die dissipels om by Jesus te moet hoor Hy gaan vermoor word deur die godsdienstige elite en dat hulle saam met Hom op hierdie pad van lyding moet stap. Hulle moet hulle lewens van nou af verstaan deur die lens van kruisdra en prysgawe.

Hierdie doodspad van kruisdra is die enigste lewenspad vir Jesus se volgelinge. Dit is die enigste pad waar Jesus die roete en die eindbestemming alles in een is, net soos Johannes 14:6 ook sê. Hier is Hy die Reisgenoot en die Een in wie se teenwoordigheid elke dissipel nou reeds 'n gas in God se feessaal is.

Moord, maar ook lewe, wag op Jesus (Markus 9:30-32)

Terwyl die dissipels nog oor die skokkende gedagte moes kom

dat hulle moes sterf en hulle eie kruise dra – om nie eens te praat van die voorafgaande skok dat die godsdienstige leiers van die dag vir Jesus sou vermoor nie – hoor hulle 'n rukkie later weer dieselfde opmerkings by Jesus. Markus deel dit met ons in 9:30-32:

> Hulle is van daar af weg en is deur Galilea. Jesus wou 'n bietjie privaat saam met sy getrouste volgelinge wees. Hy wou die tyd gebruik om hulle meer te vertel en te leer wat hulle moes weet. Daarom wou Hy nie gehad het dat enigiemand moes weet dat hulle daar is nie. Hy sê toe: "Die Seun van die mens gaan aan mense uitgelewer word. Hulle sal Hom doodmaak, maar na drie dae sal Hy uit die dood opstaan." Sy volgelinge het nie mooi verstaan waaroor Hy praat nie, maar hulle was te bang om Hom verder uit te vra.

Vir die tweede keer het Jesus sy lot vooruit met sy dissipels gedeel. Hy sou binnekort uitgelewer word aan mense wat Hom sou doodmaak. Ook het hulle vir 'n tweede keer gehoor dat Hy ná drie dae weer sou lewend word. Die dood sou Jesus nie vir altyd gevange hou nie. Hulle het egter nie verstaan wat Hy bedoel nie. Vir hulle het dit ondenkbaar geklink dat die Messias so 'n harde roete moes aandurf.

Op Christus se lydenspad is daar eers 'n kruis, dan 'n kroon, nooit andersom nie (Markus 10:33-34)

> God's Word is not a menu where you get to pick which commands will suit your lifestyle and which won't.

Uiteindelik het Jesus koers gekies Jerusalem toe. Onderweg soontoe het Hy vir die derde keer gepraat oor sy pad wat voor-

lê. So vertel Markus in hoofstuk 10:32-34:

> Jesus-hulle was op pad Jerusalem toe. Jesus het voor geloop terwyl sy volgelinge agternagekom het. Sy getrouste volgelinge was omgekrap en ontsteld terwyl ander bang begin voel het. Weer 'n keer vat Hy sy getrouste volgelinge eenkant toe en vertel vir hulle mooi wat met Hom gaan gebeur. "Ons is op pad Jerusalem toe," sê Jesus. "Daar sal Ek, die Seun van die mens, op 'n verraderlike manier in die kloue van die leiers van die Jode en die Joodse geleerdes val. Hulle sal besluit dat Ek uit die weg geruim moet word. Hulle sal My dood wil sien en daarom sal hulle My aan die Romeine oorgee. Hulle sal My sonder genade behandel – hulle sal op My spoeg, met My spot, My met swepe slaan en uiteindelik doodmaak. Maar drie dae later sal Ek uit die dood lewendig word."

Die skrif was aan die muur. Die dissipels was bang en onseker. Niemand wil oop-oë die dood binnestap nie. Niemand wil deel wees van 'n sending wat oop-oë op mislukking en dood afstuur nie. "Spring betyds van die skip af voordat dit sink," het hulle by hulleself gedink. Wanneer die wiele afval, is dit elkeen vir homself.

In elk geval, Jesus het nou duideliker as ooit vertel dat Hy as Seun van die mens deur die godsdienstiges uitverkoop sou word aan die Romeine. Hulle sou Hom mishandel, op Hom spoeg, Hom spot, slaan en dan doodmaak. Verskriklike dinge het voorgelê, maar daar was wel 'n groot lig aan die einde van die tonnel. Jesus het weer bevestig dat die dood Hom net drie dae lank sou vashou.

Pas nadat Jesus sy pad vir sy dissipels uitgestippel het, het twee van hulle, Johannes en Jakobus, eenkant met Hom kom gesels (Markus 10:35-45). Maar in plaas daarvan dat hulle vir Jesus gevra het hoe hulle Hom kan ondersteun op hierdie moeilike roete, vra hulle toe of Hy nou al die twee beste plekke

in die koninkryk van God vir hulle kon reserveer. Hulle wou ten minste weet die beste plekke in die hemel is hulle s'n as dinge hier op aarde skeefloop. Toe antwoord Jesus hulle (vers 38-39):

> "Julle weet nie wat julle vra nie. Die pad wat vir My voorlê, is bitter swaar. Dit is soos 'n beker vol smart en seerkry wat Ek moet drink. Ek dink nie julle sal dit saam met My kan drink nie. Soos iemand wat in water gedoop word, moet Ek in lyding gedoop word. Sal julle dit kan uithou? Ek glo nie."
>
> "Ons sien daarvoor kans," antwoord hulle vinnig.

Terwyl Jesus oor sy doodsroete praat, soek Johannes en Jakobus 'n roete van selfbehoud en eie eer. Hulle wou die kruis systap. Hulle wou slegs die kroon-roete volg. Hulle wou eer hê, nie die skande van 'n kruisdood nie. Daarom vra Jesus vir hulle of hulle kans sien om eers sy beker te drink. Sy beker propvol lyding is die enigste roete tot God se ewige koninkryk. Ironies het hierdie twee dissipels dadelik gesê hulle sien kans vir Jesus se beker. Hulle het nie mooi geweet wat hulle sê nie. Tog het Jakobus 'n paar jaar later ook sy lewe afgelê vir Jesus. Ons lees in Handelinge 12 hoe hy die tweede martelaar in die kerk geword het toe hy vermoor is omdat hy nie sy geloof wou prysgee nie. Jakobus se roete het uiteindelik ook via die kruis na die troonsaal van God geloop.

Nederigheid is vergeetagtigheid (Markus 10:42-44)

> Humility equals amnesia regarding our own successes. It opens our eyes to God's goodness in the lives of others.

Die ander dissipels was ontsteld omdat Johannes en Jakobus dalk die beste plekke in die hemel voor hulle neuse opgeraap het. Toe roep Jesus hulle almal bymekaar en leer vir hulle nog 'n groot les oor dissipelskap in vers 42-44:

> Julle weet mos hoe dit onder die Romeine gaan. Hulle het leiers wat vir die mense sê wat moet gebeur en wat nie. Belangrike amptenare sit in die hoë poste en regeer die gewone mense van daar af. Onder julle as Christene mag dit egter nie gebeur nie. As iemand onder julle belangrik wil wees, moet hy die onbelangrikste posisie onder julle inneem. Hy moet bereid wees om alles te doen wat die ander van hom vra en moet die hele tyd reg wees om die ander te dien, of dit hom nou pas of nie.

Om Jesus te volg, vra permanente vergeetagtigheid wat jou selfsugtige behoeftes betref. Dit vra aanhoudende keuses tot 'n lewe van nederigheid. Dit vra doelbewuste besluite vir die agterste plekke in die ry. En vir tweede myle. Sonder 'n lewenslange roete van nederigheid is dissipelskap nie moontlik nie. Dan maak net die voorste plekke in die ry saak. Dan gaan dit net oor Jakobus en Johannes se BBP-sitplekke-opsie! Die enigste pad is egter dié van Jesus. Hy is alle dissipels se voorbeeld en koersaanwyser, soos wat Hy in vers 45 sê: "Selfs Ek, die Seun van die mens, het nie gekom sodat almal My moet bedien nie. Ek het gekom om ander te dien. Daarom het Ek my lewe gegee sodat baie mense daardeur weer God se eiendom kan word."

Jesus se pad is steil. Hieroor draai Hy nooit doekies om nie. Dis 'n pad met 'n lydensbeker wat enduit leeggedrink moet word. Elkeen wat Hom wil volg, moet weet dat sy lot hulle lot gaan wees. Jesus het geen gerieflike wegraping-pad vir sy volgelinge gereed waar hulle allerlei groot verdrukkings gespaar gaan word nie. Jesus rig nie gemaklike geestelike bunkers

iewers op aarde op waar sy dissipels veilig kan wegkruip ver van al die gevare van die wêreld af nie. Hy preserveer hulle nie in heilige spasies totdat hulle aardse rakleeftyd verstryk nie.

Prysgawe, lyding en selfverloëning is Jesus se pad. Hoekom sal dit dan nie ook sy volgelinge se pad wees nie? Dissipels se pad is altyd uitgemerk met 'n kruis, Jesus s'n. Dis nie 'n kortpad nie. Of 'n agterstraat nie. Dit is die hoofpad na God toe. Daarom bruis vreugde altyd op hierdie roete, want Jesus, die Vreugdekoning, loop hierlangs. Hier sing en dans Hy saam oor elke verlore skaap wat tuiskom en saam met elke hongerige wat brood kry. Hier hou Hy sy volgelinge se hand stewig vas.

Van stilbly tot luidkeels vir Jesus praat … en leef!

> It's Jesus who makes time for us, not the other way round.

Markus vertel vir ons dat Jesus se pad een is waaroor jy stilbly totdat jy behoorlik verstaan wie Hy is. Eers as jy begryp dat Jesus die lydende Christus en die Seun van die mens is wat 'n doodsroete ter wille van ons almal aandurf, kan jy begin praat. Nog meer, as jy regtig begryp dat Hy daardie nag in Getsemane ja gesê het vir hierdie pad, loop jy saam met Hom daarop. Jou eie slaapsessies daar in Getsemane raak dan al hoe minder. Jou kruisdra word dan 'n voltydse geestelike dissipline en jy vind makliker jou eie plek agter in die ry, daar waar Jesus vir jou plek hou.

Praat is nie net woorde nie. Praat is leef. Praat is doen. Praat is kruisdra, soos wat met George L. Fox gebeur het. Sy Rubicon, sy eie punt van geen omkeer vir Jesus, het aangebreek op 3 Februarie 1943. Hy was een van die kapelane aan boord van die *Dorchester* toe 'n torpedo van 'n Duitse U-boot dit daardie dag

tref. Terwyl die boot begin sink, is die matrose uitgerus met reddingsbaadjies. Daar was egter nie genoeg vir almal nie en George Fox en die ander kapelane het hulle eie reddingsbaadjies vir die matrose gegee. Terwyl die matrose weggeswem het van die skip af het Grady Clark, een van die oorlewendes, gehoor hoe hierdie vier kapelane tot eer van God sing. Hy het ook vertel hoedat hulle hardop gebid het vir die veiligheid van almal daar op die oop see.

George Fox en sy mede-kapelane het iets van Jesus se offer vir hulle begryp. Toe het hulle agternageloop. Toe het hulle hulleself gegee. Werner Groenewald, een van die teologiestudente vir wie ek jare gelede klas gegee het, het dieselfde gedoen. Einde November 2014 is hy en sy kinders wreed vermoor deur Taliban-ekstremiste in hulle huis in Kaboel. Werner het eenkeer gesê: "We only die once, so it might as well be for Jesus!" Die Groenewald-gesin het Christus eerste gestel. Hulle het die hoogste prys hiervoor betaal.

Genadiglik is nie almal van ons se aardse roete so moeilik soos George Fox of Werner-hulle s'n nie. Dit hoef ook nie te wees nie, want ons elkeen het 'n unieke lewensbeker om in Jesus se Naam te drink. Ons moet so gou moontlik daardie unieke roete ontdek wat ons saam met Christus moet aflê. Ook moet ons ons hande op daardie beker sit waarop ons name gegraveer is en dit leegdrink. Terloops, persoonlike veiligheid of gerief is nooit hierop ingegraveer nie. Wat Jesus wel aan ons elkeen waarborg, is sy nabyheid en sy vreugde. Hy is by ons al die dae van ons lewe. Of ons deur 'n donker dal moet worstel, en of ons in groen weivelde rus, Jesus los ons nooit alleen nie.

Hoofstuk 4

Was ek in Jesus se gedagtes toe Hy daardie dag ja gesê het?

Meer as persoonlike Brandversekering

> Jesus must protect his Name better, I thought. He hangs out with the wrong people, such as sinners, failures and dropouts. Then I remembered He also hangs out with me.

Die Griekse denker Epiktetus het gesê dis onmoontlik om mense iets te leer wat hulle dink hulle reeds weet. Dit geld ook van sommige se verstaan van Jesus. Hulle sien Hom net as hulle Redder, maar hulle dien Hom nie voltyds as hulle Heer nie. Hulle het Jesus eintlik net nodig as persoonlike Brandversekering vir die dag wanneer hulle doodgaan. Dan moet Hy daar wees om hulle hemel toe te neem. Sulke mense gee graag hulle harte vir Christus, maar hulle hou die res van hulle lewens vir hulleself. Hulle geloof is eintlik net bedoel om post-mortem, nadoods, dividende op te lewer.

Ons almal benodig nuwe kennis oor Jesus sodat ons nie

Epiktetus se woorde oor ons waarmaak nie. Ons moet dringend tot die lewensveranderende insig kom dat indien ons Christus se werk en identiteit inperk tot die verskaffing van reddingsdienste anderkant die dood, ons Hom nie regtig as die Here van ons lewe dien nie. Dan dra ons nie sy kruis soos Markus 8 ons leer nie. Dan val ons nie elke keer agter in die ry in om ander mense te dien soos wat Markus 10 van ons vra nie. Sonder die regte ervaringskennis van Jesus, beide as ons Heer en Verlosser, beoefen ons 'n werklikheidsvreemde godsdiens daar eenkant in die kerk op Sondae terwyl ons gedurende die res van die week volgens 'n ander stel reëls leef.

"Bigger and better"

> The cross of Jesus carries us while we carry ours.

Ons moet deel word van 'n lewensveranderende roete, daardie soort waaroor Bob Goff skryf. In sy boek *Love Does: Discover a Secretly Incredible Life in an Ordinary World* (2012), vertel hierdie Christen-aktivis en regsgeleerde dat hy en sy seuntjie graag die speletjie "Bigger and better" gespeel het. Jy begin met iets van min waarde, soos 'n twintigsentstuk. Jy gaan klop dan aan iemand se deur en vra hulle of hulle iets van meer waarde wil verruil vir jou 20 sent. Dan ruil jy dit weer vir iets van meer waarde en so hou die speletjie aan. Die doel van die speletjie is dat jy aan die einde van die dag iets moet hê wat baie meer werd is as dit waarmee jy begin het.

Goff pas die "Bigger and better"-beginsel toe op Jesus. Volgens hom speel Jesus ook graag hierdie speletjie met ons. Sy speletjie gaan egter nie daaroor dat ons aan die einde meer geld, besittings of 'n formalistiese godsdiens het nie. Dáárdie

speletjie staan eerder bekend as "The Rat Race". Daar verloor selfs die wenners uiteindelik alles. Jesus daag ons uit om dit wat in ons eie oë saak maak, asook dit wat in die oë van almal rondom ons as waardevol beskou word, in te ruil vir die voorreg om Hom 'n leeftyd lank te volg.

Dié wat Jesus se "Bigger and better"-aanbod aangryp, leef volgens ander leefreëls. Hulle doen vreugdedanse wanneer een verlore skaap van God opgespoor word. Hulle sing wanneer nog iemand bereid is om alles "op te ruil" vir Jesus. Hulle jubel as vyandskap tussen mense deur 'n paar sagte woorde afgekoel word. Ook is hulle bly saam met elke hongerige wat 'n porsie feeskos ontvang en elke sieke wat die Here se genesende hand ervaar. Hulle huil oor al die onreg in die wêreld. Hulle treur saam met die jongste slagoffers van misdaad, maar is ook bly as die Here sy mense tydens gevaar bewaar.

Jesus se dissipels is nie met ontsnappingsaksies uit die wêreld besig nie. Hulle weet dat daar eendag, wanneer God die tyd daarvoor bepaal het, 'n nuwe aarde en hemel sal wees. Tot dan is hulle aktief aan diens in God se onderstebo koninkryk hier op aarde. O ja, en Jesus se dissipels begryp ook al hoe meer wie Hy is. Hulle het ja gesê vir Hom as Heer wat op sy beurt een nag in Getsemane ja gesê het vir God se moeilike pad. En ook vir hulle! Daarom volg hulle Jesus elke dag getrou na. Sy roete is hulle s'n; sy identiteit ook! Hulle het die regte Rubicon oorgesteek.

Hoekom moes Jesus hierdie moeilike pad loop?

> We are Christ's servants, not his advisors.

Tot nou toe het ons by Markus geleer van Jesus se aardse

sending en sy identiteit. Terwyl die mense rondom Jesus gespekuleer het wie Hy kon wees, hoor ons by God dat Jesus sy Seun is. Ook verneem ons by Jesus self Hy is die Messias en die Seun van die mens. Dit is nie net blote titels nie. Vir Jesus hou hierdie titels direk verband met sy lydenspad op aarde. Hy is die lydende Messias en die Seun van die mens wat oorgelewer gaan word om doodgemaak te word, maar wat weer drie dae later uit die dood sal opstaan.

Hoekom moes Jesus juis hierdie pad loop? Wat was die rede hiervoor? Wie of wat was die oorsaak? Markus, ons amptelike reisgids, help ons met die regte antwoorde. Hy help ons om te verstaan waarom Jesus se pad uiteindelik via die kruis moes loop.

Jesus kom om God se koninkryk te laat aanbreek (Markus 1:15)

So begin drie bekende Bybelboeke:

- Genesis 1:1: In die begin van alle tyd het God die hemel en die aarde gemaak.
- Johannes 1:1: Heel aan die begin het die Woord reeds bestaan (NLV).
- Markus 1:1: Hier begin die Goeie Nuus aangaande Jesus Christus, die Seun van God (NLV).

Sien jy die ooreenkomste raak? Die Markusevangelie se openingswoord in Grieks is presies dieselfde woord as waarmee Genesis (in die Griekse vertaling van die Ou Testament), en later ook die Johannesevangelie, afskop, naamlik "begin". Maar anders as in Genesis 1:1 gebruik Markus dit nie as 'n tydsaanduider van daardie spesifieke moment in die ewigheid toe God begin skep het nie. En anders as Johannes 1:1, wat die ewige bestaan van Jesus as die Woord hiermee beskryf, gebruik Markus die woord "begin" om die era van die Evangelie wat

met Jesus se optrede ingelui word, te verwoord.

Jesus is die eksklusiewe Naam en Adres van God se koninkryk

Jesus se optrede is die begin van 'n nuwe tyd, 'n nuwe era, wat volgens Markus omskryf word met *euangellion.* Die era van Goeie Nuus is nou hier. Jesus self beliggaam hierdie blye boodskap, hierdie Evangelie. Hy is die inhoud hiervan. In dieselfde asem bring Hy dit ook na ons toe. Goeie Nuus is gelyk aan Jesus, dit handel ook oor Jesus. Anders gesê, die Evangelie het 'n eksklusiewe naam en adres: Jesus Christus.

Volgens Markus 1:15 staan alles wat Jesus op aarde doen en sê in die teken van sy prediking oor die koninkryk van God. Sy openingspreek begin juis met die woorde dat die koninkryk van God hier is, maar dit wag ook net om die draai. (Die Griekse werkwoordsvorm wat Markus hier gebruik vir die aanbreek van die koninkryk kan sowel as teenwoordig, hier en nou, en as komend vertaal word.) Die koninkryk van God is nie meer doer eenkant nie; dis nou hier tussen gewone mense. Dit ontvou in die regte lewe.

Die koninkryk van God is nog nie in volle heerlikheid hier sigbaar nie. God se nuwe aarde en hemel is nog op pad. Tog is die vingerafdrukke van God reeds oral sigbaar en voelbaar wanneer armes in Jesus se Naam kos kry; blindes sien; vreemdelinge op die hande gedra word en God se verlore eiendom teruggevind word. Reeds aan hierdie kant van die dood bruis daar nuwe lewe te midde van die dood. Jesus laat nou reeds die hemel aarde raak. Hy is die waarborg dat dit ook vir ewig sal aanhou.

Bekering is die enigste manier om deel te word van God se koninkryk. Letterlik beteken bekering, oftewel *metanoia*, soos dit in Markus 1:15 genoem word, 'n radikale omkeer in Christus se rigting. *Metanoia* vra om 'n radikaal nuwe manier van dink en leef in God se teenwoordigheid.

Gedesentraliseerd en subversief

Die nuwe ryk van God wat Jesus na die wêreld toe bring, is gedesentraliseerd. Anders as die kultiese sisteem van Israel met die hoofkwartier in Jerusalem, het God se ryk nie 'n aardse hoofkwartier met 'n sentrale regering, administrasie, kultiese personeel of weermag nie. Hierdie koninkryk is ook nie net verbind aan een bestaande stuk grondgebied, soos die land van Israel, nie. Dit oorspoel die ganse wêreld. Op elke plek waar Jesus se dissipels hulle bevind, presies daar gebeur die koninkryk van God; daar is dit subversief en transformerend aan die groei.

Die koninkryk is soos 'n mosterdsaadjie, soos wat Jesus in Markus 4:30-32 vertel. Dit begin klein en onbeduidend, maar dit infiltreer alle ander ryke op vreemde maniere. Die koninkryk van God is nie aanvullend tot bestaande ryke nie. Dit is die alternatief. Daarom geniet navolgers van Jesus nie dubbele burgerskap nie. Hulle is eksklusiewe burgers van hierdie nuwe wêreld van God. In Petrus se woorde in die eerste Petrusbrief is gelowiges vreemdelinge en bywoners in hierdie wêreld, maar in dieselfde asem is hulle 'n koninklike priesterdom van God. Nou reeds is hulle volwaardige burgers van God se ewige koninkryk.

Die koninkryk van God is groter en meer as die kerk

Jesus het nie gepreek: "Bekeer julle, want die kerk is hier" nie. Hy het gepreek: "Bekeer julle, want die koninkryk van God is hier!" Die koninkryk van God is nie sinoniem met die kerk nie. Die kerk is wel 'n baie belangrike sigbare teken van die koninkryk, maar die koninkryk is veel meer omvattend as die kerk, wat op haar beurt die sigbare versameling van God se nuwe aardse volk is.

God se koninkryk is nie plek- of landgebonde nie. Dit behoort nie aan een of ander kerklike denominasie nie, en dit word ook nie bestuur deur kerklike rade en amptelik-aangestelde gees-

telike leiers nie. Die koninkryk van God gebeur oral. Soos 'n skat in 'n saailand gee dié wat dit onverwags raakloop alles prys om deel hiervan te mag wees. God se koninkryk is met 'n onstuitbare opmars oor die wêreld heen besig.

Jesus se dissipels se roeping is nie om mense bloot net terug te verskuif kerk toe, of om bestaande kerke se getalle te laat groei nie, maar om kerkmense weer terug te kry in die koninkryk van God. Anders as kerkgeboue wat soms as "heilige spasies" deur kerklikes beskou word, is elke spasie in die wêreld waar God sy genade laat skyn nou koninkryksgebied – dít is heilige spasie.

Anders as die kerk wat die werklikheid soms in terme van "ons" en "hulle" afgrens, omsluit die koninkryk van God die totale werklikheid as "God s'n". God se skepping, sy nuwe wêreld, is hier in die fokus.

Al is die kerk op party plekke in die moeilikheid, is God se koninkryk nooit in die moeilikheid nie, soos wat die skrywer Eugene Petersen tereg opmerk. Die koninkryk van God verplant, groei en gedy op enige plek en tussen enigiemand. Dit is soos water wat op enige plek kan vloei. Dit is soos lig wat deur enige kraak of opening in die donker gordyn kan skyn. Die koninkryk van God gebeur wanneer Jesus se dissipels sout is op plekke waar daar groot souttekorte heers. Dissipels bou dus nie gedurig hoër soutmynhope nie; hulle groei nog meer dissipels wat op hulle beurt Jesus se hande en voete in God se koninkryk is.

Jesus kom om die duiwel uit te knikker (Markus 1:24)

> Jesus isn't merely a divine supplier of religious goods and services; He is Lord!

Jesus kom ook om die duiwel se mag te breek. Die demoniese magte weet dit. Daarom roep een van hulle hardop uit in Markus 1:24: "Wat kom soek Jy hier, Jesus van Nasaret? Het Jy gekom om vir ons moeilikheid te maak en ons te vernietig? Ek ken Jou; ek weet wie Jy is – Jy is die Heilige van God." Dadelik maak Jesus hierdie onrein gees stil en jaag hom weg. In Markus 5:7 spreek 'n ander demoon Jesus aan as "Seun van die grote God" net voordat dié ook uitgedryf word.

Verskeie konfrontasies tussen Jesus en Satan se bose handlangers vind deur die loop van sy bediening plaas, soos die ander Evangelies ook vertel (Matteus 4:23 ev; Markus 1:32; Lukas 6:17-18). Wanneer onrein geeste mense beset (Markus 1:25-26; 5:1-20; 9:14-29), volg dramatiese reaksies gewoonlik wanneer hulle met Jesus in aanraking kom. Demone gaan dikwels kliphard aan die skree. Ander kere gooi hulle hul slagoffers op die grond neer, of hulle smeek Jesus om genade (Markus 1:23-24; 9:20). 'n Keer of wat probeer party van hierdie onrein magte om hulle met sogenaamde afweer-rites teen Jesus te beskerm. In Markus 5:7 lees ons hoe 'n bose mag Jesus beveel om hom nie seer te maak nie. Ook sy voorafgaande "magswoord": "wat kom soek U hier?" funksioneer as 'n mislukte verdedigingsmeganisme teen Jesus se oppermag, soos wat Twelftree (1993:64) skryf.

Jesus is God se suksesvolle Eenmanweermag teen die ganse ryk van die Bose

Die feit dat demone Jesus se ware identiteit ken, bewerk geen omkeer in hulle nie. Daarom is Jesus se kragtige woorde meer as genoeg om hierdie demoniese magte te verwyder uit die nuwe ruimte van God se koninkryk (Markus 9:25). Anders gestel, Jesus se duiweluitdrywings is 'n sigbare bewys dat die koninkryk van God hier is, soos wat Twelftree (2007:53) noem. Dit beklemtoon keer op keer Jesus se oorwinning oor die ryk van die duiwel. Hy staan egter nooit te veel tyd af aan interaksies met hulle nie. Oral waar Hy demoniese magte raakloop,

verdryf Hy hulle vinnig, effektief en blywend uit mense se lewens.

Jesus se ontsteltenis is voelbaar wanneer skrifgeleerdes uit Jerusalem Hom in Kapernaum as 'n duiwelbesetene uitkryt, volgens Markus 3:22 (hulle het letterlik gesê: "Jesus het Beëlsebul"). Jesus antwoord hulle dan dat indien die duiwel se huis onderling verdeeld is, hy nie sal kan voortbestaan nie. Ook voeg Jesus dan by dat hierdie beskuldiging gelykstaande is aan die sonde teen die Heilige Gees.

Wanneer die Seun van God se werke aan die duiwel toegeskryf word, word hierdie onvergeeflike sonde gepleeg (3:28-30). In dieselfde asem maak Jesus dit ook nou duidelik dat Hy gekom het as God se Eenmanweermag uit die hemel om die ganse ryk van Satan aan te vat en uit te knikker: "'n Mens kan ook nie in 'n sterk man se huis instap en vat wat jy wil hê nie. Jy moet eers sorg dat die sterk man vasgebind is voordat jy sulke dinge kan doen" (vers 27).

Die duiwel is geen kompetisie vir Jesus nie

Jesus en die duiwel is glad nie gelykes nie. Jesus is eindeloos sterker as "die sterk man", soos wat Matteus 12 en Lukas 11 vertel. Jesus is die Seun van God, die Messias en die Here. Daarom stap Hy na hartelus in die Bose se doodskampe rond om sy menslike krygsgevangenes uit sy hande te ruk. Van die begin af is dit 'n ongelyke geveg. Die magte van die hel is glad nie opgewasse teen een Man uit die hemel nie. Waar Jesus ook al gaan, stamp Hy hulle onseremonieel uit sy pad.

Wanneer dit Jesus pas, stuur Hy 'n skare duiwels in varke in en laat hulle verdrink in die See van Galilea (Markus 5:1-19). En wanneer selfs sy eie dissipels magteloos is om 'n onrein gees uit 'n seun te verdryf, doen Jesus dit met 'n magtige bevel (Markus 9:14-29). Geen wonder nie dat Hy in Lukas 10:18 sê dat Hy vir Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val het. Jesus se koms is die begin van die einde van Satan se bose ryk. Die dui-

wel is besig met sy laaste stuiptrekkings. In Johannes 12:31, net voor sy kruisiging, sê Jesus juis dat die tyd aangebreek het dat die duiwel uitgegooi word buitentoe en dat God se oordeel voltrek word.

Jesus kom om sondaars nader te roep (Markus 2:17)

Jesus se skokkende optrede, deur saam met onrein mense te eet, was spoedig hoofnuus in al wat 'n godsdienstige gesprek is. Een so 'n ete vind juis plaas kort nadat Jesus vir Levi in Kapernaum roep om Hom te volg. Dan nooi Levi al sy sondaarvriende om saam met hom en Jesus te kuier (2:13-17). In die Joodse tradisie was so iets heeltemal ondenkbaar. Godsdiens moes juis die grens tussen rein en onrein in stand hou.

Daardie ou Joodse geskrifte beskryf vir ons hoe reinheid lyk

Ons kry 'n kykie in hierdie wettiese verstaan van die godsdiens as ons deur die Misjna blaai. Die Misjna is 'n versameling Joodse geskrifte vanuit die laat derde en begin vierde eeu na Christus wat die mondelinge tradisies van godsdienstiges oor baie eeue op skrif gestel het. Hier lees ons onder andere hoe hulle die ganse werklikheid beskryf en gekarteer het in terme van rein en onrein.

Mense, tyd, spasie, beroepe, kos – dit alles en nog meer is ingedeel by wyse van heilig en onheilig, in en uit, rein en onrein. Daar was rein kos en onrein kos; daar was ellelange voorskrifte oor hoe jy jou hande voor elke ete moes was. Dit het nie regtig daaroor gegaan dat jou hart rein moes wees nie. Sou jou liggaam, jou beroep, jou kos, jou huis, jou houers vir kos, jou vriende, en dies meer, nie rein wees nie, was jy uit. Dan was jy onrein. Daarom was die Fariseërs so geskok oor Jesus se onrein vriende. Want hulle het alle tollenaars by voorbaat onrein verklaar. Onreinheid was altyd sterker as reinheid; daarom moes heilige mense onrein mense soos tollenaars vermy.

Onreinheid is hoogs aansteeklik

Godsdienstiges het onrein mense as hoogs aansteeklik beskou en fisieke kontak was taboe. Wanneer Jesus byvoorbeeld in Markus 1:41 aan 'n onrein melaatse raak, is Hy volgens Joodse godsdienstiges dadelik onrein totdat Hy ook eers 'n reinigingseremonie deurgaan. Dieselfde gebeur wanneer Jesus in die huis van Levi ingaan. Alles aan tollenaars, van hulle beroep tot hulle eetgebruike en hulle vriendskappe, het rein mense wat direkte kontak met hulle het, aangesteek en besmet. (Let op hoe geskok die mense van Jerigo in Lukas 19 is wanneer Jesus kies om daar by die hooftollenaar, Saggeus, oor te bly.) Toe Jesus Hom egter nie steur aan die godsdienstige protes omdat Hy by Levi en sy vriende eet nie, het hulle daar buite Levi se huis vanaf 'n "rein afstand" op Hom begin skree. Hulle wou weet hoekom Hy so iets aanvang. Toe antwoord Jesus hulle dat Hy nie gekom het om regverdiges te roep nie, maar sondaars.

Die term "sondaar" was 'n skeldnaam vir dié wat dit nie gemaak het op die skeefgetrekte kaarte van reinheid van die godsdienstige leiers nie. Sondaars kon slegs hulle onrein gradering slaag! Sondaars was uit; hulle was uitgesluit van alle godsdienstige aktiwiteite en uitgesluit van alle eerbare posisies, interaksies, beroepe en gesprekke in die normale samelewing. Sondaars moes in sosiale en religieuse kwarantyn gehou word. Kontak met hulle moes vermy word, want hulle "toestand" was hoogs aansteeklik. Hulle onreinheid was oordraagbaar op rein mense wat die wette van die godsdienstiges streng nagekom het.

Vir Jesus kom onreinheid altyd van binne af

Sondaars in Jesus se oë was nie uiterlike onrein mense nie, maar dié met onrein harte. Dit verduidelik Hy in Markus 7. Net nadat Jesus en die godsdienstige leiers 'n groot geskil oor innerlike en uiterlike reinheid gehad het omdat sy dissipels nie hulle hande voor 'n ete volgens die voorgeskrewe reinheidsregulasies ge-

was het nie, verduidelik Jesus vir sy dissipels wat 'n mens regtig onrein maak (7:19-23):

> Weet julle nie dat die kos wat 'n mens eet in jou maag beland en later weer uitgeskei word nie? Dit raak jou nie regtig hier diep binne-in nie en daarom maak dit nie dat God jou nie wil hê nie. (Dit beteken dat Jesus eintlik ook gesê het dat geen kos 'n mens vir God onrein en so onaanvaarbaar kan maak nie.) Wat egter diep uit 'n mens se hart kom, maak die verskil en kan maak dat God niks daarvan hou nie. Want dit is van binne af, uit wat 'n mens begeer, dat vuil gedagtes groei, soos om ander se goed te vat of jou seksueel sleg te gedra. Laat Ek 'n lysie maak. Ek praat van dinge soos moord, om ontrou te wees in die huwelik, om meer te begeer as wat jy het, om mense kwaad te wil aandoen en allerhande skelmstreke te beplan, om nie om te gee wat jy doen nie, of dit nou reg of verkeerd is, om jaloers te wees op ander mense, om lelik met en van ander te praat, om te veel van jouself te dink en nie jou plek te ken nie en om sommer net ligsinnig te wees. Al hierdie dinge kom uit die binnekant van die mens – dít is dinge waarvan God nie hou nie en dit maak mense voor Hom onrein en onaanvaarbaar.

Onreinheid is hartsake vir Jesus, nie handewas-sake nie. Onreinheid kom uit 'n mens se hart; dit kom nie van buite af oor jou as jy jou hande verkeerd was, of as jy een of ander siektetoestand onder lede het nie. Jesus draai die godsdienstige roete van reinheid en onreinheid onderstebo. Onreinheid gebeur van binne af buitentoe, nie van buite af binne toe nie; reinheid ook. En Jesus het juis gekom vir dié wat aan die binnekant van hulle lewe onrein is!

Jesus kan nie mense help wat net hulle uiterlike reinheidsgebruike in stand wil hou nie. Almal wat die simptome van innerlike onreinheid vertoon, soos ontrouheid, jaloesie, gierigheid, kwaadpratery, seksuele ontrou, ligsinnigheid, arrogan-

sie … wel, vir hulle het Jesus eindelose genade. Hierdie simptome wys daar is iets ernstigs met hulle harte verkeerd. Dinge aan die binnekant van hulle lewens is pikdonker. Jesus sê Hy het juis gekom om hulle na Hom toe te roep. Hy wil sulke sondaars se lewens vir Homself hê. Hy wil saam met hulle eet en hulle roep om Hom te volg. Dan word hulle lewens rein voor God, soos wat met Levi gebeur het.

Jesus is die Here vir onrein mense

Jesus het gekom om dié te bevry wat dit nie gemaak het op die godsdienstige reinheidskaarte van daardie dag nie. Hy is op soek na 'n Levi en na die melaatse daar in Markus 1-2. Of na die vrou met bloedvloeiing in Markus 5; die nie-Joodse siekes in Markus 6-8, en vele ander. Hy het gekom om hulle vry te maak om as nuwe mense in God se koninkryk tussen ander te leef. Nou is hulle nie meer verstote kantlynmense nie, maar mense met ewige waarde voor God. Nou het hulle ook 'n nuwe selfwaarde.

Jesus se vriendskap met onreines was so skokkend dat Hy spoedig die reputasie van 'n vraat en 'n wynsuiper, 'n vriend van tollenaars en sondaars gekry het, soos ons in Matteus 11 lees. Sulke etikette waarmee Jesus beskryf is, het uiteindelik tot sy kruisiging bygedra! Hy was net te bedreigend vir die "veilige" godsdienstige sisteem van die dag. Jesus se gewoonte om sondaars in God se arms in te eet, en om "regverdiges" wat Hom nie nodig het nie, uit te eet, het laasgenoemde eindeloos kwaad gemaak. Daarom skryf Robert Karris (1985:47): *"Jesus got himself crucified by the way He ate."* Jesus se oortreding van al die reinheidskodes van daardie tyd het daartoe gelei dat die godsdienstige leiers Hom uiteindelik laat kruisig het.

Jesus kom om sy eie lewe as loskoopgeld te gee (Markus 10:45)

Jesus is nie 'n toneelspeler nie

Terwyl die dissipels besig was om te werk vir die voorste plekke in die hemel en oorbehep was met hul eie eer, leer Jesus hulle die les van hulle lewe in Markus 10:45: "Ek, die Seun van die mens, het nie gekom sodat almal My moet bedien nie. Ek het gekom om ander te dien. Daarom het Ek my lewe gegee sodat baie mense daardeur weer God se eiendom kan word." Die Seun van die mens het 'n dien-hart. Daarom het Hy die veiligheid van die hemel verruil vir die aardse roete van 'n slaaf, soos die apostel Paulus ook vir ons vertel in Filippense 2:5-11. Jesus het letterlik vir meer as 30 jaar sy hemelse glorie ingeruil vir 'n slawebestaan hier op aarde.

Gedurende hierdie tyd op aarde het Jesus nooit opgehou om God te wees nie; Hy het maar net in 'n baie nederige gestalte hier tussen ons sy opwagting gemaak. Nee, dit was nie 'n vermomming nie. Jesus het nie soos een of ander professionele akteur gekies om maar net 'n rol as die nederige Kneg van die Here hier op aarde te kom speel nie. Hy is nie 'n hemelse toneelspeler nie. Dit is regtig wie Hy is; Hy weerspieël hier op aarde die hart van die drie-enige God. Jesus wat ryk is, het ter wille van ons arm geword, soos wat Paulus in 2 Korintiërs 8:9 vertel.

Dit is jammer dat die kerkgeskiedenis Jesus se nederige aardse bestaan toegeverf het met koningsklere, stralekranse, vroom heiliges en edelmanne wat Hom omring op elke skildery en brandskilderwerk in kerke. Kunswerke deur die eeue het Hom tot 'n adellike omskep. Die Seun van God in sy slawegewaad was net te vreemd en te ontstellend vir die maghebbers van die dag. Hulle wou ten alle koste 'n glinsterende Jesus hê in wie se teenwoordigheid almal met heilig-gevoude hande kon rondstaan. Die ware Jesus is egter die Seun van die mens van Markus 10:45 wat sê dat Hy hier op aarde is om te dien. Daarom

kon die godsdienstiges sy ware identiteit nooit raaksien nie. 'n God wat sy eie handewerke kom dien; 'n God wat sy lewe kom gee – dit maak eenvoudig nie vir hulle sin nie. Hulle het verwag dat die Messias met die gedreun van hemelse kanonne sou opdaag en dat Hy die Romeine en al die ander vyande van Israel van die aardbol sou afvee. Maar toe daag Jesus hier op as die dienskneg-Seun van die mens. En as die Een wat sê Hy kom om sy lewe as losprys vir baie af te lê.

Jesus is die volle koopsom

Jesus kom as die afkoopprys. Dit is wat die term *lutron* beteken wat Markus hier in Grieks gebruik. *Lutron* is dikwels gehoor wanneer slawe in daardie tyd vrygekoop is. Indien die vasgestelde prys op 'n slaaf se kop deur iemand betaal is, kon daardie slaaf vrykom van die las van slawerny. Dan het sy of haar status vir altyd verander vanaf 'n slaaf tot 'n vry mens. Soos Scott McKnight (2005:166) tereg sê: Hierdie woorde is koninkrykstaal op Jesus se lippe. *"Jesus gives his life in order to save the lives of his followers."* Hy is die volle koopsom om baie ander mense vry te stel.

Plaasvervangende godsdienstige optrede, waar iemand sy lewe in die plek van ander prysgee en waar dit reddende implikasies vir hulle voor God bewerk, kom drupsgewys in sommige buite-Bybelse Joodse geskrifte voor, soos in die Makkabeërbriewe. Ons hoor ook hiervan in die geskrifte van die Joodse splintergroep by Koemraan. Maar oor die algemeen was dit vreemd vir Jode om in sulke taal aan hul godsdienstige figure te dink.

Wanneer loskoping ter sprake was, het Jode eintlik net gedink aan offers in die tempel en veral aan die plaasvervangende offer in die heiligdom elke jaar op die groot Versoendag, waarvan Levitikus 16 vertel. Op daardie dag moes 'n onskuldige sondebok namens die volk geoffer word. 'n Aardse Messias wat sy eie lewe kom opoffer soos daardie einste sondebok, was egter nie

op die godsdienstiges se radarskerm nie. Nie eens Jesaja 52-53 se liedere oor die Kneg van die Here wat op pad is om mense se lyding te dra, het hulle regtig hieraan laat dink nie. Volgens hulle offer die Messias nie sy eie lewe op om God se volk los te koop nie. Hoe verkeerd was hulle nie!

Jesus as hemelse Heer kom dien sy mense deur sy eie lewe vir hulle lewens weg te gee. Dit gebeur so omdat 'n plaasvervangende offer nog altyd nodig was om hemel en aarde te versoen. Dit was nog altyd so in die Bybel. Omdat mense nie self die prys vir hulle oortredings voor God kan betaal nie, was Hy bereid om offers in hulle plek te aanvaar by die kultus in Jerusalem. Die probleem, soos Hebreërs vir ons vertel, is dat hierdie offers nie op die lange duur gewerk het nie. 'n Eenmalige offer was nodig, een wat mense vir altyd kon loskoop voor God. En dis hier waar Jesus inkom. Hy het gekom om die hele koopsom op een slag te betaal.

Die Hebreërbrief vertel dat Jesus eens en vir altyd die pad tussen God en mense herstel het

"Die onsekerheid wat met die eerste verbond gepaardgegaan het, was te wyte aan die ondoeltreffendheid van die offers om blywende vergifnis en heiligmaking vir al die offeraars te verseker. Hulle sondes was altyd meer as die offerdiere se beperkte bloed sodat hulle nie volkome heilig of aanvaarbaar vir God gemaak is hierdeur nie (Hebreërs 10:1-4). Jaarin en jaaruit moes dit herhaal word. Hierdie eindelose offers is egter nou deur Jesus stopgesit. Sy offer op Goeie Vrydag is nou die groot versoendag van die nuwe verbond (Hebreërs 6:20; 8:1-3; 10:19-20). Hy is nou in die volmaakte hemelse heiligdom waar geen herhaling van bloedoffers ooit weer nodig is nie.

"Daar voor God se troon is Christus ewig aan diens om ons onthalwe (Hebreërs 9:23-28). Daar bewerkstellig Hy as ons Priester-Koning en Middelaar ware lewe voor God. Daar begelei Hy ons in God se heerlikheid in (Hebreërs 2:10). Daar

bied Hy ewige vergifnis en toegang tot God vir almal wat op sy eenmalige offer steun (Hebreërs 6:19-20; 9:11-14; 10:19-24). Van daar af sal Christus ook eendag terugkeer as Regter om oor goddeloses te oordeel, maar ook as Redder om dié wie se sondes Hy eenmalig gedra het finaal te kom verlos en sy hemelse heerlikheid vir altyd met hulle te deel (Hebreërs 9:27-28)" (Joubert, in Joubert & Maré, 2015:992).

Jesus kom om 'n nuwe ete in te stel (Markus 14:22-24)

Die paasmaaltyd is uit; die nagmaal is in

Daardie Donderdagaand net voordat Jesus in Getsemane ja gesê het vir die kruispad, het Hy saam met sy dissipels die paasmaaltyd in Jerusalem gevier. Meer korrek, Hy het die Paasfees daardie aand vervang met 'n ete wat ons as die nagmaal ken. Ons lees hiervan in Markus 14:22-24:

> Terwyl hulle eet, vat Jesus 'n stuk brood. Nadat Hy vir God dankie gesê het vir die kos, breek Hy die brood en gee dit vir die ander. "Vat dit en eet dit. Dit is my liggaam," sê Hy. Toe vat Hy die beker met die wyn. Weer sê Hy vir God dankie en gee dit toe vir sy dissipels om te drink. "Dit is my bloed wat bewys dat God sy ooreenkoms om julle God te wees, gaan hou. Dit geld nie net vir 'n paar nie, maar vir baie mense."

Tipies van enige paasmaaltyd het ons hier in Markus 14 eers 'n dankgebed, dan die uitdeel van die brood, en dan 'n woord daaroor. Hierna volg nog 'n danksegging, die uitdeel van die wyn en weer 'n woord daaroor. Plaasvervanging is egter in al Jesus se woorde ter sprake, asook die verbond. Op dieselfde manier was Eksodus 24:8 se woorde in die agtergrond waar Moses bloed oor die Israeliete gesprinkel het en toe vir hulle gesê het dit is die bloed van die verbond wat die Here met hulle gesluit het.

Die Nuwe Testament begin hier

Terwyl Lukas 22:20 en 1 Korintiërs 11:25 padlangs van die nuwe verbond praat wat Jesus by die nagmaal instel, hoor ons by Markus net van die verbond. Nogtans is hierdie verbond splinternuut, want dit is Jesus se eie bloed wat die beginpunt van God se nuwe pad vir baie inlui. Presies hier begin dié Nuwe Testament! Die ou een, waar die plaasvervangende bloed van offerdiere hemel en aarde met mekaar moes verbind, word hier vervang met die eenmalige offer van Jesus aan die kruis. Dit is waaraan die wyn by hierdie nuwe ete mense moet herinner. Bloed moet vloei om versoening te bewerkstellig, en Jesus se bloed is meer as genoeg hiervoor. Dit lui die nuwe era, die nuwe testament voor God, in. Dit verklaar alle ander offers oorbodig. Jesus offer eens en vir altyd sy liggaam en sy bloed by die kruis op sodat baie in vrede met God kan leef.

Die Hebreërsskrywer verstaan baie goed hoe broodnodig Christus se bloed is om 'n nuwe verbond, 'n nuwe ooreenkoms van genade van God se kant af tot stand te bring. "Sonder bloed wat plaasvervangend vergiet word vir mense se oortredings, kan daar geen sprake van redding voor God moontlik wees nie (Hebreërs 9:21-22). Jesus s'n is egter genoegsaam, want sy dood is die begin van die nuwe testament of verbond (die woord *diathēkē* wat hier gebruik word, het beide betekenisse). Die Hebreërsskrywer noem in 9:15-17 dat enige testament eers in werking tree met die dood van iemand. Tereg gebeur dit ook met Jesus se dood, waar die oue opgehef word en die nuwe aanbreek. God self hef hier die eerste offerdiens op en stel die tweede in die plek hiervan. Daarom dat gelowiges deur die liggaam en bloed van Jesus Christus eens en vir altyd (*efapaks*) geheilig en nuutgemaak is (10:9-10). Christus se eenmalige en genoegsame offer bewerkstellig ook gelowiges se heiligmaking eens en vir altyd. Hy hoef nie oor en oor offers te bring, soos in die uitgediende aardse heiligdom nie (10:11-13); daarom mag elkeen wat in Hom glo, weet dat hulle heiligmaking en

aanvaarding deur God ook eens en vir altyd is (10:14)" (Joubert, in Joubert & Maré, 2015:922).

Wat 'n eer om 'n genooide na Jesus se ete te wees

Om 'n gas by hierdie spesiale ete te wees waar Jesus die Gasheer, die Heer en die Eregas is, is om die ete van alle etes te beleef. Dit is nie so formeel of etiket-bewus soos wanneer mense vandag na aardse konings en presidente se etes genooi word nie. In sulke gevalle moet die genooides presies weet watter kleredragreëls daar geld; hoe om die koninklikes en leiers aan te spreek; hoe om kniebuigings te doen, en dies meer. Tog is die eer so groot dat die genooides geen moeite ontsien om voorbereid te kom nie.

Die goeie nuus is dat jy nie 'n titel, 'n sekere posisie, geld of prestasies hoef te hê om 'n gas by Jesus se ete te wees nie. Sulke dinge kan juis verhoed dat jy Hom raaksien, of veroorsaak dat jy die ewige seën mis wat hand aan hand met hierdie ete loop. Vernaamheid beïndruk Jesus net mooi niks. Hy nooi mense wat nederig is graag na sy maaltyd toe; mense wat verstaan wat die brood en wyn beteken. Genooides weet dit vertel van Jesus wat in die plek van al sy volgelinge moes sterf sodat hulle vir altyd kan leef.

Het Jesus aan my gedink toe Hy daardie aand ja gesê het?

> The Gospel of Christ doesn't need any artificial stimulants. The seeds of God's kingdom grow in the fertile soil of every thirsty soul.

Getsemane is ja-sê-tyd. Toe Jesus daar tussen die olyfbome geworstel het met die beker wat Hy moes leegdrink, het Hy

geweet daar is geen ander keuse as "ja" nie. Hy het gekom om sy eie lewe as loskoopprys te gee. Sy liggaam moes gebreek word en sy bloed moes vloei. Hy wou daardie nag in Getsemane nie omdraai nie.

Dit gaan egter nie maar net om die vraag of Jesus nog in Getsemane kon omdraai nie; die eintlike vraag is óf Hy wou omdraai. Die antwoord hierop is onomwonde nee! Hierdie pad is presies waarvoor Jesus gekom het … ook vir my. Ek was daardie nag in sy gedagtes. Ek wat so ver geval het en wat so verstrik geraak het in my eie sondes, ook ek het Jesus se aandag getrek daardie aand.

Al het ek niks om vir God aan te bied nie, en al is my vingerafdrukke op al wat 'n sonde is, het Jesus juis daardie aand in Getsemane aan my gedink. Was dit nie hiervoor nie, was ek vir ewig verlore. Goddank, Hy het my onthou in my eie wegkruiphoekie. Daarom het Hy ja gesê.

Hoofstuk 5

Die son begin sak oor Jerusalem

> God will break all the rules to save people.

"God cannot paint on a proud canvas," lees ek iewers. Toe besef ek opnuut daar's eintlik net drie mense in my eie lewe wat saak maak as ek my hart nie oppas nie. Ekself is al drie! Jesus sê arrogansie en selfsug staan in die pad van dissipelskap. Maar dit het gedurig op dowe ore geval, soos dit deur die hele Evangelie van Markus duidelik is. Veral in Jerusalem was dit nie gewilde taal nie. Die rede? Wel, die amptelike godsdienstige stelsel van daardie dag was deurtrek met hoogmoed.

Die godsdienstige leiers het hulself as die eksklusiewe bewakers en instandhouers van God se aardse kultus beskou. Die hoëpriester het aan die stuur gestaan van die tempel in Jerusalem, asook van 'n reuse godsdienstige ryk oor die hele aarde. Hiermee saam het die hoogste godsdienstige raad van die Jode, die Sanhedrin, ook onder sy beheer geval. Hierdie Joodse Raad het bestaan uit 70 ander lede vanuit die Fariseërs, die Sadduseërs en invloedryke lede van priesterlike families.

Die godsdienstige elite se gesag was onaantasbaar. Volgens

hulle was hulle – en dié wat presies soos hulle geglo en geleef het – onaantasbaar en verhewe bo die res van die samelewing. Dié wat nie hulle rituele, reinheidsvoorskrifte en tradisies eerbiedig het nie, is afgeskryf. Nog erger, hulle is verban en selfs doodgemaak. En hoe het laasgenoemde nie waar geword tydens Jesus se besoek aan Israel se godsdienstige hoofstad nie. In plaas daarvan dat Kajafas, wat in daardie tyd die hoëpriester was, en al sy personeel vir Jesus met ope arms in hulle midde verwelkom het, het hulle die lang messe vir Hom geslyp. In plaas van 'n feestelike verblyf in die Dawidstad, het hulle vir Jesus 'n vervloekte kruis gereedgemaak. Daar was moord in hulle harte sedert Jesus vir die jaarlikse viering van die Paasfees in Jerusalem aangekom het. Nog erger, 'n paar dae later was daar ook bloed op hulle hande – Jesus s'n.

Dinge het al van Galilea se dae af skeefgeloop

> Jesus loves to search for new followers in the gutters.

Dit was nie die plaaslike mafia van Jerusalem wat 'n huurmoordenaar wou kry om Jesus dood te maak nie. Of 'n spul opportunistiese misdadigers wat besluit het Hy en sy Galilese groep is 'n bedreiging vir hulle eie belange nie. Dit was die religieuse elite van die volk wat geweier het om Jesus te ontvang in sy Vader se aardse hoofstad (tot op daardie stadium in elk geval!). Dit was die bewakers van die godsdiens van Israel en die amptelike verteenwoordigers van God wat in Jerusalem Jesus se moord goedgekeur het. Hulle woede het egter nie sommer uit die bloute ontvlam nie. Dit het reeds 'n paar jaar lank aangekom. Dinge het in Galilea al begin skeefloop. Die plaaslike Fariseërs en skrifgeleerdes wat daar gebly het, het keer op keer

trompop met Jesus gebots en vroeg reeds 'n doodsvonnis op sy kop geplaas, soos wat ons in Markus 3:6 gesien het.

In Galilea was die Fariseërs en die skrifgeleerdes die belangrikste verteenwoordigers van die Joodse godsdiens. Flavius Josefus, die bekende Joodse geskiedskrywer van daardie tyd, vertel vir ons dat die provinsie van Galilea dig bewoon was met ongeveer 204 klein dorpies waar baie Fariseërs gewoon en gewerk het. Volgens Josefus was daar sowat 6 000 van hulle oor die hele Palestina in die eerste eeu. Hierdie streng onderhouers van Moses se wet en al die mondelinge tradisies wat volgens hulle direk van Moses afkomstig was, was van vroeg af Jesus se direkte teenstanders.

Moenie dink die Fariseërs het soos woeste straatvegters gelyk nie. Hulle was ordentlike pa's, oupas en omies wat selfs die kinders se koppe gevryf het by die weeklikse sinagogedienste in Galilea. Hulle was diep godsdienstige mense na wie almal opgekyk het vir leiding. Tog was dit hulle wat die volk 'n jaar of twee tevore teen Jesus opgesweep het. Hy het hulle godsdienstige reinheidsgebruike en hulle verstaan van die Tora (die wet van Moses) net te dikwels bevraagteken. Boonop het Jesus hulle eie gewildheid en eer onder die skares so in die gedrang gebring dat Hy – volgens hulle – nie kon voortgaan nie.

Hoe lank het Jesus nou weer in Galilea opgetree?

> Faith is also about feasting at the table of Jesus.

Markus, ons amptelike reisgenoot, sê nie vir ons presies hoe lank Jesus se bediening in Galilea geduur het nie. Op die oog af wil dit voorkom of dit net 'n jaar lank geduur het, want ons lees slegs van een besoek van Jesus aan Jerusalem gedurende

hierdie tyd. Tog het ons een of twee fyner aanduidings deur die loop van Markus wat aantoon dat Jesus langer as 'n jaar in Galilea opgetree het. In Markus 2:23 lees ons naamlik van die tyd dat die koring ryp was in Palestina. Dit gebeur rondom April en Mei. Later, in Markus 6:39-40, verneem ons dat die skare wat na Jesus kom luister het op groen gras gesit het. Dit veronderstel dat daar intussen 'n seisoenswisseling plaasgevind het ná die koringoes van Markus 2. Dus moet ons minstens op 'n tweejaarbediening van Jesus in Galilea reken. As ons boonop die Johannesevangelie se meer breedvoerige reise van Jesus tussen Galilea en Jerusalem in ag neem, soos die twee Paasfeeste in Johannes 2:13 en 6:4, asook die Loofhuttefees (7:1 ev); die Tempelwydingfees (10:22) en ander feeste, dan kom ons selfs by 'n drie jaar lange openbare bediening van Jesus in Galilea uit.

Die godsdienstige stelsel werk nie meer nie

> Burn like a candle: sacrifice yourself to spread God's light.

Jesus was van die begin af omstrede. Hy het die godsdienstiges se voorskrifte rondom die heiligste dag op hulle kalender (die sabbat) gedurig oortree en Hom bo die Tora verhef deur te sê Hy is nou die Here oor die sabbat. Hy het Hom ook tot God verhef deur mense se sondes te vergewe. Tussendeur het Jesus die Fariseërs, skrifgeleerdes en priesterlikes uitgekryt as skynheiliges en as die eintlike wetsoortreders omdat hulle die opdrag tot liefde vir hulle ouers en liefde vir ander mense nalaat (Markus 7:1-13).

Jesus het vir die gewone mense vertel hulle godsdienstige leiers is 'n spul moordenaars en witgepleisterde grafte. Hulle is versot op godsdienstige titels en openbare erkenning. Party

godsdienstige leiers maak hulle eie bekeerlinge twee keer so gereed vir die hel as wat hulleself is. Hulle, wat self blind is (Matteus 23:17), is met oëverblindery besig. Hulle mislei gewone mense terwyl hulle tiendes van kruisement en koljander weggee. Dit wat godsdienstige leiers eintlik uit die wet van God moes leer – om reg te doen, om jammerhartig te wees teenoor ander en geloofsgetrouheid – laat hulle juis na (Matteus 23:23-24). Daarom gaan hulle swaar gestraf word, soos Jesus uiteindelik in Jerusalem vir hulle sê (Markus 12:40).

Intussen het Jesus geweier om die godsdienstiges se wettiese gebruike en rituele slaafs te eerbiedig; veral hulle reinheidsgebruike rondom kos. Hy het alle kos rein verklaar. Dit was lewensgevaarlik, want Jesus het hier aan die Tora se voorskrifte oor kos gekarring. Tot groot ontsteltenis van die godsdienstiges het Hy ook met onrein mense in aanraking gekom, soos melaatses, tollenaars, Samaritane, nie-Jode, nie-Joodse vroue en sondaars. Hy het selfs toegelaat dat prostitute en siekes aan Hom raak. Hy het ook in onrein mense se huise gekom en selfs by sommige van hulle oorgebly – iets wat natuurlik vir die Jode in daardie tyd verbode was.

Vroue was ook tuis in Jesus se groter dissipelgroep. 'n Klompie van hulle het Hom gevolg vanaf Galilea tot in Jerusalem. Boonop het party vroue ook geldelik vir Jesus en sy dissipels gesorg (Lukas 8:1-3). Dit het die godsdienstiges omgekrap, want g'n vrou is in enige rabbi se dissipelkring toegelaat nie. Joodse mans in daardie tyd het geweet vroue is tweedeklasburgers. Hulle moes onderdanig wees en hulle plek ken – doer ver in die huis en in die kombuis.

Vir die tempel, die heiligste plek op aarde vir elke godsdienstige Israeliet, het Jesus ook nie veel goeie woorde oorgehad nie. Hy het immers gesê Hy sal dit afbreek en in drie dae weer opbou (Johannes 2:19-21). Ook het Hy bygevoeg dat Jerusalem nie meer die spesiale heilige plek van aanbidding is nie. God sal van nou af in Gees en in waarheid op enige plek aanbid

word (Johannes 4:21-24). Dit was ernstige uitsprake hierdie. Dit was doodsvonnis-taal.

Jesus het ’n hele paar doodsvonnis-etikette saamgedra

> If I don’t feel the weight of the cross of Christ on my shoulders, my faith will be driven by the question: “What’s in it for me?”

Jesus is spoedig met ’n spul dodelike etikette deur die godsdienstiges beplak. Hy is uitgekryt as ’n sabbatoortreder, ’n godslasteraar, ’n vriend van Beëlsebul en ’n duiwelbesetene. Hy is ’n vraat en ’n wynsuiper genoem, ’n vriend van tollenaars en sondaars. Hy is ook beskou as ’n tempel-belediger en ’n onreine … Skrikwekkende etikette hierdie: “naming, framing and public shaming” van die ergste soort. Binne ’n magsbehepte godsdienstige stelsel wat op uiterlike beheer en reinheid geskoei is, het dit net een ding beteken vir Jesus: moeilikheid! Hy was net te ver buite enige boks. Hy het met al die verkeerde mense vriende gemaak. Hy het nie gedweë ingeval by die eeue oue tradisies en oorlewerings van die voorvaders nie. Of stilswyende respek vir die gesiene godsdienstige leiers gehad nie. Om alles te kroon, het dit bekend geword dat Jesus gesê het Hy is die Messias. Dinge het ver genoeg gegaan. Paastyd daardie jaar was saam met Jesus se aankoms in Jerusalem ’n goeie tyd vir ’n moord – Syne!

Nog ’n paar chronologiese feite

> Truth and grace aren’t mutually exclusive when both share a common name: Jesus!

Ons weet vanuit Lukas 3 dat Jesus se openbare bediening kort na dié van Johannes die Doper begin het. Ook lees ons in Lukas 3:23 dat Jesus toe amper 30 jaar oud was. Lukas verbind die begin van Johannes se optrede aan die 15de regeringsjaar van keiser Tiberius en met Pontius Pilatus se goewerneurskap oor Judea. Ons weet vanuit Romeinse bronne dat Tiberius iewers tussen 1 Oktober in die jaar 27 nC en 30 September in 28 nC keiser geword het, en dat Pilatus die Romeinse goewerneur in Judea was tussen 26-36 nC. Dit beteken Jesus het na alle waarskynlikheid tussen 28-30 nC in die openbaar opgetree.

Wat Jesus se laaste week in Jerusalem betref, skets Markus hier vir ons 'n duidelike prentjie van sy doen en late. Trouens, ná die eerste tien hoofstukke van die Evangelie, wat 'n tydperk van 2-3 jaar dek, word die tyd dramaties stadiger vanaf Markus 11. Hierdie laaste week in Jerusalem omvat 'n derde van die Evangelie, die laaste 24 uur voor Jesus se dood 'n sesde hiervan. Al hoe meer tydsaanduidings volg ook nou kort op mekaar (11:11-12, 19-20; 14:1, 12, 17). In 'n neutedop verloop Jesus se dae in Jerusalem as volg:

Dag 1: Sondag is die dag van Jesus se intog in die Dawidstad. Hy gaan kyk na die tempel en keer terug na Betanië waar Hy daardie aand saam met sy dissipels oorslaap.
Dag 2: Op Maandag begin Jesus se moeilikheid in alle erns as Hy die geldwisselaars se tafels in die tempel omgooi.
Dag 3: Dinsdag is een van Jesus se grootste dae van lering waarvan ons bewus is. Hy ontmasker nogmaals die skynheiligheid van Jerusalem se godsdienstiges. Ook gee Hy sy groot lering aan die dissipels oor die laaste dae op aarde.
Dag 4: Woensdag is Judas Iskariot se dag van verraad toe hy met die godsdienstige leiers ooreenkom om Jesus te verraai. Jesus eet tussendeur aan die huis van Simon die melaatse in Betanië.
Dag 5: Op Donderdag vier Jesus en sy dissipels die paasmaal-

tyd waar Hy ook die nagmaal instel. Daarna gaan Hy na Getsemane waar Hy gevang word en deur die godsdienstige elite verhoor word (Matteus 26:17 ev).

Dag 6: Vrydag is daardie doodsdag. Jesus word deur Pontius Pilatus, die Romeinse goewerneur, ter dood veroordeel en by Golgota aan die kruis tereggestel. Dan is Hy in die graf tot en met Sondag.

Dag 7: Dit is stil Saterdag, want die kruis is leeg, maar die graf is steeds vol.

Dag 8: Opstandingsondag, die grootste dag in die geskiedenis, breek aan. Jesus breek op hierdie dag die dood se hekke wawyd oop en stap lewend anderkant uit.

Al vier Evangelies stem saam dat Jesus op Paas-Vrydag gekruisig word (Matteus 27:62; Markus 15:42; Lukas 23:54; Johannes 19:31). Volgens die Joodse kalender het die Vrydag reeds op die Donderdag met sononder begin. Dit duur tot Vrydagaand met sononder. Gedurende hierdie tydperk van 24 uur hou Jesus sy laaste ete saam met die dissipels; Hy bid in Getsemane en word daarna gearresteer. Hierna word Hy verhoor voor die Jode en Pilatus. Dan word Hy gekruisig en sterf 'n skrikwekkende dood (Matteus 26:20-27:66; Markus 14:17-15:47; Lukas 22:14-23:56; Johannes 13:2-19:42).

Alhoewel die Johannesevangelie anders dink oor die aard van Jesus se laaste ete saam met sy dissipels (Johannes 18:28; 19:14), is Matteus, Markus en Lukas dit eens dat dit 'n paasmaaltyd was (Matteus 26:17-20; Markus 14:12-16; Lukas 22:14-23). Volgens Joodse kalenders moet die Paasfees altyd gevier word as die son sak op 14 Nisan en gedurende die aand van 15 Nisan (dit is gewoonlik rondom April op ons kalender). Dus sou Jesus saam met sy dissipels die paasmaaltyd gevier het op die nag van 14/15 Nisan. Later op daardie Vrydagoggend van 15 Nisan is Hy gekruisig.

As ons na antieke Joodse kalenders kyk, kon 15 Nisan op 'n

Vrydag geval het gedurende die jare 27, 30, 31 of 34 (daar was nie een gestandaardiseerde kalender wat almal in Palestina konsekwent gebruik het nie). As ons aanvaar dat Jesus se Galilese bediening sowat 2-3 jaar lank geduur het, kan ons ook aanvaar dat Hy, nadat Hy in die jaar 28 in die openbaar begin optree het, in die jaar 30 in Jerusalem gekruisig is op 15 Nisan (oftewel, 7 April van daardie jaar volgens ons kalender).

Daardie kort koninklike ontvangs op die Sondag (Markus 11:1-11)

> To live FOR the Truth should be complemented by living IN the Truth.

Soos baie ander pelgrims uit Galilea was Jesus vir 'n klompie dae lank op reis na Jerusalem. Terloops, Lukas doen in sy Evangelie moeite om hierdie reis van Jesus in groot detail te beskryf, soos ons vanaf Lukas 9:51-19:44 lees. Met Jesus se aankoms in die stad van Dawid vanaf die Olyfberg se kant, lê die indrukwekkende tempelkompleks reg voor Hom. Herodes die Grote het vir bykans 40 jaar lank hieraan gebou. Dit was een van die indrukwekkendste geboue in die wêreld van daardie tyd.

Jesus kies om sy intog in die stad van Dawid daardie Sondag op 'n simboliese manier aan te pak. Pleks van 'n perd, kom Hy op 'n donkie se rug Jerusalem binne. Perde was koninklike rydiere. Hulle was ook oorlogsdiere. Donkies was vredesdiere. Donkies was gewone mense se vervoermiddels. Terwyl die nederige Messias in Jerusalem inkom, het die juigende skare die woorde van Psalm 118:26-27 rondom Hom uitgeroep. Pelgrims en die gewone mense van Jerusalem het hulle harte dadelik opgemaak vir Jesus. Hy is soos 'n Koning ontvang in

daardie einste stad wat duisend jaar tevore deur Dawid aan God gewy is. Nadat Jesus alles in die tempel bekyk het, het Hy teruggegaan na Betanië toe.

Die tempel val eintlik al op die Maandag (Markus 11:15-19)

> You cannot follow Jesus anonymously.

Op dag twee in Jerusalem het die godsdienstige temperatuur dramaties verander. Die lofmusiek van die gewone mense het skielik oorgeskakel na die doodsmusiek van die godsdienstige leiers. Jesus se aankoms in die tempel en sy omkeer van die tafels van die geldwisselaars daar in die voorhowe, was doodsake. Markus vertel vir ons dat toe die skrifgeleerdes en priesterhoofde hiervan hoor, hulle dadelik planne begin maak het om Hom uit die weg te ruim. Al wat in hulle pad gestaan het, was sy gewildheid onder die gewone mense.

Jesus se intense teleurstelling oor wat van die tempel, sy Vader se gebedshuis, oorgebly het, het daartoe gelei dat Hy op simboliese wyse die tafels in die tempel se voorportaal omgegooi het. By hierdie tafels is onrein geld vanuit ander streke vir kulties-aanvaarbare (rein) geld omgeruil deur geldwisselaars. Jesus se optrede hier herinner aan die woorde van Maleagi 3:1-2 dat God onverwags na sy tempel sal kom, maar wie sal sy koms kan uitstaan?

Jesus het nie na die tempel toe gekom om dit te reinig nie, soos wat die meeste opskrifte in Bybelvertalings hier foutiewelik aandui. Om iets te reinig, beteken jy maak dit skoon vir hergebruik. Jy herwin dit. Jesus het egter geen verdere planne vir die tempel gehad nie.

Die doodsklok het reeds daardie Maandag begin lui vir die heiligste plek op aarde. Dit was die tempel se uit-diens-stel-dag. Dit was wedstrydpunt vir 'n duisend jaar oue kultus. Maleagi 1:10 se versugting baie eeue tevore dat iemand tog net die tempel se deure sou sluit en dit uit diens stel, het waar geword. Jesus is die Een wat die ligte kom afskakel het. Net Hy het die gesag hiervoor; Hy wat groter is as Moses, Salomo en die sabbat saam. God se heiligdom is net te veel kere ontheilig. Daardie vals gevoel van sekuriteit, wat Jeremia 7 eeue tevore beskryf het waarvolgens almal sing "die Here se tempel; die Here se tempel; die Here se tempel" terwyl hulle in dieselfde asem goddeloos leef, het hierdie gebou finaal ingehaal.

Geen reinigingseep sou die tempel ooit weer skoonkry nie. Dit moes vervang word met 'n nuwe een. God se Seun het so besluit. Hy het daardie dag die proses van afbreek begin. Binne enkele dae sou sy eie liggaam die tempel se werk volledig oorneem. Sy bloed, wat net buite Jerusalem sou vloei, sou eens en vir altyd versoening tussen hemel en aarde bring vir elkeen wat in Hom glo.

Party stories lui nie slaaptyd in nie, veral nie op daardie Dinsdag nie (Markus 12:1-12)

> If you only see Jesus as a supplier of religious goods and services you don't know Him at all.

Heel aan die begin van ons reis het ons gesien dat Markus gekies het vir die genre van 'n verhaal toe hy by Petrus en Paulus in Rome die aflosstokkie moes oorvat. Hy het gekies om die storie van Jesus in Evangelie-vorm te giet. Hy het ook Jesus se eie verhale aan die woord gestel. En dit was nie slaaptydstories nie. Reeds in Markus 4 het Jesus dit duidelik gestel dat sy

stories die pad na God se koninkryk oopsluit en toesluit. Dit is presies wat nou ook hier in Jerusalem gebeur wanneer die Meesterstorieverteller uit die hemel 'n skokkende gelykenis vertel. Dit is die storie van 'n boer wat sy wingerd uitverhuur het (Markus 12:1-12). Toe die huurders nie wou huur betaal nie, het hulle die eienaar se slawe wat die geld kom haal, aangerand en vermoor. Uiteindelik het die eienaar sy geliefde seun gestuur. Toe vermoor hulle Hom ook.

Dan gebruik Jesus die bekende woorde van Psalm 118:22-23 om te illustreer dat die klip wat deur die bouers verwerp is uiteindelik die hoeksteen, die heel belangrikste klip in die gebou, geword het. Die godsdienstige leiers het dadelik geweet Jesus sinspeel op hulle. Hulle is die huurders in sy gelykenis. Daarom wou hulle Hom arresteer, maar hulle was te bang vir die skare (Markus 12:12). Jy kon egter die dood in die lug voel daardie Dinsdag.

Toe daag die swaargewigte op om Jesus reg te sien (Markus 12:13-40)

> When we talk more about sin and what's wrong in the world than what's right with God, we need to rethink.

Dinsdag was Jesus se super-besige dag in Jerusalem. Dit is ook gekenmerk deur strydgesprekke met 'n klompie swaargewigte binne die Joodse godsdiens. 'n Paar van die beste kenners van die wet, asook 'n klompie top Fariseërs en Sadduseërs is ingestuur om Jesus intellektueel op sy plek te sit. Hierdie kenners moes Jesus van sy eer stroop en die reputasie van die godsdienstiges in ere herstel onder die gewone mense. Die Joodse kultuur van daardie tyd was immers 'n kompeterende kultuur. "Mense was met ander woorde gedurig in onderlinge kompetisies betrokke

in die openbaar. Soms was hierdie kompetisies fisies van aard, soos wanneer twee persone vir hulle eie eer tot die dood toe geveg het. Die meeste van die tyd was hierdie kompetisies egter verbaal; dit was woordstryde. Die doel van hierdie strydgesprekke was om eie eer te bekom en opponente te verneder. Hierdie kompetisies is altyd in die openbaar voltrek, want hier kon die skares die wenners aanwys en laasgenoemdes se goeie naam laat toeneem. Die reëls vir strydgesprekke het bepaal dat slegs mense van dieselfde sosiale status mekaar se eer in die openbaar kon uitdaag. Twee rabbi's kon mekaar byvoorbeeld voor ander mense aanvat, of twee filosowe, of twee volgelinge van bekende figure" (Joubert, in Joubert & Maré, 2015: 721-722).

Gee vir God sy beeld terug (Markus 12:13-17)

Dodelike Dinsdag was 'n dag van konflik en strikvrae vir Jesus. Bewyse moes ingebring word dat Hy die dwaalleraar van die jaar is. Die godsdienstiges moes Hom eens en vir altyd uit die weg ruim! Die eerste strydgesprek met 'n paar Fariseërs en invloedryke lede van die familie van Herodes die Grote het Hom juis opgestel vir openbare mislukking soos nooit tevore nie. So het die godsdienstige leiers in elk geval gedink. Hoe verkeerd was hulle nie!

"Moet 'n mens belasting betaal aan die keiser?" Dit was die vraag waarmee Jesus gekonfronteer is. Hierdie was 'n doodskootvraag. Sê Jesus ja, is Hy kop in een mus met die ondersteuners van Rome. Dan is Hy 'n "sell-out" van sy eie mense. Sê Hy nee, is Hy 'n oproermaker wat die politieke orde wil ontwrig. Dan is Hy dalk kop in een mus met die Joodse terroriste. Geen wen vir Jesus hier nie. Altans, so wil dit met die eerste oogopslag lyk. Jesus reageer egter op 'n meesterlike wyse op hierdie strikvraag. Sy briljantheid skitter helder as Hy vir een van die omstanders vra om vir Hom 'n muntstuk te gee.

"Wie se kop is daarop?" wil Hy weet.

"Die keiser s'n," antwoord die mense.

Hulle het geweet die huidige keiser, Tiberius, se kop is op al wat 'n Romeinse muntstuk is. Sy baasskap was oral geldelik sigbaar. Wel, Jesus stem hiermee saam. Hy weet die keiser is die baas van sy eie geld. Daarom beveel Hy dat hulle vir die keiser moet teruggee wat syne is, naamlik sy geld. Sy beeld of afbeelding is daarop; laat hy dit dan nou terugkry. Toe volg Jesus se kishou: "Maar gee vir God wat aan God behoort."

Godsdienstiges het geweet mense is na die beeld van God geskep. Hulle het Genesis 1 se verhaal goed geken. Hulle het ook Genesis 3 geken wat vertel dat sonde alles hier op aarde kom bekrap het. God se beeld in die mens moes herstel word. God wil sy aardse eiendom terughê. Hy kan dit nie vat dat sy mense in die wind en die weer van die sonde rondhang nie. En dis presies wat Jesus hier in Jerusalem vir die verbaasde godsdienstiges en vir die ander aanhoorders sê: Gee vir God sy beeld terug! Mense is na sy beeld geskep; nou wil Hy hulle eksklusief vir Hom terughê.

Wat 'n antwoord is dit nie van Jesus nie: Die keiser is slegs geregtig op dit waarop sy eie beeld verskyn, naamlik geld. God is egter geregtig op dié wat oorspronklik na sy beeld geskep is, naamlik alle mense. Almal was stil-stom ná hierdie antwoord. Die Joodse slimkoppe se beste vraag kon toe nie Jesus se eer steel, of Hom in 'n hoek dryf nie. Inteendeel. Hulle was uitasem. Hulle het geen verdediging in plek gehad teen soveel Goddelike wysheid nie.

Die grootste voorskrif in die Tora word toe twee (Markus 12:28-34)

> I'll rather follow Jesus than (merely) be right for Jesus.

Die godsdienstige leiers het die eerste rondte daardie Dinsdag verloor, maar hulle was nog lank nie klaar baklei nie. Die tweede rondte was 'n paar Sadduseërs wat Jesus in 'n hoek wou druk oor die lewe ná die dood. Hulle is gou-gou uitgeknikker toe Jesus vir hulle verduidelik dat lewe in die hiernamaals nie sinoniem is met die lewe aan die ander kant van die graf nie. Dit gaan daar nie oor getroud of ongetroud wees nie. Dit gaan daar oor 'n nuwe manier van leef in God se teenwoordigheid, net soos sy engele (Markus 12:18-27).

Toe 'n slim wetgeleerde hoor hoe Jesus hierdie Sadduseërs stilpraat, trek hy los met 'n kanonvraag van sy eie: "Wat is die heel grootste gebod in die wet?"

Die wet was die hartklop van hulle godsdiens. Vir eeue reeds het skrifgeleerdes en die verskillende skole van die Fariseërs hierdie vrae bespreek. Hulle het letterlik honderde godsdienstige wette gehad wat hulle van geslag tot geslag oorgelewer het, bo en behalwe al die skriftelike wette in die Tora. Daarom stel hierdie geleerde nou 'n strikvraag aan Jesus om daardie een enkele wet uit te lig wat belangriker is as al die ander. Dit sou Jesus se regsinnigheid toets. Sy antwoord sou wys of Hy God se wet uit die kop ken. Dit sou wys of Hy Hom kon handhaaf tussen die groot godsdienstige kanonne van Jerusalem.

Jesus se antwoord was nogmaals meesterlik: Dit gaan oor liefde vir God. Niemand kon hierteen stry nie. Dit was die taal van Deuteronomium 6. Dit was die taal wat deurgaans in die

Bybel weerklank gevind het. Mense moet God liefhê met hulle hele hart, denke, emosies en al hulle liggaamskragte. Almal het hieroor saamgestem. Dit is die groot gebod. Maar toe brei Jesus dit daardie dag nog een tree verder uit. Toe verbreed Hy die groot gebod van die Tora met 'n tweede een: "Ook moet jy jou naaste liefhê soos wat jy jouself liefhet."

Net een keer in die hele Ou Testament word liefde vir die naaste eksplisiet uitgespel. Levitikus 19:18 bevat daardie enkele Ou-Testamentiese opdrag tot naasteliefde. En dit het eintlik net mede-Israeliete ingesluit. Kan jy dit glo – die eerste 39 boeke van die Bybel ken net een amptelike bevel om ander mense lief te hê. Dit kon nie dié groot opdrag gewees het nie; in elk geval nie tot op daardie Dinsdag in Jerusalem nie. Liefde vir God, ja! Liefde vir ander, wel, nog nie heeltemal nie … Dit was nog nie deel van die heel grootste gebod nie. Jesus kies egter om nie hiermee saam te stem nie.

Hier in Jerusalem verdedig Jesus nie bloot maar net sy eer teen die godsdienstige leiers nie. Hy gebruik hierdie strydgesprekke as geleenthede om nuwe vensters op God se hart oop te maak. Dit gebeur wanneer Jesus nie net kies vir een groot gebod nie, maar vir 'n tweede een wat hiermee gelykstaan. Hy kies om naasteliefde gelyk te stel aan liefde vir God. Die een kan nie sonder die ander bestaan nie. Liefde vir God kan nie gebeur as jy nie mense ewe liefhet nie. Die nuwe credo van Jesus, soos wat Scott McKnight (2004) na hierdie nuwe wetskode van Jesus verwys, wat liefde vir God en die naaste insluit, is die nuwe roete. Tot op hede was die Tora veels te smal en ook nog heeltemal te stil oor die volle omvang van liefde. Die liefde se net moes nou wyer gespan word. God se Seun het die gesag om dit te doen. Hy kan Moses se wet met sy eie credo hier in Jerusalem aanvul.

Nogmaals het Jesus se woorde almal sprakeloos gelaat. Maar meer as dit het daardie oggend in Jerusalem gebeur – 'n skrifgeleerde se hart is aangeraak, soos wat ons in vers 32-33 lees.

Daar in die hart van die Jerusalem-kultus bevestig hierdie man dat liefde vir God en liefde vir jou naaste selfs brandoffers oorroep. Toe Jesus sien dat hierdie skrifgeleerde se hart verskuif het vanaf oordeel na wysheid, het Hy dadelik vir hom gesê dat hy nie ver van God se koninkryk af is nie. Selfs vir harde-hartgodsdienstiges is daar steeds genade by God. Ook vir hulle gee Hy eindeloos om; daarom hierdie bemoedigende woord van Jesus aan die skrifgeleerde. Hierna het niemand dit gewaag om vir Hom nog vrae te stel nie.

Uitverkoop-Woensdag (Markus 14:10-11)

> The Bible is very easy to understand. But we are a bunch of scheming swindlers. We pretend not to understand it so that we don't have to obey it.
>
> ~ Søren Kierkegaard

Markus 14 se openingswoorde vertel van die religieuse elite se planne om Jesus in die geheim uit die weg te ruim. Sy gewildheid onder die gewone mense was net te hoog en sy leringe net te skokkend om Hom te laat voortgaan. Terwyl hulle nog wonder hoe om dit te doen, het daar hulp uit 'n onverwagse oord gekom. Iemand uit Jesus se binnekring het hulle stilletjies kom besoek met die aanbod van 'n leeftyd om Hom te verraai. Judas Iskariot was bereid om sy Meester uit te lewer. Hy het genoeg gehad. Ná drie jaar het dinge te ver gegaan. Jesus het die tradisies van sy vaders net te veel kere uitgedaag.

Judas was 'n lojale volksman. Hy het nog respek oorgehad vir dié wat hulle mondelinge wette getrou oorgelewer het van geslag tot geslag. Ook kon hy die vreemde oorheersing van die Romeine oor sy eie volk nie langer uitstaan nie. Judas het so gehoop Jesus sou die vlag van Joodse nasionalisme in Jerusalem

hys. Dalk was Jesus se onderonsies met die godsdienstige leiers in Galilea net ’n plaaslike ding. Dalk sou Jesus God se koninkryk sigbaar in Jerusalem kom vestig en al die Romeine in die Middellandse See injaag. Maar hier teen Woensdag was dit vir Judas duidelik dat Jesus geen planne gehad het om een of ander nasionalistiese reddingsdaad in Jerusalem te verrig nie. Inteendeel. Jesus het eerder ’n hemelse staatsgreep in gedagte gehad. God se ryk moes die tempel vervang.

Jesus se oordeelswoorde oor die heiligste plek op aarde was een te veel vir Judas. So ook sy woorde aan die dissipels laat Dinsdagmiddag toe hulle Jerusalem verlaat het, dat daar nie een klip bo-op ’n ander sou oorbly van die tempel nie. Skokkende woorde, om die minste te sê. Geen Jood wat so iets kwytraak, verdien enige eer nie. Nee, nog erger, so iemand verdien nie om langer te leef nie. Daarom het een man uit Jesus se binnekring op uitverkoop-Woensdag oorgeloop na die ander kant toe. Die volk moes beskerm word teen hierdie Man.

Matteus 26:14-15 vertel vir ons dat Judas met die godsdienstiges ooreengekom het om Jesus vir 30 silwermuntstukke te verraai. Volgens Eksodus 21:32 was dit gelykstaande aan die prys wat jy vir ’n slaaf se vryheid kon betaal. Vir 30 silwerstukke kon jy daardie Woensdag ook die Seun van God in Jerusalem uitlewer. Die perfekte komplot is daar gesmee. Die godsdienstiges het gekry wat hulle wou hê, naamlik ’n spioen, ’n “sell-out”, in Jesus se binnekring. Die regte wiele het nou in beweging gekom om Jesus stilletjies, weg van die openbare oog, gevange te neem. Dan sou dit maklik wees om Hom te verhoor en vir ewig uit die weg te ruim.

Donderdag, die groot dag van feeskos en ja sê (Markus 14:12-42)

> God's peace comes at a price. It cost Jesus his life.

Donderdag was die voorbereidingsdag vir die Paasfees, ook vir die dissipels. Hulle het daardie middag die paasmaaltyd gereedgemaak. Dit was moontlik in die huis van Johannes Markus se ma in Jerusalem. Toe hulle vroeg Donderdagaand daar aan die tafel aangesit het, het 'n groot verrassing op hulle gewag toe Jesus nogmaals die godsdienstige doelpale verskuif het. Hy het die Pasga van Israel opgegradeer tot die nagmaal.

Al het Jesus daardie aand geweet sy dood is om die draai, het Hy Homself nie jammer gekry of in een of ander oorlewingsmodus vasgeval nie. Nee, Jesus was, soos altyd, steeds vry genoeg om die ganse godsdienstige feeskalender vir sy volgelinge te verskuif. Daar aan tafel het Hy die Pasga, die grootste jaarlikse fees van die Jode, vervang met sy eie fees. Voortaan sou die heel belangrikste feesgeleentheid van sy dissipels die ete van die Here wees, soos wat Paulus dit in sy eerste Korintiërbrief noem. Of die liefdesmaal soos wat Judas dit in sy kort brief omskryf. Of die breek van die brood in Lukas se taal. Of die nagmaal soos wat ons dit vandag noem.

Die nagmaal, wat daardie aand ingestel is, is die nuwe ooreenkoms, die nuwe testament van God. Dit is dié ete wat vertel dat Jesus se liggaam die enigste ewige kos is, en dat sy bloed die enigste ewige drank is vir elkeen wat glo. Die tempel en die derduisende offers wat jaarin en jaaruit daar gebring is, is daardie Donderdagaand as uitgedien van die tafel afgevee. Offers was skielik oor en verby. Die Pasga, wat vertel van God se verlossing uit Egipte is daar en dan opgegradeer met 'n nuwe

fees wat vertel van God se Seun se verlossing aan die kruis deur sy eie bloed en sy liggaam. Dit gaan nou nie meer oor die uittog uit Egipte nie; dit gaan nou oor die uittog uit sonde. Jesus is God se Nuwe Testament, en sy nuwe ete is die bewys hiervan.

Eet en leef

> Jesus ate good food with bad people.
>
> ~ Jean LeClerc

In sy boek *From Tablet to Table* (2015) vertel Len Sweet, die bekende Amerikaanse teoloog en skrywer, dat iemand eenkeer vir hom gesê het hy kan die ganse Ou Testament in drie sinne opsom:

"Hulle het ons probeer doodmaak."
"Ons het oorleef."
"Kom ons eet!"

Toe gaan die persoon voort en sê vir Len hy kan ook die Nuwe Testament in drie sinne opsom:

"Ek het jou lief."
"Ek vergewe jou."
"Kom ons eet!"

Jesus het nooit 'n geleentheid laat verbygaan om saam met mense te eet nie. Hy het rondom etenstafels sondaars met oop arms ontvang en die ewige lewe gratis uitgedeel. Meer as ooit was hierdie feit waar tydens daardie laaste ete in Jerusalem. Geen wonder nie dat Jesus direk daarna sy eie pad van die dood en

lewe aangedurf het. Hy het geloop soos wat Hy eet! Anders gestel, dít waarvan Jesus se laaste ete voor sy kruisiging getuig het, het nou ook sy looproete se koers bepaal.

Ná die instelling van die nagmaal het Jesus reguit Getsemane toe gestap. Hierdie tuin was net buitekant Jerusalem aan die voet van die Olyfberg. Daar tussen die olyfbome en 'n paar slapende dissipels moes Jesus finaal besluit of Hy kans sien vir sy lydensbeker. Toe doen Hy dit al worstelende. In Getsemane het Jesus bloed gesweet. Daar het Hy doodsbenoud gebid. Daar het Hy hardop ja gesê vir sy liefdevolle Vader. Daar het Jesus die moeilikste Rubicon ooit in die heelal se geskiedenis oorgesteek, daardie unieke een wat die brug tussen hemel en aarde moes bou. Jesus se "point of no return" is finaal in daardie oomblikke verbygesteek.

Al het die son spreekwoordelik in Getsemane oor Jesus ondergegaan, het die Son van Geregtigheid in daardie oomblikke helderder as ooit geskyn. In daardie donker nag was daar toe regtig een helder lig in Jerusalem, God s'n!

Getsemane is agterna-bidtyd!

> Jesus is not merely a divine insurance policy when we die; He is the Lord for whom we live here and now.

Warren Wiersbe het eenkeer geskryf: *"Persistence in prayer is not an attempt to change God's mind, but to get ourselves to the place where He can trust us with the answer."* Met ander woorde, gebed gaan nie daaroor dat ons God moet dwing om iets te doen, of om van opinie te verander nie. Gebed verander óns. God wil ons by daardie plek bring waar Hy ons kan vertrou met sy antwoorde, en gebed is die manier hoe Hy dit doen! Daarom moet

ons Jesus se gebed in Getsemane elke dag agterna bid: "Nogtans nie wat ek wil nie, maar wat U wil, o God!"

Gebed wat God se wil eerste stel, laat ons altyd buig voor God. Dit laat ons rus in Hom. Dit bring ons tot hemelse rus hier op aarde. Tot dan is gebed eintlik maar net 'n ritueel en 'n plig. Tot dan dra ons nie regtig Jesus se kruis nie. Sy kruis laat ons juis opstaan van die nagmaalstafel om Hom tot in Getsemane te volg, en van daar af tot by Golgota.

Hoofstuk 6

"Death by meeting": Golgota

> Jesus doesn't need many words on Calvary and on the other side of the empty tomb. His route of love and self-sacrifice says it all.

Wanneer jy na die Comrades-maraton op TV kyk, sien jy ook derduisende toeskouers langs die pad wat die atlete aanmoedig. Dieselfde gebeur ook tydens fietsrenne soos die Tour de France. Sonder die aanmoediging van lojale ondersteuners en bewonderaars sou sulke sportbyeenkomste maar saai en eentonig gewees het. Trouens, dit is juis die geweldige belangstelling van die ondersteuners wat dit lewend hou. Nog meer, hulle aanmoediging is brandstof vir die deelnemers. Een van my vriende, Ryno Meyer, is 'n kranige Comrades-hardloper. Hy vertel nou die dag vir my dat die aanmoediging van die mense langs die pad vir baie atlete juis die verskil maak tussen vasbyt en opgee. Om te hoor hoe mense jou bemoedig om aan te hou, is spesiaal, maar dis niks in vergelyking met die stemme van jou eie familie en vriende daar naby die eindpunt nie. Ryno vertel as hy hulle stemme hoor, is dit asof hy nuwe energie kry. Dan hardloop hy dat dit so klap.

Atlete wat hulle liggame aan uitputtende wedrenne bloot-

stel, het die skare se ondersteuning nodig. Hoe swaar moes dit dan nie vir Jesus gewees het daardie Donderdagnag toe sy dissipels die rug op Hom gedraai het nie. Nadat hulle van Hom af weggehardloop het, het Markus ook kaal gevlug toe Jesus in Getsemane gearresteer is. Nou was daar niemand uit die kring van sy getrouste ondersteuners om Hom by te staan nie. Hy was vingeralleen.

Uitverkooptyd, en dit met 'n soen (Markus 14:43-51)

> A follower of Jesus without a cross is like a brand-new car without fuel – nice to look at, but it won't take you anywhere.

Jesus se lydenspad het in alle erns afgeskop toe 'n klomp soldate saam met Judas Iskariot in Getsemane opgedaag het. Hulle was deel van die Levitiese tempelwagte. Toe verraai Judas vir Jesus daar met 'n soen. Dit was vir die soldate die teken dat hulle Hom moes arresteer.

Kiril Petkov (2003:12-14) vertel vir ons dat 'n soen in die Romeinse wêreld van daardie tyd familiegrense afgebaken het. Mense het gewoonlik net ander familielede in die openbaar gesoen. Om iemand wat nie familie was nie in die openbaar te soen, was so goed soos om daardie persoon in jou familie in te nooi. Enige openbare soen het bestaande familiegrense verbreed; altans dit is hoe die gemiddelde persoon so 'n handeling sou verstaan het. Hiermee saam weet ons dat Joodse dissipels graag ook hul rabbi's of leermeesters met 'n soen gegroet het om hulle eie toewyding en respek uit te beeld. Maar dit was nie die geval met Judas nie. Al was sy soen bedoel as 'n vriendelike soen, as een van lojaliteit en respek, soos wat die Griekse term *katafilein* wat hier gebruik word, veronderstel, was dit oëverblindery. Jesus, wat Judas so graag in sy ewige familie wou

insluit, is deur 'n soen van sy dissipel uitgesluit en verraai.

Direk ná hierdie soen het daar chaos in Getsemane losgebars. Een van Jesus se dissipels was dadelik reg vir baklei. Hy het sy swaard uitgepluk en die hoëpriester se slaaf se oor afgekap. Miskien het hy vir die slaaf se nek gemik en toe sy oor in die proses getref. In elk geval, Lukas 22:51 vertel dat Jesus dadelik die man se oor genees het, terwyl Matteus 26:52-54 vertel dat Jesus met sy dissipel hieroor geraas het. Hy was nie bereid om die koninkryk van God met geweld te laat kom nie. Die Skrif moes vervul word. Liefde moes te midde van haat en geweld seëvier.

Jesus het na die soldate toe gedraai wat Hom kom vang het en gevra hoekom hulle Hom beskou as 'n rower en 'n opstandeling. (Dit is wat die term *lēstēs* beteken wat hier gebruik word.) Hy is nie 'n terroris wat die tempel met geweld wil omverwerp nie. Sy Vader se koninkryk is anders. Dit kom nie deur bloed en geweld nie, maar deur die liefde. Nie wapens van vernietiging nie, maar wapens van herstel laat God se koninkryk aanbreek. Dit is Jesus se roete, selfs al vlug al sy dissipels van Hom af weg.

"Death by meeting" (Markus 14:53-65)

> God's friends include the weak, the poor, the downtrodden, the marginalized. Sadly, many of us have unfriended them.

Vergaderings kan soms dodelik vervelig raak. Ellelange agendas, eindelose punte van bespreking en 'n handjievol mense wat nie weet wanneer om op te hou met praat nie kan dodelik wees vir enigeen se gemoed. Elke keer as ek aan sulke langdradige vergaderings dink, dink ek aan Patrick Lencioni se boek *Death by Meeting*. Wel, daardie Donderdagaand se verga-

dering van die Joodse Raad in Jerusalem toe Jesus voor hulle verskyn het, was 'n "death by meeting"-byeenkoms. Tog was dit allesbehalwe vervelig. Die lede van die Joodse Raad het nie daardie aand van verveeldheid aan die slaap geraak nie; hulle het Jesus se doodsvonnis daar verseël.

Ná sy arrestasie is Jesus na die hoëpriester se huis toe gebring daar naby die tempel. Lede van die Sanhedrin of Joodse Raad het daardie aand in sy huis 'n noodvergadering belê. Of dit 'n amptelike, of selfs 'n wettige vergadering was, bly 'n ope vraag. Feit is, hulle optrede daardie nag stem baie ooreen met hoe die Joodse geskiedskrywer Flavius Josefus hulle algemene modus operandi gedokumenteer het. Hieroor sê die teoloog E.P. Saunders (1985:317): *"The system as the gospels describe it corresponds to the system that we see in Josephus. The trial of Jesus agrees very well with his stories of how things happened."*

Die Joodse Raad se hantering van Jesus daardie nag was volgens hulle eie voorskriftelike prosedures glad nie tegnies korrek nie. Soos wat die ander Evangelies dit ook uitbeeld, het hierdie vergadering gou-gou ontaard in 'n "kangaroo court" oftewel 'n bosverhoor. Alle etiese beginsels, prosedures en regverdigheid is oorboord gegooi. Jesus moes skuldig bevind word, maak nie saak wat nie! Nog voordat Hy daar by die Joodse Raad ingestap het, was dit duidelik dat Hy nie as 'n vry man daar sou uitstap nie. Vals getuienis is daardie nag toegelaat, wat in stryd was met Joodse wette (Deuteronomium 19:16-21). Dié wat ingeroep is om teen Jesus te getuig, het nie uit een mond gepraat nie, soos wat Markus in vers 56-59 vertel.

Uiteindelik het die hoëpriester ingegryp en aan Jesus die geleentheid gebied om Homself te verdedig, maar Hy wou nie. Toe vra hy padlangs vir Jesus of Hy die Messias, die Seun van die Geseënde Een is, soos wat ons vroeër ook gesien het. Dadelik het Jesus sy Messiasskap, asook die feit dat Hy die Seun van God is, bevestig. Ook het Hy bygevoeg dat Hy die Seun van die mens is wat op die oordeelsdag op die wolke sal verskyn aan

die regterhand van Hom wat al die mag het. Alle onsekerheid is net daar uit die weg geruim. Op die duidelikste manier denkbaar het Jesus sy identiteit bekendgemaak: Christus, Seun van God en Seun van die mens! Daar kon geen twyfel meer wees oor wie Hy is nie.

Die hoëpriester en die Raad het dadelik besluit hulle het nie ander getuies nodig nie. Hulle het eerstehands gehoor Jesus is 'n godslasteraar. Hy moes sterf! Deur die skeur van sy klere, as teken van droefheid (Genesis 37:34), maar ook as teken dat hy pas godslasterlike woorde gehoor het (soos wat verskeie Joodse tekste uit daardie tyd die skeur van klere beskryf), wys die hoëpriester presies wat hy van Jesus se woorde dink. Maar nou ja, soos 'n Latynse spreuk uit daardie tyd gesê het: *Tam de se iudex iudicat quam de reo*, oftewel 'n regter vel 'n vonnis oor homself in dieselfde asem dat hy 'n vonnis oor die beskuldigde voltrek.

Hierna is Jesus gespoeg, met die vuis geslaan en geklap deur die aanwesiges. Party het Hom selfs geblinddoek en gespot dat Hy moes profeteer wie van hulle Hom slaan. Skielik was dit 'n "free for all". Eens waardige godsdienstige leiers het soos barbare tekere gegaan en die Seun van God wreed aangerand. Terwyl dit alles gebeur, het Petrus Jesus drie keer in die binnehof van die hoëpriester se huis verloën, soos wat Markus 14:66-72 beskryf. Jesus was nou stoksielalleen. Die hoogste godsdienstige raad van die Jode, sowel as sy getrouste volgelinge het Hom in die steek gelaat. Niemand wou daardie Donderdagaand enigiets met Hom te doen hê nie.

Nog 'n dodelike byeenkoms op die Vrydagoggend (Markus 15:1-16)

> We aren't God's defence council, we are His witnesses.

Ná ’n baie donker Donderdagnag is Jesus vroeg die Vrydagoggend na Pontius Pilatus toe gebring. Hy was die Romeinse goewerneur oor Judea in die jare 26-36 (tegnies is hy ’n *praefectus* genoem). As amptelike verteenwoordiger van die keiser van Rome het Pontius Pilatus die finale sê gehad. Hy het die mag oor lewe en dood gehad, soos Josefus vir ons vertel. Net hy kon die doodsvonnis oor Jesus voltrek sonder die hulp van ’n jurie of ’n raad. Die Jode het soms mense onwettig gestenig (soos ons in Handelinge 7 lees, waar Stefanus met klippe doodgegooi word), maar kruisigings was die prerogatief van die goewerneur. Kruisigings was in daardie tyd dié Romeinse manier van teregstelling van hulle politieke vyande.

Wanneer Jesus voor Pilatus verskyn, word Hy deur die godsdienstige leiers as ’n politieke bedreiging vir Rome voorgehou. Vandaar sy vraag of Jesus die koning van die Jode is. Dit het geïmpliseer dat Hy een of ander wêreldse ryk in gedagte gehad het wat die *pax Romana*, die vrede van Rome, kon bedreig. Pilatus se huiwering om ’n vonnis te voltrek, wys dat hy glad nie oortuig was dat Jesus ’n politieke gevaar ingehou het nie. Sy huiwering was terselfdertyd ook ’n manier om die Joodse godsdienstige elite, met wie hy nie goed oor die weg gekom het nie, te tart. Ook het Pilatus geweet van sy vrou se droom die vorige nag oor Jesus se onskuld, waarvan Matteus 27:19 vertel.

Feit is, hierdie ongenaakbare goewerneur (soos hy deur buite-Bybelse bronne voorgestel word) het sy bes gedoen om Jesus nie te laat kruisig nie. Pilatus het selfs voorgestel dat die Jode sy jaarlikse amnestie-aanbod tydens Paasfees ernstig moes oorweeg deur te kies tussen Jesus en ’n berugte Joodse moordenaar genaamd Barabbas. Dit was vir Pilatus duidelik dat Jesus onskuldig is aan die politieke aanklagte teen Hom. Pilatus wou dus tegnies die Romeinse roete van *abolitio* volg deur ’n gevangene voor sy verhoor vry te laat. Die alternatief was die roete van *indulgentia*, oftewel amnestie aan ’n reeds veroordeelde misdadiger. Maar die mense het geweier. Hulle

sou eerder 'n moordenaar soos Barabbas (wie se naam "seun van die vader" beteken) vrylaat as die Seun van God.

Barabbas is daardie dag deur Jesus van 'n fisiese dood gered. Jesus het letterlik sy plek ingeneem!

Die Jode het Pilatus nie toegelaat om weg te kom van sy verantwoordelikheid as goewerneur nie. Toe hy vir hulle vra of hy regtig hulle koning moet doodmaak, het die godsdienstige leiers ewe vroom verklaar hulle val slegs onder die keiser se jurisdiksie. Volgens Johannes 19:12 het hulle dit aangevul met die dreigement dat as Pilatus vir Jesus loslaat, hy geen vriend van die keiser is nie. Hierdie was 'n ernstige aanklag teen enige Romeinse hooggeplaaste. Om daardie gesogte titel *amicus caesaris*, oftewel "vriend van die keiser", te verloor, sou Pilatus se politieke loopbaan tot 'n vinnige einde bring. Dit kon selfs lei tot 'n klag van *maeistas*, oftewel hoogverraad teen die Romeinse Ryk. Daarom swig Pilatus uiteindelik onder die druk van die oproerige skare. Hulle wou daardie oggend bloed sien, Jesus s'n. Hulle wou Hom aan 'n kruis sien hang!

Toe slaan hulle Jesus uitmekaar (Markus 15:16-20)

> God's nobodies here on earth are always somebodies in His presence.

Pilatus het vir die godsdienstige leiers en die bloeddorstige skare hulle sin gegee. Maar eers het hy vir Jesus laat gesel. Dit was geen grap nie. Jesus is reeds vroeër daardie nag in die hoëpriester se woonplek aangerand. Nou moes Hy ook nog die bloeddorstige Romeinse soldate se woede eerstehands aanvoel. Van soldate gepraat, die meeste Romeinse soldate wat diens gedoen het in Judea was nie uit Italië afkomstig nie, maar uit buurlande soos Sirië en Egipte. Die Romeine het hulle gedwing

om militêre diensplig te doen in plekke soos Palestina. En, soos ons uit die geskiedenis weet, was Israel en hulle buurvolke nie goeie vriende nie. Daarom het hierdie soldate nooit 'n geleentheid laat verbygaan om geselings van Jode in uitgerekte martelsessies te omskep nie.

Nadat Pilatus ingestem het dat Jesus gekruisig word, is Hy in die Romeinse fort genaamd Antonia daar reg langs die tempel se binnehof deur die soldate bespot, op gespoeg en gemartel. Joodse geselings is altyd beperk tot 39 houe, maar die Romeine was nie so voorbeeldig om net tot hier te tel wanneer hulle hul slagoffers gegesel het nie. Hulle het aanhou slaan totdat hulle genoeg gehad het.

Die soldate het intussen ook 'n pers kleed vir Jesus aangetrek en 'n kroon van dorings op sy kop gesit om Hom te bespot as 'n sogenaamde koning. (Pers was in daardie tyd die kleur van die adellikes.) Terwyl Jesus hierna met 'n stok oor die kop geslaan is, wat die doringkroon net nog dieper in sy kop ingedryf het, is Hy verneder en beledig. Uiteindelik het hulle Hom weggelei om gekruisig te word. Jesus se liggaam was stukkend en bloedbelope teen die tyd dat die kruis daardie oggend op sy skouers beland het. Nogtans moes Hy verder loop. 'n Kruisiging het nog op Hom gewag.

Van kruisigings gepraat …

> Cicero (107-43 BC) describes crucifixion as "that cruel and disgusting penalty … the worst extreme of the tortures inflicted upon slaves".

Kruisigings was bloeddorstig en barbaars. Die enigste beperking op die wreedheid van enige kruisiging was, soos die teoloog Martin Hengel (1977:25) dit stel: "*The extent of the sadistic creativity of the executioners.*" Geen wonder nie dat Paulus die

kruis van Christus 'n *skandalon*, 'n struikelblok en 'n aanstoot noem (1 Korintiërs 1:23). Jesus se kruis was definitief nie so dierbaar soos wat mense graag sing nie. Trouens, dit het die vroeë kerk meer as 300 jaar geneem om die kruis as amptelike simbool te begin gebruik. Eers ná keiser Konstantyn se droom aan die begin van die vierde eeu, waarin hy 'n kruis gesien het, het dit 'n prominente Christelike simbool geword.

Romeinse owerhede het hierdie brutale vorm van teregstelling gebruik om vyande van Rome, sowel as gevaarlike misdadigers en slawe tereg te stel. Romeinse burgers kon nie gekruisig word nie, maar bevryde slawe wel. Soos wat Quintilianus, 'n Romeinse skrywer uit daardie tyd, opmerk, was kruisigings ook bedoel as 'n afskrikmiddel vir voornemende oortreders. Jy kan daarom die pyn en wreedheid hiervan aanvoel wanneer die bekende Romeinse regsgeleerde Cicero (107-43 vC) iewers opmerk dat die woord "kruis" nooit voor die oë of in die ore van enige Romein sigbaar en hoorbaar moes wees nie, wat nog te sê in hulle gedagtes. In sy geskrif *Verrem* (2:5.165) sê Cicero ook dat kruisigings die wreedste en mees afskuwelike straf denkbaar is. Op sy beurt sê die Romeinse filosoof Seneka, wat ook in keiser Nero se diens was, in een van sy briewe aan 'n vriend genaamd Lucillius dat selfdood dadelik oorweeg moet word as jy tot 'n kruisdood gevonnis is. Hy beskryf kruisigings in 'n werk getiteld *Dialoog* (3.2,2) soos volg:

> Kan enigiemand vrywillig kies om in sulke skrikwekkende pyn te sterf, ledemaat vir ledemaat, of om sy lewe druppel vir druppel te verloor eerder as om oombliklik te sterf? Sou enigiemand vrywillig vasgebind wou word aan 'n vervloekte hout, net om lank daar te hang met misvormde, gebreekte ledemate en nuwe, aaklige wonde oor die skouers en bors terwyl hy worstel om asem te haal in 'n uitgerekte doodstryd?

Daar was nie 'n standaardmanier van kruisiging in die Ro-

meinse Ryk nie. Die bekendste voorstelling van die kruis, naamlik dié van Jesus wat met uitgestrekte arms aan 'n dwarsbalk hang wat weer aan 'n vertikale paal vasgeheg is (bekend as die *crux immissa*), is dikwels gebruik. Die Romeine het ook van 'n *crux commissa* gebruik gemaak. Dit is 'n T-vormige kruis waar die veroordeelde naak op 'n dwarsbalk bo-op 'n vertikale paal vasgeheg is. Partykeer is net 'n vertikale paal vir kruisigings gebruik, en ander kere is X-vormige kruise gebruik. Ons weet ook van gevalle waar mense onderstebo gekruisig is. Soms is mense ook aan bome vasgekap.

Nie almal is aan kruise vasgespyker nie. Wanneer die gekruisigdes se lyding weke lank uitgerek moes word, is hulle met toue aan kruise vasgemaak. Ander kere is hulle aan die kruise vasgekap met spykers wat deur hulle gewrigte en/of enkels geslaan is. Seneka skryf soos volg oor die verskillende maniere van kruisiging (*Dialoog* 6.20.3): "Ek sien baie kruise wat opgerig is; nie net een soort nie, maar kruise wat op verskillende maniere gemaak is. Op sommige hang die slagoffers met hulle koppe ondertoe; aan ander is mense se geslagsorgane aan die kruis vasgekap, terwyl ander se arms weer oopgespalk is aan die kruishout."

Op sy beurt vertel die Joodse geskiedskrywer Josefus in sy werk *De Bello Judaicum* (5.551) hoedat die Romeine met die verowering van Jerusalem in die jaar 70 nC elke dag honderde Jode uit weerwraak gekruisig het. Hy vertel dat die slagoffers in verskillende liggaamsposisies aan die kruise vasgekap is. Daar was later so baie kruise rondom Jerusalem dat daar nie genoeg staanplek vir almal, of selfs genoeg kruise vir al die slagoffers beskikbaar was nie.

Kruise is buite die stede opgerig, en gewoonlik ook langs openbare paaie. Voordat slagoffers gekruisig is, is hulle dikwels eers gemartel. Daarna moes hulle self hulle kruise na die plek van teregstelling dra. 'n Bekende eerste-eeuse filosoof genaamd Plutargus noem in sy werk *Moralia* (554A) dat veroordeeldes

hulle kruise op die rug gedra het, waaruit ons aflei dat hulle dikwels die hele kruis moes dra en nie net die dwarsbalk (in Latyn bekend as die *patibulum*) soos wat ook soms gebeur het nie. As ons na die Evangelies se verwysings na Jesus se dra van sy kruis kyk (Markus 15:21-22; Matteus 27:32; Lukas 23:26), sien ons dat die Griekse term *stauros* gebruik word, wat moontlik na die hele kruis verwys en nie net na die dwarsbalk nie. Selfs in die Vulgaat, die Latynse vertaling van die Nuwe Testament, word die woord *stauros* met *crucis*, oftewel kruis, vertaal, en nie met die term *patibulum* nie. Dit lyk dus asof Jesus sy hele kruis moes dra. Later moes Simon van Sirene Hom hiermee help.

'n Bordjie, bekend as 'n *titulus*, wat die rede vir die kruisiging aandui, is soms bokant gekruisigdes se koppe aan die kruis vasgeslaan. Partykeer is daar ook 'n smal houtbankie, bekend as 'n *sedile*, in die middel van die kruise aangebring waarop die veroordeeldes kon sit. Dit het lyding eintlik nog verder uitgerek omdat hulle gedurig hulle liggaamsgewig verplaas het om nie te versmoor nie. Gekruisigdes se liggame is soms ook vir weke ná hulle dood aan die kruise gelaat as openbare afskrikmiddel, maar ook om hulle nagedagtenis uit te wis. Partykeer is gekruisigdes ook met swaar voorwerpe geslaan om hulle bene te breek en hulle dood te verhaas. Ons weet selfs van gevalle waar gekruisigdes met byle van die kruise afgekap is, moontlik om plek te maak vir 'n volgende sarsie veroordeeldes.

Gekruisigdes se dood is deur verskeie redes veroorsaak. Die wrede mishandeling wat dit voorafgegaan het, saam met die bloedverlies, skok en pyn aan die kruis self was die algemeenste redes. Uitputting was 'n verdere rede, saam met infeksies wat veroorsaak is deur oop wonde en verroeste spykers. Geleerdes vermoed dat gekruisigdes dikwels ook versmoor het aan kruise as gevolg van die vreemde posisies waarin hulle vasgespyker is (alhoewel die navorsing van Zugibe [2005] hierdie "versmoringsteorie" bevraagteken). Feit is, kruisigings was 'n uiters wrede dood.

Hoe is Jesus gekruisig?

> You travel light when Jesus carries your burdens.

Nie een van die Evangelies vertel vir ons presies hoe Jesus gekruisig is nie. Uit Lukas 24:39 en Johannes 20:25 en 27 weet ons minstens dat Hy sowel aan sy hande en voete aan die kruis vasgekap is. Maar oor die vorm van sy kruis swyg die Nuwe Testament. Trouens, dit is eintlik eers die kerkvader Irenaeus (130-202 nC) wat in sy boek *Adversus Haeresis* (2.24.4) sê dat Jesus aan ’n *crux immissa* gehang het. ’n Ander bekende kerkleier genaamd Tertullianus (45-120 nC) vertel in sy geskrif *Ad nationes* (1.12.7) dat Jesus se kruis se vorm herinner aan dié van ’n man wat regop staan met uitgestrekte arms. Omdat die *crux immissa* ’n baie gewilde vorm van kruisiging was, hoef ons dit nie te betwyfel in die geval van Jesus se kruis nie.

Jesus se kruisiging was nie so bloedloos soos wat Christelike kunswerke ons deur die eeue probeer wysmaak het nie. Omdat Hy deur sy polse en enkels vasgekap is aan die kruis, en omdat Hy vooraf gemartel is, het Hy baie bloedverlies aan die kruis gely. Jesus se kruis was ook nie so hoog soos in die meeste voorstellings hiervan nie. Die feit dat die soldate volgens Johannes 19:29 ’n sagte hisoptakkie kon gebruik om ’n spons aan Jesus uit te hou, wys dat sy gesig nie te hoog van die grond af was nie.

Daar was ook nie ’n groot skare heiliges rondom Jesus wat met biddende hande en oë vol bewondering rondgestaan het, soos wat amper elke tweede skildery oor die kruisiging vanuit die Middeleeue en later dit voorstel nie. Inteendeel, dit was die Romeinse centurion en sy soldate, asook ’n groot klomp spottendes wat daar by die kruis rondgehang het om Jesus en die

twee ander gekruisigdes te beledig. Wat Jesus se binnekring betref, was dit slegs 'n paar vroue wat daar naby die kruis was, asook sy dissipel Johannes.

Ses ure aan die kruis (Markus 15:16-41)

> Without a cross there's no crown.

Golgota, die Plek van die Kopbeen, was Jesus se finale bestemming daardie Vrydag. Net buitekant die stad van Dawid is Hy teen negeuur daardie oggend hardhandig vasgekap aan 'n kruishout. Weerskante van Jesus is twee misdadigers ook gekruisig.

Jesus het nie baie woorde oorgehad aan die kruis nie. Sy liggaam en sy bloed wat daar gevloei het, was oorgenoeg; dit was die regte taal … tot in die verste ewigheid! Tog verwys die Evangelies na 'n paar dinge wat Jesus wel aan die kruis gesê het. Hy het onder andere 'n kort gesprek met sy ma, Maria, en met Johannes gehad. Jesus het vir Maria gesê dat Johannes van nou af haar seun is. Vir Johannes het Jesus gesê dat hy Maria voortaan as sy ma moet beskou (Johannes 19:25-27).

In Lukas 23:42-43 lees ons ook van Jesus se kort gesprek met een gekruisigde langs Hom. Hierdie man het nie deelgeneem aan die beledigings wat onophoudelik op Jesus neergereën het nie. Trouens, hy het met die man aan die ander kruis geraas wat ook met Jesus gespot het. Hy het geweet hulle twee verdien hulle kruise, maar nie Jesus nie. Toe vra hierdie gekruisigde vir Jesus om tog vir 'n oomblik aan hom te dink wanneer Hy in die koninkryk van God aankom. Hy het geweet hy verdien die ewige dood wat binnekort op hom gewag het. Sy verdiende loon was op pad. Jesus het sy versoek met ruim genade beant-

woord toe Hy sê dat hy daardie dag saam met Hom in die paradys sou wees.

Te midde van die ergste lyding denkbaar kon Jesus steeds nie ophou doen waarvoor Hy aarde toe gekom het nie, naamlik om God se verlore eiendom te soek, te vind en te red. Juis daar aan Golgota se hout, terwyl Jesus miljoene mense se sondelas op sy eie skouers geneem het, het Hy plek vir nog een ander persoon se ewige nood op sy skouers gehad. Daarom was hierdie gekruisigde se sterwensoomblikke die beste van sy hele lewe.

Die son sak helder oordag

> We live in a "hit-free" zone. On Calvary Jesus took all the hits on our behalf.

Terwyl Jesus 'n hart vol genade vir die verlore sondaar langs Hom gehad het, het die skare en die godsdienstiges Hom sonder ophou bespot en beledig. Hulle wou onder andere by Jesus weet hoekom Hy dan nie van die kruis af klim nie. Die mees ironiese opmerkings daardie oggend was egter dié van die skrifgeleerdes: "Ander het Hy gered, Homself kan Hy nie red nie. Laat die Christus, die koning van Israel, nou van die kruis af kom, sodat ons dit kan sien en in Hom glo."

Hoe hartseer dat hulle so sonder begrip was. Het hulle maar net geweet dat Jesus in daardie oomblikke besig was om die sondes van die ganse wêreld op sy skouers te laai! Jesus wat geen sonde geken het nie, het juis in daardie ses ure aan die houtkruis die status van die grootste sondaar in die wêreld voor God aangeneem, soos Paulus in 2 Korintiërs 5 vir ons vertel.

Teen twaalfuur daardie Vrydag het die son ophou skyn in Jerusalem. Dit het donker geword. Hoe kan die son in elk ge-

val aanhou skyn as die Son van Geregtigheid besig was om dood te gaan? Hoe kon dit lig wees as die ware Lig van die wêreld stukkie vir stukkie doodgegaan het daar aan die hout van Golgota? Hoe kon die hemele sing? Hoe kon God bly wees as Hy moes toekyk hoe sy eie Kind die status van 'n sondaar aangeneem het? Nee, dit was glad nie 'n goeie Vrydag in die hemel nie. Dit was donker-Vrydag, want die Seun van God was besig om dood te gaan in Jerusalem.

Agter die skerms by Golgota

> When I fled from God, He was too fast. He caught up with me. Christ overwhelmed me with his love.

Terwyl toeskouers en verbygangers daardie Vrydag na 'n magtelose figuur aan die kruis gekyk het en net hulle koppe geskud het, was die grootste krag in die heelal op 'n vreemde, paradoksale manier besig om daar te ontsluit. Wie sou dit kon dink? Wie sou dit glo as daar vir hulle gesê is dat die wêreldgeskiedenis in daardie einste oomblikke besig was om te swaai in God se rigting? Wie sou kon glo dat in daardie dwaasheid van die kruis, soos Paulus dit in 1 Korintiërs 1:18-25 beskryf, die groot krag van God losgelaat is wat vir biljoene mense ewige redding sou bring?

Ek wonder wat sou ék gedink het as ek op 15 Nisan in Jerusalem saam met ander nuuskieriges 'n draai gemaak het by Golgota om te gaan kyk na die Man van Nasaret. Sou ek nie dalk ook saam met die godsdienstige leiers gelag het dat daardie bebloede Man Homself die Seun van God noem nie? Ek dink ek sou dalk. Ek sou hardop gelag het as iemand vir my sou vertel die grootste reddingkrag in die heelal was besig om juis op daardie oomblikke te ontvou. As ek 'n Jood was, sou ek

dadelik gesê het so iets is totaal en al onmoontlik, want God vervloek elkeen wat aan 'n hout opgehang is (Galasiërs 3:13). En as ek 'n Griek was wat toevallig daardie naweek in Jerusalem was, sou ek dit pure onsin en dwaasheid genoem het (1 Korintiërs 1:18-25), want Grieke het geweet die gode kan nie onder mense se hande ly nie.

Al het Jesus in swakheid aan Golgota se houtkruis gehang, soos wat Paulus in 2 Korintiërs 13:4 skryf, het die reddingskrag van die Here daar losgebreek soos nooit tevore nie. Jesus het daar in ons plek 'n vervloekte geword. Hy het dit gedoen om ons los te koop van die vloek van die wet (Galasiërs 3:13). Daar het Jesus plekke geruil met elkeen wat al hulle hoop op Hom plaas om hulle te verlos van sonde en die dood. Trouens, so volledig het Jesus daar met ons almal plekke geruil dat Paulus in Galasiërs 2:19 skryf ons is saam met Christus gekruisig.

Elkeen wat Jesus ons Heer en Verlosser noem se geskiedenis en identiteit is nou so ineengestrengel met Jesus s'n dat ons saam met Hom aan die kruis gehang het. Daar het Jesus ons sondaarstatus op sy skouers geneem in ruil vir sy eie regverdigheid. Daar het Hy Homself as offer op die altaar van God geplaas. Daar het Jesus die weerligafleier geword sodat ons wat in die dodesel van die sonde opgesluit is vir altyd God se kinders kan wees.

Elke aanklag en elke beskuldiging teen ons het Jesus daar by Golgota op sy skouers geneem. Ons onbetaalde sonderekening by God is daar volledig afbetaal, soos wat Kolossense 2:14 dit beskryf. Ook het God daar die bose magte ontwapen en hulle in sy Kind se triomftog meegevoer, soos wat Paulus in Kolossense 2:15 vertel. Jesus het geen sonde gedoen nie, en tog is Hy daardie Vrydag aan die houtkruis net buitekant Jerusalem vir die grootste sondaar ooit aangesien. In 1 Petrus 2:24 se woorde het Hy daar al ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Deur sy wonde is ons genees.

Die swakheid van Jesus aan die kruis was toe al die tyd die

nuwe krag van God en die wysheid van God (1 Korintiërs 1:23-25). Prys sy Naam!

Jesus sterf (Markus 15:33-47)

> From salvage to salvation – that is God's side of the story.

Skuins ná drieuur daardie Vrydagmiddag was alles oor en verby. Die geweldige marteling wat Jesus moes deurstaan en sy diep wete dat Hy aan die kruis moet instaan vir biljoene mense se lewens, was uiteindelik een te veel. Markus 15:34 se aanhaling van Jesus se bekende kruiswoord: "'Eloï, Eloï, lemá sabagtani?' oftewel: 'My God, my God, waarom het U My verlaat?') was die laaste strooi. Daardie gevoel van absolute verlatenheid wat Jesus aan Golgota se hout oorweldig het, het sy eie rug geknak. Hy kon nie en Hy wou ook nie verder sonder God leef nie. Daarom het Hy hard uitgeroep en sy laaste asem uitgeblaas.

Mense spekuleer steeds oor die presiese rede vir Jesus se sterwe aan die kruis. Johannes 19:34 se verwysing na die water en bloed wat uit Jesus se sy geloop het toe 'n soldaat Hom met 'n spies gesteek het om seker te maak Hy is dood, het tot 'n paar interessante teorieë aanleiding gegee. Reeds in die vorige eeue het sommige hieruit afgelei dat Jesus se hart letterlik geskeur het van droefheid aan die kruis wat water rondom sy hartvliese en longe losgelaat het. Dit sou verklaar hoekom daar water en bloed uit sy sy geloop het. Geen gesoute medikus sal egter vandag so 'n standpunt ondersteun nie. Dit is egter teoreties moontlik dat bloedverlies en hartversaking, saam met die mediese toestand van asidose sodanige fisiologiese reaksie tot gevolg kon hê.

Tog moet ons nie die groot teologiese punt wat Johannes hier maak, miskyk nie. Vir hom is water en bloed simbole van nuwe lewe. Daarom hoor ons op verskillende plekke in die Evangelie van Johannes dat Jesus die water van die lewe is, en ook dat strome lewende water sal vloei uit dié wat in Hom glo. Net so hoor ons in Johannes 6 dat Jesus se bloed die nuwe drank is wat lewe gee. Wanneer ons dus in Johannes 19:34 lees dat water en bloed uit Jesus vloei, wil Johannes dit eerstens diep geestelik bedoel as 'n oorvloed van nuwe lewe wat nou uit Christus stroom. Jesus het direk voor sy sterwe aan die kruis triomfantelik uitgeroep "*tetelesthai*", oftewel dit is volbring (Johannes 19:30). Hy het sy kruisiging as oorwinnaar afgesluit. Daarom dat daar water en bloed uit Hom vloei. Die oorwinning is verseël; die geveg is finaal beklink.

Toe Jesus sterf, het die tempel se gordyn in twee geskeur. Dit is die gordyn wat die allerheiligste deel van die tempel van die res geskei het. God se heiligheid, sy *shekinā*, het die tempel finaal verlaat. Nou was alle offers wat daar gebring word pure verniet. Jesus is die nuwe tempel. Sy dood aan die kruis is die finale offer. Geen wonder nie dat die Romeinse offisier hardop uitgeroep het dat Jesus die Seun van God is. Sy woorde is die taal van geloof. Dit is ook die belydenis wat God van elkeen vra wat voor Golgota se houtkruis tot stilstand kom, vandag nog! Daar is redding vir elkeen wat na die Seun opkyk en bely dat Hy die Verlosser en Here van die wêreld is.

Hoofstuk 7

Die kruis is kaal, die graf is leeg en die hemel vol

Is die opstanding van Jesus net 'n gelykenis?

> Fear is contagious; faith also!

In hulle boek *The Last Week* (2007) skryf twee bekende Bybelwetenskaplikes, Marcus Borg en John Dominic Crossan, dat die opstandingsverhale van Jesus nie noodwendig histories waar hoef te wees nie. Te veel klem op die historiese betroubaarheid hiervan staan volgens hulle in die pad van die eintlike verstaan, naamlik as simboliese verhale, soortgelyk aan Jesus se gelykenisse. Boonop kan dit 'n struikelblok wees vir dié wat nie kan glo in die liggaamlike opstanding van Jesus nie.

Die regte vraag, volgens Borg en Crossan, wanneer Jesus se opstandingsverhale op die tafel is, is nie: "Did they happen or not?" nie, maar eerder: "What do they mean?" Daarom kom hulle tot die gevolgtrekking:

> Believe whatever you want about whether the stories happened this way – now let's talk about what they mean. If you believe the tomb was empty, fine; now, what does this story mean? Or even if you are quite sure it didn't happen this way, fine; now what do these stories mean?

Baie mense kies om wetenskaplike denke en geloof teenoor mekaar te stel wanneer dit by die Bybel, en veral by Jesus se opstanding, kom. In 'n ander boek van Marcus Borg (2011) som hy hierdie vreemde invalshoek op met die opmerking dat die Bybel 'n menslike produk is en nie die werk van 'n bonatuurlike Outeur nie. Daarom hoef die Bybel nie feitelik-letterlik verstaan te word nie. Enigiets buite hierdie geslote wêreldbeskouing, soos die maagdelike geboorte van Jesus, sy wonderwerke of sy opstanding uit die dood, is blykbaar nie toeganklik vir sulke ondersoeke nie. Geen wonder nie dat John Dominic Crossan selfs vir Jesus permanent agterlaat in 'n vlak graf net ná sy kruisdood, of Hom selfs vir 'n geruime tyd aan die kruis laat hang as teiken vir die kraaie en honde. Hoor hoe stel hy dit in sy boek *Who Killed Jesus?* (1994:187-188):

> In conclusion, what is the historicity of the burial account [of Jesus]? From Roman expectations, the body of Jesus and of any others crucified with him would have been left on the cross as carrion [dead and putrefying flesh] for the crows and the dogs. From Jewish expectations, would not Deuteronomy 21:22-23 have been followed? Maybe, but only the barest maybe … But, even if it was, the soldiers who crucified Jesus probably would have done it, speedily and indifferently, in a necessary shallow and mounded grave rather than a rock-hewn tomb. That would mean lime, at best, and the dogs again, at worst.

In latere publikasies gee Crossan geen aanduiding dat hy van standpunt oor Jesus se permanente dood verander het nie (2009:288-292). Bonatuurlike gebeure in die lewe van Jesus moet volgens navorsers soos hy en ander betwyfel word omdat dit nie deur historiese navorsing bewys kan word nie. Die verskynings van Jesus net ná sy opstanding word deur sulke navorsers in terme van psigologiese ervarings van sy bedroefde dissipels, of aan die hand van (kollektiewe) hallusinasies van sy volgelinge verklaar. 'n Bybelwetenskaplike soos Dale Allison (2005) stapel in sy navorsing selfs 'n rits voorbeelde op van moderne mense se belewenisse van afgestorwe geliefdes se besoeke aan hulle. Dan gebruik hy dit as een van sy brille om Jesus se "post mortem"-verskynings te verklaar. Allison kom tot die gevolgtrekking dat die opstandingsverskynings van Jesus eintlik veel meer handel oor die bedroefde dissipels se subjektiewe ervarings en hulle bewuswording van sy onsigbare teenwoordigheid as oor die historiese gebeure hieragter.

Die opstanding is die hartklop van die kerk

> Jesus is a giver, not a taker.

Jesus se aardse optrede is beter gedokumenteer as dié van ander bekende figure uit die geskiedenis wie se doen en late vandag algemeen as waar aanvaar word, soos Julius Caesar, Attila die Hun, en dies meer. Maar wat van sy opstanding? Is dit 'n storie wat vinnig opgemaak is deur Jesus se binnekring om die verleentheid van sy ontydige dood uit die weg te ruim? Wel, feit is, toe hierdie einste binnekring en miljoene ander Christene wreed vervolg en vermoor is gedurende die eerste drie eeue, het hulle nooit afgesien van hulle belydenis dat Jesus lig-

gaamlik uit die dood opgestaan het nie.

Ewe beduidend is dat Jesus se aardse familie ook eers ná sy opstanding in Hom begin glo het. En as ek dit nie mis het nie, is ’n mens se direkte familie dié wat heel eerste sal weet as jy nie die ware Jakob is nie. Volgens Markus 6:3 het Jesus vier aardse broers gehad genaamd Judas, Joses, Jakobus en Simeon, asook twee susters. Uit Markus 3 en Johannes 7 blyk dit dat sy broers nie in Hom geglo het gedurende sy openbare optrede nie. Maar dinge het dramaties verander ná sy opstanding uit die dood. Hulle het tot bekering gekom omdat hulle vir Jesus ook as opgestane Here raakgeloop het. Later het party van Jesus se familielede ook belangrike leiersrolle in die vroeë kerk ingeneem.

Jakobus het die leier van die kerk in Jerusalem geword nadat Petrus die evangelie op ander plekke gaan uitdra het (Handelinge 21:18). Hy is in die jaar 62 doodgemaak omdat hy geweier het om Jesus te verloën. Volgens Josefus (*Antiquitates* 20:9) is Jakobus van ’n pilaar in die tempel afgestamp en toe gestenig. Jakobus en Judas (een van Jesus se ander broers) word ook verbind met twee briewe wat in die Nuwe Testament opgeneem is. ’n Broerskind van Jesus se aardse pa, Josef, het vir Jakobus as leier van die kerk in Jerusalem opgevolg. Sy naam was Simeon. Op sy beurt is Simeon in die jaar 106 nC doodgemaak vanweë sy geloof. ’n Agterkleinkind van Josef genaamd Juda Kuriakos het hierna as biskop van Jerusalem opgetree rondom die jaar 148-149 nC.

Van Jesus bely die eerste Christene ondubbelsinnig dat Hy op die derde dag ná sy kruisiging uit die dood opgestaan het. Paulus skryf byvoorbeeld in 1 Korintiërs 15:17-19 as Jesus nie uit die dood opgewek is nie, is ons geloof pure verniet. Dan gaan die grap teen ons. Die opstanding van Jesus is egter dié pilaar waarop die ganse kerk van Christus rus (Romeine 8:11; 1 Tessalonisense 4:14).

Die opstanding vra om geloof, maar nie omdat dit op losse skroewe staan nie

> We don't do transactions with God as if He needs anything from us. We are beggars in His presence. We always come to Him with empty hands.

Die verhaal van die kruis en die leë graf vra om geloof, maar dan nie omdat dit twyfelagtig is nie. Allermins, dit vra om geloof, want hierdie verhaal is uniek. Daar bestaan geen parallelle hiervoor in die geskiedenis nie.

In sy indrukwekkende werk oor die opstanding, *The Resurrection of the Son of God* (2003), skryf N.T. Wright dat baie mense in die eerste eeu 'n nadoodse geestelike bestaan vir die regverdiges veronderstel het. Tog was 'n fisies-liggaamlike opstanding van enigiemand voor die wederkoms ondenkbaar. Daar sou volgens die Jode eers op die dag van die Here 'n liggaamlike opstanding van die dooies wees, soos wat die Fariseërs geglo het. Die verhaal van die opstanding van Jesus op die Sondag net ná sy kruisiging is enig in sy soort. Meer korrek, dit is uniek en waar!

Die Evangelies bied tereg die leë graf en Jesus se verskynings aan as historiese materiaal, net soos hulle sy ander leringe en openbare optredes as historiese materiaal met ons deel.

Nooit verstaan die Evangelies die opstanding van Jesus as 'n metaforiese gelykenis wat slegs sekere geestelike waarhede bevat nie. In dieselfde asem ontken die Evangelies egter nie die noodsaak van geloof om hierdie verhale na behore te verstaan nie.

Hoekom sou mense ooit die vroeë kerk se getuienisse en geskrifte ernstig opgeneem het indien Jesus slegs in hulle hallusinasievlugte of in hulle subjektiewe ervarings opgestaan het?

Waarom sou mense enigiets anders glo wat Jesus se volgelinge gesê het indien hulle op hierdie beslissende punt van sy sterwe en opstanding die waarheid verdraai het? Tog het hulle onder alle omstandighede bely dat Jesus die dood oorwin het (Handelinge 4:19-20; 1 Korintiërs 15:3-8; 1 Petrus 1:3). Craig Keener (2009:344) maak die volgende belangrike opmerkings in hierdie verband:

> Early Christianity cannot easily be explained by mere visionary experiences, since these alone would not have convinced many disciples that the person they saw had returned to life bodily (whatever that claim would have meant for them). Postmortem "appearances" (especially in dreams) were not unusual, and no one would draw the corollary of Jesus as "Lord of humanity" from claims to have seen a dead person who was "alive" only in the sense that anyone after death was believed to remain alive. Hearers would certainly not have been convinced simply because someone said, "In a vision my deceased teacher told me that he is now the ruler of the cosmos."

Met 'n nuwe liggaam en al

> Faith is not a "get out of jail free" card. It's a relationship with the living Christ.

Dit was nie 'n spook wat aan Maria Magdalena verskyn het daardie Sondagoggend net ná Jesus se kruisiging nie (Johannes 20:11-18). Of aan die twee mense van Emmaus op pad na hulle huis toe nie (Lukas 24:13-34). Of aan die dissipels daardie Sondagaand in Jerusalem nie (Lukas 24:35-49). Dit was Jesus self. Hy het 'n nuwe liggaam gehad, maar sy graf in Jerusalem was leeg. Jesus se opstanding was nie maar net gelyk aan die

opwekking van 'n dooie liggaam nie. Dit ook, maar nog veel meer! Soos wat ek dit in Engels sou wou sê: "The resurrection of Jesus is more than the resuscitation of a corpse."

In Jesus se opstanding is daar kontinuïteit en diskontinuïteit. Dit was steeds Jesus van Donderdag en vroeër, maar dit was in dieselfde asem ook die opgestane Heer. Sy ou liggaam is nie leweloos agtergelaat in die graf nie. Dit is herstel; dit is oordek met onsterflikheid. Daarom het Maria Magdalena vir Jesus as die tuinier aangesien. En daarom het die dissipels Hom in Johannes 21 ook nie onmiddellik herken toe Hy langs die See van Galilea gestaan het terwyl hulle visgevang het nie. Maar wanneer Jesus met sy mense begin praat of saam met hulle geëet het, het hulle uiteindelik besef dit is Hy.

Ná 'n dag op die pad het die mense van Emmaus se oë oopgegaan. Dit was toe Jesus in hulle huis saam met hulle brood gebreek het. Later daardie aand het die dissipels ook geweet dis Hy toe Hy saam met hulle vis geëet het, of toe Hy 'n ruk later in Johannes 21 vir sy dissipels vis gebraai het op die strand.

Ná Jesus se opstanding was dit duidelik dat Hy die Here is met 'n verheerlikte liggaam. Daarom kon Hy vir Maria Magdalena sê om nie aan Hom te raak nie. Dit was ook vir Hom moontlik om uit die mense van Emmaus se gesigveld te verdwyn toe hulle besef wie Hy regtig is. Jesus kon ook daardie Sondagaand aan sy dissipels verskyn selfs al was al die deure van die vertrek gesluit (Johannes 20:19-23). Toe Tomas nie wou glo dat Jesus opgestaan het nie, omdat hy daardie eerste Sondagaand nie aanwesig was nie, het Jesus agt dae later weer opgedaag. Toe het Hy vir Tomas uitgenooi om aan sy wonde te kom raak (Johannes 20:24-29). Dis toe dat hierdie einste dissipel gelowig uitroep: "My Here en my God!" (vers 28).

Verskillende invalshoeke tot een groot verhaal

> We don't invite Jesus into our family; He invites us into His.

Die vier Evangelies bied 'n paar unieke aksente oor Jesus se opstanding aan ons. By Markus en Matteus lees ons byvoorbeeld van net een engel wat in die leë graf van Jesus wag (Markus 16:5; Matteus 28:2-7). By Lukas is daar egter twee (Lukas 24:4). Daar is ook kleiner onderlinge verskille rondom die aantal vroue wat heel eerste by Jesus se graf opdaag (Maria Magdalena en die ander Maria volgens Matteus 28:1; Maria Magdalena, Maria, Jakobus se ma, en Salome volgens Markus 16:1, maar net Maria Magdalena volgens Johannes 20:1). Die presiese plek van waar Jesus hemel toe vertrek, is ook nie heeltemal duidelik nie. Terwyl Markus en Matteus die idee skep dat dit in Galilea kon wees, vertel Lukas dat Jesus vanaf die Olyfberg opgevaar het. Hierdie onderlinge klemverskille toon aan dat die Evangelies nie klinies met ons kommunikeer sonder om die unieke bydraes en styl van elke skrywer ook aan die woord te stel nie.

God het aan elkeen van die Evangelieskrywers die vryheid gegun om die verhale van Jesus se opstanding binne die oorhoofse doel van hulle Evangelies in te pas. Tog stem al die Evangelies heelhartig saam oor die beslissende historiese feite van die opstanding. Al vier Evangelies weet byvoorbeeld Jesus het op die derde dag ná sy dood opgestaan. Wanneer Markus aanvanklik in hoofstuk 8-10 sê dat Jesus ná drie dae sal opstaan, moet ons onthou dat die Jode in daardie tyd inklusief oor tyd gedink het. Met ander woorde, Vrydag was dag 1; Saterdag was dag 2 en Sondag was dag 3. Juis op daardie Sondagoggend herrys Jesus uit die graf. Ook weet al vier Evangelies dat

vroue die heel eerste getuies van Jesus se leë graf was. Omdat hierdie vroue enduit by die kruis van Jesus aan diens was, het hulle gesien waar Josef van Arimatea vir Jesus in sy familie se klipgraf begrawe, soos wat al vier Evangelies berig (Matteus 27:55-61; Markus 15:40-47; Lukas 23:49-56; Johannes 19:38-42).

In die unieke episode van Jesus se verskyning aan Maria Magdalena by die graf (Johannes 20:11-18) kry sy die opdrag om haar Meester se opstanding te gaan bekendmaak aan sy dissipels. Al vertel Johannes nie van die hemelvaart aan die einde van sy Evangelie nie, hoor ons wel hier by Jesus dat Hy gaan opvaar na sy Vader en sy God, wat ook hulle Vader en God is. Maria Magdalena word dus die eerste amptelik aangestelde verkondiger van die evangelie deur die opgestane Christus. (Hoe die kerk dit deur die eeue gemis het, slaan my dronk; veral dié wat vroue verbied om te leer en leiersposisies in die kerk in te neem!)

Nog twee aangrypende opstandingstories

> We're not taking Christ to the world; He's the One taking us there.

Twee aangrypende verhale rondom Jesus se opstanding is Lukas se vertelling van Jesus se dagreis saam met twee ontnugterde mense wat op pad terug is na Emmaus (Lukas 24:13-34), en sy verskyning aan die bang dissipels daardie Sondagaand in Jerusalem waar Hy op hulle blaas om die Gees te ontvang (Johannes 20:19-23). In Lukas se Emmausverhaal loop ons vir Kleopas en moontlik ook sy vrou Maria raak (aldus Johannes 19:25). Hulle is ontnugterd omdat hulle nie die storie glo van die vroue daar in Jerusalem dat die graf leeg is en dat Jesus opgestaan het nie. Dan stap Jesus die hele dag lank tot sononder

saam met hulle. Op die pad luister Hy na hulle en leer hulle. Die Skrif is Jesus se onderrigmiddel. Dit steek hulle harte aan die brand, soos wat Kleopas later daardie aand opmerk (Lukas 24:32). Uiteindelik eet Jesus hulle oë oop in Emmaus. Toe Hy saam met hulle brood breek, besef hulle dit is Jesus. Hierdie egpaar hardloop dan direk hierna terug na Jerusalem waar hulle en die dissipels die nuus met mekaar deel dat Jesus opgestaan het.

In Johannes 20 lees ons hoedat Jesus kort hierna by sy bang dissipels se Sondagaand-byeenkoms agter geslote deure opdaag. (Wat 'n vreemde afskop vir die eerste aanddiens in die vroeë kerk!) Met oopgestrekte hande groet Jesus sy dissipels as Hy twee maal *sjalōm*, God se vrede, oor hulle uitspreek. Dan wys Hy sy hande en sy vir hulle en bemagtig hulle om sy aardse werk verder voort te sit. "Julle weet die Vader het My met 'n boodskap na die wêreld toe gestuur. Net so stuur Ek julle nou" (Johannes 20:21). Om hulle toe te rus, blaas Jesus oor hulle om die Gees te ontvang.

Net soos God aan die begin van die skepping lewensasem in die eerste mense ingeblaas het, blaas Hy nou die Gees se nuwe lewe oor sy dissipels uit. In een oomblik word hierdie bang, geslote gemeenskap deur die opgestane Christus oorlaai met hemelse vrede en die krag van die Gees. Boonop weet hulle wat hulle van nou af moet gaan doen, naamlik om as Jesus se gestuurdes die wêreld vol vir Hom te leef, te getuig en te dien.

Bang, maar steeds dapper aan diens (Markus 16:1-8)

> Spiritual numbness is a dangerous condition. It is to be deprived of a deep awareness of God's presence.

Die opstanding van Jesus het sy eerste volgelinge onkant ge-

vang. Ons sien hoe geskok die vroue was toe hulle daardie Sondagoggend by sy graf opdaag en agterkom die klip voor die graf is weggerol. Toe die vroue volgens Markus in die graf ingaan, het hulle ’n jongman met wit klere aan daar sien sit. Terwyl hulle nog lam van die skrik was, sê hy vir hulle hy weet hulle soek vir Jesus van Nasaret, maar dat Hy nie meer in die graf is nie. Hy is opgewek uit die dood. Toe het hulle die opdrag by die engel gekry om vir Petrus en die dissipels te gaan sê om Galilea toe te gaan. Hulle sou daar vir Jesus sien.

Volgens Markus het die vroue van die graf af weggehardloop en vir niemand vertel nie. Tog kon hulle nie vir te lank stilbly nie. In Markus 16:9-10, die korter slot van die Markusevangelie volgens die oudste Griekse manuskripte in die vroeë kerk, het Maria Magdalena wel vir mense gaan vertel. Hulle kon eenvoudig nie hierdie evangelie, hierdie Goeie Nuus, vir hulleself hou nie. Toe het Jesus hulle die hele wêreld vol gestuur met die grootste verhaal van alle verhale op hulle lippe. Hierdie verhaal van die opstanding en die leë graf moes ten alle koste oorvertel word. Die vuur wat Jesus deur sy Gees in die eerste getuies van die leë graf se harte aangesteek het, het net te sterk gebrand. Hulle moes begin praat.

Terloops, ek hou van hierdie kort, oop afsluiting van Markus. Dit laat my op ’n verrassende manier deel word van hierdie teks om dit verder te gaan leef. Ek weet ek moet Markus se verhaal verder gaan skryf deur my eie woorde, getuienisse en dade van diens aan mense in Jesus se Naam. Dis presies wat Markus bedoel het toe hy besluit het om die evangelie van Jesus, die Christus, die Seun van God, in boekvorm te giet.

Terug na die opstandingsverhaal – Matteus vertel vir ons in Matteus 28:16-20 dat Jesus sy dissipels in Galilea op ’n berg versamel het. Terwyl sommige getwyfel het of dit regtig Hy is, en ander Hom aanbid het, het Jesus gesê dat God alle mag in die hemel en op aarde aan Hom oorgegee het. Hy, die opgestane Heer, hou die sleutels van die dood en die doderyk, sowel as

die mag oor lewe en dood, in sy eie hand. Daarom het Hy ook die mag om sy volgelinge uit te stuur om dissipels van al die nasies te gaan maak. En om sy permanente teenwoordigheid by sy kerk te waarborg tot aan die einde van die tyd.

In Lukas 24:50-53 en Handelinge 1:9-11 verneem ons van Jesus se vertrek terug na sy Vader se woning toe daar vanaf die Olyfberg in Jerusalem. Nadat Hy hulle geseën het, het Hy opgevaar hemel toe. Net hierna het twee engele by die dissipels opgedaag om hulle te bemoedig dat Jesus wat nou net na sy hemelse woonplek vertrek het, eendag weer so na die wêreld sou terugkeer.

Die kruis is kaal, die graf is leeg en die hemel is weer vol

> Any creative artist prefers an empty canvas. God also, but He will repaint any old canvas with his amazing grace.

Jesus het weer sy plek aan die regterhand van God ingeneem. Daar tree Hy vir ons in soos Paulus in Romeine 8:34 skryf. Omdat Jesus bereid was om sy Goddelike eer vir ’n klompie jare hier op aarde prys te gee en om ja te sê vir ’n roete van vernedering en dood, het God Hom uitermate verhoog deur aan Hom ’n Naam te gee wat bo elke Naam is. Daarom sal elke knie voor Jesus buig en elke tong bely dat Hy die Here is (Filippense 2:5-11).

Die kruis is kaal, die graf is leeg en die hemel is weer vol. Jesus is terug in sy hemelse woning waar Hy as Here regeer. Daar heers Hy as die Een wat, in die taal van Openbaring 5, die boekrol van God oopgemaak het met sy hemelvaart. Die raadsplan van God en die beheer oor die ganse heelal is dus nou in Christus se hande. Dit is Hy wat sy Naam en sy Vader se Naam

op alle verlostes skryf (Openbaring 14:1-2) en wat ons name in die boek van die lewe opteken, aldus Openbaring 13. Dit is ook Hy wat binnekort gaan terugkeer om God se nuwe hemel en nuwe aarde te laat aanbreek waarvan Openbaring 21-22 vertel.

"Jesus het opgestaan. Hy is die verheerlikte Heer (1 Korintiërs 15). Hy is die waarborg dat ek ook met 'n verheerlikte liggaam sal opstaan. Hoe weet ek nie, maar *dat* weet ek wel. Die *dat* is gegrond op my geloof in die opgestane Heer. Toe Hy hemel toe gevaar het, het Hy my nie alleen gelaat nie. Hy het die Heilige Gees nagelaat. En dit is die Gees wat my Hom laat sien. Dáárom glo ek" (Vos, 2015:185-186).

In Getsemane het Jesus finaal ja gesê vir 'n pad van lyding wat doodgeloop het in die houtkruis van Golgota. Maar dit was nie 'n doodloopstraat nie, want Jesus het op die derde dag opgestaan uit die dood. Omdat Hy opgestaan het en leef, is daar hoop vir ons elkeen wat in Hom glo as Here en Verlosser. Ons leef nou as mense wat saam met Jesus gekruisig is, maar wat ook saam met Hom opgestaan het in 'n splinternuwe lewe. Jesus is ons Heer, ons Hoop, ons lewe. Ons buig voor Hom. Ons bely dat ons redding van Hom afkomstig is.

Omdat Jesus op 'n dag ja gesê het, bruis daar lewe tot 'n ewigheid anderkant die dood. Prys die Naam van die drie-enige Heer!

978-1-4316-1574-2_TOETS.indd 134 3/29/2016 10:23:37 AM

Bronnelys

Allison, D.C. 2005. *Resurrecting Jesus. The Earliest Christian Tradition and Its Interpreters.* T&T Clark.

Borg, M.J. & Crossan, J.D. 2007. *The Last Week*: *What the Gospels Really Teach About Jesus's Final Days in Jerusalem.* HarperOne.

Borg, M.J. 2011. *Meeting Jesus in Mark.* SPCK.

Crossan, J.D. 1996. *Who Killed Jesus? Exposing The Roots of Anti-Semitism in the Gospel Story of the Death of Jesus.* HarperOne.

Crossan, J.D. 2009. "The Historical Jesus. A Response", in Beilby, J.K. & Eddy, P.R. (reds.) *The Historical Jesus. Five views*, p. 288-292. IVP Academic.

Dalai Lama. 1998. *The Good Heart: A Buddhist Perspective on the Teachings of Jesus*. Wisdom Publications.

Donahue, J.R. & Harrington, D.J. 2002. *The Gospel of Mark.* Liturgical Press.

Dschulnigg, P. 2007. *Das Markusevangelium*. Kohlhammer.

Erre, M. 2006. *The Jesus of Suburbia.* Thomas Nelson.

Gandhi, M.K. 1959. *What Jesus Means to Me* (Saamgestel deur R.K. Prahbu). Navajivan Publishing House.

Garland, D.E. & Kostenberger, A.J. 2015. *A Theology of Mark's Gospel: Good News About Jesus the Messiah, the Son of God*. Zondervan.

Gnilka, J. 1978/1979. *Das Evangelium Nach Markus. 1/2. Teil.* Neukirchener Verlag.

Goff, B. 2012. *Love Does: Discover a Secretly Incredible Life in an Ordinary World.* Thomas Nelson.

Henderson, J. 2007. *Evangelism Without Additives. What If Sharing Your Faith Just Meant Being Yourself?* Waterbrook Press.

Hengel, M. 1977. *Crucifixion*. Fortress.
Joubert, S.J. & Maré, L. 2015. *Ontsluit die Bybel.* Christelike Uitgewersmaatskappy.
Karris, R.J. 1985. *Luke: Artist and Theologian.* Paulist Press.
Käsemann, E. 1977. *Jesus Means Freedom*. Fortress.
Keener, C.S. 2009. *The Historical Jesus of the Gospel*. Eerdmans.
Lencioni, P. 2010. *Death by Meeting: A Leadership Fable … About Solving the Most Painful Problem in Business.* John Wiley.
Lewis, C.S. 1952. *Mere Christianity.* Macmillan/Collier.
McKnight, S. 2004. *The Jesus Creed. Loving God, Loving Other.* Paraclete Press.
McKnight, S. 2005. *Jesus and His Death: Historiography, the Historical Jesus, and the Atonement Theory.* Baylor University Press.
Morrison, G.S. 2015. *The Turning Point in the Gospel of Mark: A Study in Markan Christology.* James Clarke & Co.
Petkov, K. 2003. *The Kiss of Peace: Ritual, Self, and Society in the High and Late Medieval West.* Brill.
Räisänen, H. 2000. *Messianic Secret In Mark's Gospel*. T&T Clark.
Rollins, P. 2006. *How (Not) to Speak of God*. Paraclete Press.
Sanders, E.P. 1985. *Jesus and Judaism.* Fortress.
Sweet, L. 2015. *From Tablet to Table. Where Community is Found and Identity is Formed*. NavPress.
Telford, W.R. 1999. *The Theology of the Gospel of Mark.* Cambridge University Press.
Twelftree, G.H. 1993. *Jesus the Exorcist. A Contribution to the Study of the Historical Jesus*. Mohr Siebeck.
Twelftree, G.H. 2007. *In the Name of Jesus: Exorcism Among Early Christians.* Baker Academic.
Vos, C. 2015. *Dáárom glo ek: 'n Uitnodiging tot 'n geloofsreis in 'n tyd van twyfel en onsekerheid.* Bybelkor.
Watson, D.F. 2010. *Honor Among Christians: The Cultural Key to the Messianic Secret.* Fortress.
Winn, A. 2008. *The Purpose of Mark's Gospel: An Early Christian Response to Roman Imperial Propaganda.* Mohr Siebeck.

Witherington, B. 2001. *The Gospel of Mark: A Socio-Rhetorical Commentary*. Eerdmans.

Wright, N.T. 2003. *The Resurrection of the Son of God.* Fortress.

Zugibe, F.T. 2005. *The Crucifixion of Jesus, Completely Revised and Expanded: A Forensic Inquiry.* M. Evans & Company.

978-1-4316-1574-2_TOETS.indd 138 3/29/2016 10:23:37 AM

Ook deur Stephan Joubert

Jou brein is 'n fassinerende orgaan wat lewenslank verander en groei. En asof dit nie genoeg is nie, het God ons brein só saamgestel dat dit inderwaarheid bedraad is vir godsdiens. Stephan Joubert wys in *Verander jou kop, verander jou lewe* hoe die unieke werking van jou brein jou kan help om te groei tot 'n dieper verhouding met God.

978-1-4316-1437-0

Perspektief op die Heilige Gees se 10 studies draai om temas rakende die werking van die Heilige Gees, soos: getuies van die Heilige Gees en die Gees maak regtig vry. Stephan Joubert wil jou herinner aan die hemelse hulp wat jy in jou moeilikste tye kan kry en jou aandag vestig op die wonders van die Gees.

978-1-4316-0595-8



In 365 dagstukke stap Stephan Joubert saam met die leser deur temas soos: Die lewende God is meer as genoeg, alles ter wille van ons groot God, kyk en leef God raak in die regte lewe en só lyk egte geloof. Hy herinner ons dat alles oor die Here gaan en dat die drie-enige God se eer voorop moet staan in álles wat ons doen. *God is genoeg* sal elke leser uitdaag om klein genoeg te wees sodat God se grootheid in en deur ons sigbaar kan word.

978-1-4316-1079-2
e-ISBN 9781431613519

Ons hoor graag wat jy dink van hierdie boek!
Stuur 'n e-pos na comments@christianart.co.za
of besoek ons by www.cumuitgewers.co.za,
soek hierdie boek en kliek op resensies.
Praat gerus ook saam op Facebook by ChristelikeBoekeSA.